

**BETROKKENHEID AS 'N BEPALER VAN HOUDING
JEENS LIGGAAMLIKE OPVOEDING**

ANNA REMERTHA VAN HEERDEN, HONS. BA, THOD

Verhandeling voorgelê vir die graad
Magister Artium
in Menslike Bewegingskunde
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. T.S.P. van der Walt

Johannesburg

1991

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering teenoor die volgende persone:

- my studieleier prof. T.S.P. van der Walt sonder wie se hulp, leiding en volgehoue motivering die werk nie tot stand sou gekom het nie;
- my ouers vir hulle bemoediging;
- my vriende Nick en Wilma Maritz vir hulle gewaardeerde vriendskap en hulp;
- Kobus en Petro de Klerk vir hulle gasvryheid en vriendskap;
- mev. Louisa van der Walt vir haar gasvryheid, geduld en vriendelikheid;
- die personeel van die Ferdinand Postma biblioteek vir hulle vriendelike hulp met die verskaffing van bronne;
- **Anmag Uitgewers** vir die tegniese versorging en finale afronding van die verhandeling;
- my gesin vir hulle ondersteuning, selfstandigheid en geduld. Ek dra hierdie verhandeling graag op aan Hänk, Gärdé en Anré.

INHOUD

Dankbetuiging	i
Lys van diagramme, figure, grafieke en tabelle	ix
Abstract	xxv

HOOFSTUK 1 : DIE PROBLEEM, DOEL EN BEGRIPSOMSKRYWING 1

1.1 INLEIDING	1
1.2 DIE PROBLEEM	12
1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING	13
1.4 DIE HIPOTESES	14
1.5 BEGRIPSOMSKRYWING	14
1.5.1 Houding	15
1.5.2 Mening :	15
1.5.3 Ingesteldheid	16
1.5.4 Houdingskaal	16
1.5.5 Betrokkenheid	16

HOOFSTUK 2 : HOUDING JEENS LIGGAAMLIKE OPVOEDING SOOS WEERSPIEËL IN DIE VAKONTWIKKELING DEUR DIE ONDERWYS-DEPARTEMENT 18

2.1 INLEIDING	18
2.2 DIE TYDPERK 1900 - 1932	18

2.3	DIE TYDPERK 1933 - 1938	20
2.4	DIE TYDPERK 1939 - 1944	21
2.5	DIE TYDPERK 1945 - 1955	23
2.6	DIE TYDPERK 1956-1966	25
2.7	DIE TYDPERK 1966 - 1977	28
2.8	VORDERING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN TRANSVAAL SEDERT 1978	31
2.9	SAMEVATTING	32
 HOOFSTUK 3 : HOUDINGSMETING		33
3.1	INLEIDING	33
3.2	HOUDING	33
3.2.1	Samevatting	38
3.3	HOUDINGSMETING - DIE DOEL	38
3.4	DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN HOUDINGSMETING	39
3.5	PROBLEME MET HOUDINGSMETING	39
3.6	SOORTE HOUDINGSMETINGSKALE	41
3.7	HOUDINGSMETING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING	41
3.7.1	Houdingsmetingskale in Liggaamlike Opvoeding	41
3.7.1.1	Taksonomie	43
3.7.2	Die konstruksie van verskillende houdingskale	45
3.7.3	Die semantiese differensiaal	48
3.7.3.1	Konstruksie van die semantiese differensiaalskaal	50

HOOFSTUK 4 : DIE INSAMELING EN VERWERKING VAN DIE GEGEWENS ..	52
4.1 INLEIDING	52
4.2 DIE TEIKENGROEPE	52
4.2.1 Lys van instansies wat gekontak is	53
4.3 DIE VRAELYS	54
4.3.1 Probleme met vraelyste	54
4.4 DIE ONTWERP EN STANDAARDISERING VAN DIE VRAELYS	56
4.4.1 Wenke	56
4.4.2 Reëls vir die samestelling van die vraelys	56
4.4.3 Besluite met betrekking tot die bewoording van die vrae	57
4.4.4 Besluite in verband met die manier van beantwoording van die vraag ..	57
4.4.5 Besluite oor die plek van die vraag in die volgorde van vrae	58
4.4.6 Reëls aangaande die uiterlike vorm van die vraelys	58
4.4.7 Aandag aan fyner besonderhede	58
4.4.8 Aanbevelings met betrekking tot prosedures met die versending van vraelyste per pos	59
4.4.8.1 Die meegaande brief	59
4.4.8.2 Die opvolgbrief	60
4.4.9 Die standaardisering van die vraelys	60
4.5 PROEFLEES	63
4.6 STATISTIESE VERWERKING	63
4.6.1 Frekwensies en persentasies	64
4.6.2 Tweerigting variansieontleding	65

HOOFSTUK 5 : DIE RESULTATE EN BESPREKING VAN DIE ONDERSOEK ... 68

5.1	INLEIDING	68
5.2	DIE STEEKPROEF	68
5.2.1	Die aantal proefpersone en die provinsies waarin hulle voorkom	68
5.2.2	Die geslag en ouderdom van proefpersone	69
5.2.3	Die opleiding en ervaring van die proefpersone	71
5.2.4	Die skoolsportdeelname van proefpersone in hulle finale skooljaar	76
5.3	DIE HOUDING VAN DIE PROEFPERSONE TEENOOR L.O.	77
5.3.1	Die menings van proefpersone oor L.O.-onderwysers in retrospek	79
5.3.1.1	Verhouding met mede-personeel	79
5.3.1.2	Hoe L.O.-onderwysers inskakel by die werkprogram in vergelyking met ander onderwysers	83
5.3.1.3	Kritiekhantering	85
5.3.1.4	Inneem van standpunt	88
5.3.1.5	Aanknoping by ouers	91
5.3.1.6	Bydrae tot die gemeenskap	94
5.3.1.7	Skoolambassadeurskap	97
5.3.1.8	Kundigheid op eie vakgebied	100
5.3.2	Die houding van proefpersone teenoor die L.O.-onderwyser	103
5.3.2.1	L.O.-onderwysers: slordig of netjies	103
5.3.2.2	L.O.-onderwysers: toegewyd of nie-toegewyd	107
5.3.2.3	L.O.-onderwysers: lui of fluks	110
5.3.2.4	L.O.-onderwysers: onaangenaam of aangenaam	112

5.3.2.5	L.O.-onderwysers: onbetroubaar of betroubaar	115
5.3.2.6	L.O.-onderwysers: slim of dom	118
5.3.3	Die mening van proefpersone oor L.O. as langtermynberoep	121
5.3.4	Liggaamlike Opvoeding as universiteitstoelatingsvak	124
5.3.5	L.O. en ander vakke ten opsigte van opleiding op tersiêre vlak gelykstaande	130
5.3.6	Die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding in volgorde van belangrikheid volgens die menings van proefpersone	132
5.3.6.1	Sosialisering	132
5.3.6.2	Fiksheid	136
5.3.6.3	Kreatiwiteit	138
5.3.6.4	Emosionele ontlading	141
5.3.6.5	Motoriese vaardighede	144
5.3.6.6	Kennis en insig	147
5.3.6.7	Opsomming	150
5.3.7	Die menings van proefpersone oor die doelstellings van L.O.	152
5.3.7.1	Die doelstellings van L.O.: vaag of duidelik	153
5.3.7.2	Die doelstellings van L.O.: verkeerd of korrek	156
5.3.7.3	Die doelstellings van L.O.: oppervlakkig of diepsinnig	159
5.3.7.4	Die doelstellings van L.O.: goed of sleg	161
5.3.7.5	Die doelstellings van L.O.: belangrik of onbelangrik	164
5.3.7.6	Die doelstellings van L.O.: bereikbaar of onbereikbaar	167
5.3.7.7	Die doelstellings van L.O.: idealisties of prakties	170

5.3.7.8	Die doelstellings van L.O.: bevredigend of onbevredigend ..	173
5.3.7.9	Die doelstellings van L.O.: sinvol of sinloos	176
5.3.8	Die menings van proefpersone rakende die L.O.-sillabus	179
5.3.8.1	Die L.O.-sillabus: swak of goed	179
5.3.8.2	Die L.O.-sillabus: waardeloos of waardevol	183
5.3.8.3	Die L.O.-sillabus: treurig of wonderlik	185
5.3.8.4	Die L.O.-sillabus: onsuksesvol of suksesvol	188
5.3.8.5	Die L.O.-sillabus: sistematies of onsistematies	191
5.3.8.6	Die L.O.-sillabus: idealisties of prakties	194
5.3.8.7	Die L.O.-sillabus: onmoontlik of moontlik	197
5.3.8.8	Die L.O.-sillabus: onbevredigend of bevredigend	200
5.3.9	Die mening van proefpersone aangaande die bydrae wat L.O. gemaak het tot hulle fisieke gereedheid vir die weermag	203
5.3.10	Die noodsaaklikheid van evaluering in L.O.	206
5.3.11	Die menings van proefpersone rakende die waarde van oefening	209
5.3.12	Die menings van proefpersone jeens L.O.	212
5.3.12.1	L.O.: onaangenaam of aangenaam	213
5.3.12.2	L.O.: onsistematies of sistematies	215
5.3.12.3	L.O.: swak of goed	218
5.3.12.4	L.O.: nutteloos of waardevol	221
5.3.12.5	L.O.: belangrik of onbelangrik	224
5.3.12.6	L.O.: gevaarlik of nie gevaarlik	227
5.3.12.7	L.O.: vervelig of opwindend	230

5.4	SAMEVATTING	233
5.4.1	'n Oorsig oor die vrae	234
5.4.2	Betrokkenheid as verdeler	238
5.4.3	Ouderdom as verdeler	240
 HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING, BEVINDINGE EN VERDERE NAVORSING ..		242
6.1	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	242
6.2	METODE VAN ONDERSOEK	242
6.3	BEVINDINGS	244
6.4	VERDERE NAVORSING	249
 BYLAE : Die vraelys		251
 BIBLIOGRAFIE		266

LYS VAN DIAGRAMME, FIGURE, GRAFIEKE & TABELLE

DIAGRAM 3.1

'n Skematiese voorstelling van die gebeureverloop by houdingsvorming 42

FIGUUR 3.1

Die taksonomie vir die affektiewe veld 44

GRAFIEK A

Die mening van die proefpersone oor die liggaamlike opvoeding-onderwyser se verhouding met medepersoneel 67

GRAFIEK 5.1

Die ouderdom van die proefpersone 71

GRAFIEK 5.2

Interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone rakende die netheid van L.O.-onderwysers 106

GRAFIEK 5.3

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van sosialisering 135

GRAFIEK 5.4

Die interaksie tussen die betrokkenheids- en ouderdomsgroepe ten opsigte van die doelstellings van L.O.: vaag of duidelik 155

GRAFIEK 5.5

Die interaksie tussen die betrokkenheids- en ouderdomsgroepe ten opsigte van die korrektheid van die doelstellings van L.O. 158

GRAFIEK 5.6

Interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe met betrekking tot die L.O.-sillabus: goed of swak 182

GRAFIEK 5.7

Opsomming van die drie-keusevrae 235

GRAFIEK 5.8

Samevatting van die response op die semantiese differensiaalskaal 235

TABEL 1.1	
Die verskillende groepe volwassenes	13
TABEL 3.1	
Die semantiese differensiaal (L.O.-klas)	49
TABEL X	
Die mening van betrokke en nie-betrokke proefpersone oor die verhouding van liggaamlike opvoeding-onderwysers met medepersoneel	64
TABEL Y	
Die mening van ouer en jonger proefpersone oor die verhouding van liggaamlike opvoeding-onderwysers met medepersoneel	65
TABEL Z	66
TABEL 5.1	
Aantal en herkoms van proefpersone	69
TABEL 5.2	
Die geslag van proefpersone	70
TABEL 5.3	
Onderwyservaring van proefpersone	72
TABEL 5.4	
Die akademiese kwalifikasies van proefpersone	73
TABEL 5.5	
Die soort opleiding van proefpersone in L.O.	74
TABEL 5.6	
Die hoogste kategorie van opleiding in L.O. van proefpersone	75
TABEL 5.7	
Watter proefpersone tans L.O. op skool doseer	76
TABEL 5.8	
Sportdeelname van proefpersone in laaste skooljaar	77
TABEL 5.9	
Die mening van betrokke en nie-betrokke proefpersone oor die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers	80
TABEL 5.10	
Die mening van ouer en jonger proefpersone oor die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers	81

TABEL 5.11

Die hoofeffekte van en interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom van proefpersone ten opsigte van hulle mening oor L.O.-onderwysers se verhouding met ander onderwysers 82

TABEL 5.12

Die mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone oor die mate waarin L.O.-onderwysers inskakel by die skool se werkprogram 83

TABEL 5.13

Die mening van die ouer en jonger proefpersone oor die mate waarin L.O.-onderwysers inskakel by die skool se werkprogram 84

TABEL 5.14

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die vermoë van L.O.-onderwysers om in te skakel by die werkprogram in vergelyking met ander onderwysers 85

TABEL 5.15

Die hantering van kritiek deur L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 86

TABEL 5.16

Die kritiekhantering van L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 87

TABEL 5.17

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O.-onderwysers se vermoë om kritiek te hanteer 88

TABEL 5.18

L.O.-onderwysers se vermoë in vergelyking met dié van ander onderwysers om standpunt in te neem soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 89

TABEL 5.19

L.O.-onderwysers se vermoë in vergelyking met dié van ander onderwysers om standpunt in te neem soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 90

TABEL 5.20

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O.-onderwysers se vermoë om standpunt in te neem 91

TABEL 5.21

L.O.-onderwysers se vermoë in vergelyking met dié van ander onderwysers om aanknoping met ouers te vind soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 92

TABEL 5.22

L.O.-onderwysers se vermoë in vergelyking met dié van ander onderwysers om aanknoping met ouers te vind soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 93

TABEL 5.23

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die vermoë van L.O.-onderwysers om aanknoping by ouers te vind 94

TABEL 5.24

Die bydrae wat L.O.-onderwysers tot die gemeenskap maak in vergelyking met dié van ander onderwysers soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 95

TABEL 5.25

Die bydrae wat L.O.-onderwysers tot die gemeenskap maak in vergelyking met dié van ander onderwysers soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 96

TABEL 5.26

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die bydrae wat L.O.-onderwysers tot die gemeenskap maak 97

TABEL 5.27

Die skoolambassadeurskap van L.O.-onderwysers teenoor dié van ander onderwysers soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 98

TABEL 5.28

Die skoolambassadeurskap van L.O.-onderwysers teenoor dié van ander onderwysers soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 99

TABEL 5.29

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die skoolambassadeurskap van L.O.-onderwysers 100

TABEL 5.30

L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers ten opsigte van kundigheid op eie vakgebied soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone 101

TABEL 5.31

L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers ten opsigte van kundigheid op eie vakgebied soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom 102

TABEL 5.32	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die kundigheid van L.O.-onderwysers	103
TABEL 5.33	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-onderwyser se slordigheid of netheid	104
TABEL 5.34	
Die mening van volwassenes buite skoolverband en wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-onderwyser se slordigheid of netheid	105
TABEL 5.35	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone oor die netheid of slordigheid van L.O.-onderwysers	106
TABEL 5.36	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-onderwyser se toegewydheid	107
TABEL 5.37	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat ook verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-onderwyser se toegewydheid	108
TABEL 5.38	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone oor die toegewydheid van L.O.-onderwysers	109
TABEL 5.39	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-onderwysers op skool se fluksheid of luiheid ...	110
TABEL 5.40	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat in ouderdom verskil ten opsigte van die L.O.-onderwyser se fluksheid of luiheid	111
TABEL 5.41	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone oor die fluksheid of luiheid van L.O.-onderwysers	112
TABEL 5.42	
Die menings van persone buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-onderwyser se aangename of onaangename houding	113

TABEL 5.43

Die menings van volwassenes buite skoolverband wat verskil in ouderdom aangaande die L.O.-onderwyser se houding: aangenaam of onaangenaam 114

TABEL 5.44

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone oor die aangename of onaangename houding van die L.O.-onderwyser 115

TABEL 5.45

Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is rakende die L.O.-onderwysers se betroubaarheid of onbetroubaarheid .. 116

TABEL 5.46

Die menings van persone buite skoolverband en wat in ouderdom verskil rakende die L.O.-onderwyser se betroubaarheid of onbetroubaarheid 117

TABEL 5.47

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom met betrekking tot die menings van proefpersone rakende die betroubaarheid of onbetroubaarheid van L.O.-onderwysers 118

TABEL 5.48

Die menings van persone buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke is by L.O. rakende die intelligensie van die L.O.-onderwyser 119

TABEL 5.49

Die menings van persone buite skoolverband en wat verskil in ouderdom rakende die intelligensie van die L.O.-onderwyser 120

TABEL 5.50

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom met betrekking tot die menings van proefpersone rakende die intelligensie van L.O.-onderwysers 121

TABEL 5.51

Meen persone betrokke by L.O. dat iemand wat reeds tien jaar L.O. doseer nog L.O. sal wil doseer 122

TABEL 5.52

Meen persone wat verskil in ouderdom dat iemand na tien jaar nog L.O. sou wou doseer 123

TABEL 5.53

Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom met betrekking tot die menings van proefpersone oor L.O. as 'n langtermynberoep 124

TABEL 5.54	
L.O. as universiteitstoelatingsvak soos beoordeel deur persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	125
TABEL 5.55	
L.O. as universiteitstoelatingsvak soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom	126
TABEL 5.56	
Die mening van proefpersone aangaande L.O. as universiteitstoelatingsvak in vergelyking met ander vakke soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom en wat óf betrokke óf nie-betrokke by L.O. is	128
TABEL 5.57	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom met betrekking tot die menings van proefpersone oor L.O. as 'n moontlike universiteitstoelatingsvak	129
TABEL 5.58	
L.O. tersiër gelykstaande aan ander vakke soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone	130
TABEL 5.59	
L.O. tersiër gelykstaande aan ander vakke soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom	131
TABEL 5.60	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die menings van proefpersone oor L.O. op tersiêre vlak gelykstaande aan ander tersiêre vakke	132
TABEL 5.61	
Die belangrikheid van sosialisering in die L.O.-program soos beoordeel deur betrokke en nie-betrokke persone	133
TABEL 5.62	
Die belangrikheid van sosialisering in die L.O.-program soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom	134
TABEL 5.63	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van sosialisering as 'n doelstelling van L.O.	135
TABEL 5.64	
Die belangrikheid van fiksheid in die L.O.-program soos beoordeel deur persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	136

TABEL 5.65	
Die belangrikheid van fiksheid in die L.O.-program soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom	137
TABEL 5.66	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van fiksheid as 'n doelstelling van L.O.	138
TABEL 5.67	
Die belangrikheid van kreatiwiteit in die L.O.-program vir persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	139
TABEL 5.68	
Die belangrikheid van kreatiwiteit in die L.O.-program vir persone van verskillende ouderdomme	140
TABEL 5.69	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van kreatiwiteit as 'n doelstelling van L.O.	141
TABEL 5.70	
Die belangrikheid van emosionele ontlading as 'n doelstelling van L.O. vir persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	142
TABEL 5.71	
Die belangrikheid van emosionele ontlading as 'n doelstelling van L.O. vir persone van verskillende ouderdomme	143
TABEL 5.72	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van emosionele ontlading as 'n doelstelling van L.O.	144
TABEL 5.73	
Die belangrikheid van motoriese vaardighede as 'n doelstelling van L.O. vir persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	145
TABEL 5.74	
Die belangrikheid van motoriese vaardighede as 'n doelstelling van L.O. vir persone van verskillende ouderdomme	146
TABEL 5.75	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van motoriese vaardighede as 'n doelstelling van L.O.	147

TABEL 5.76	
Die belangrikheid van kennis en insig as 'n doelstelling van L.O. op skool vir persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	148
TABEL 5.77	
Die belangrikheid van kennis en insig as doelstelling van L.O. op skool vir persone van verskillende ouderdomme	149
TABEL 5.78	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die belangrikheid van kennis en insig as 'n doelstelling van L.O.	150
TABEL 5.79	
Die doelstellings van L.O. in volgorde van belangrikheid soos beoordeel deur persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	151
TABEL 5.80	
Opsomming van gegewens rakende die doelstellings van L.O. in volgorde van belangrikheid soos beoordeel deur persone wat verskil in ouderdom	152
TABEL 5.81	
Die doelstellings van L.O.: vaag of duidelik vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	153
TABEL 5.82	
Doelstellings van L.O.: vaag of duidelik vir jonger en ouer persone	154
TABEL 5.83	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: vaag of duidelik	155
TABEL 5.84	
Die doelstellings van L.O.: verkeerd of korrek vir persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O.	156
TABEL 5.85	
Die doelstellings van L.O.: verkeerd of korrek vir jonger en ouer persone	157
TABEL 5.86	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die korrektheid van die doelstellings van L.O.	158
TABEL 5.87	
Die doelstellings van L.O.: oppervlakkig of diepsinnig vir persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O.	159

TABEL 5.88	
Die doelstellings van L.O.: oppervlakkig of diepsinnig vir ouer en jonger persone	160
TABEL 5.89	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: oppervlakkig of diepsinnig	161
TABEL 5.90	
Die doelstellings van L.O.: sleg of goed vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	162
TABEL 5.91	
Die doelstellings van L.O.: sleg of goed vir ouer en jonger persone	163
TABEL 5.92	
Die interaksie tussen ouderdom en betrokkenheid ten opsigte van die doelstellings van L.O.: goed of sleg	164
TABEL 5.93	
Die doelstellings van L.O.: onbelangrik of belangrik vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	165
TABEL 5.94	
Die doelstellings van L.O.: onbelangrik of belangrik vir ouer en jonger persone ...	166
TABEL 5.95	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: belangrik of onbelangrik	167
TABEL 5.96	
Die doelstellings van L.O.: onbereikbaar of bereikbaar vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	168
TABEL 5.97	
Die doelstellings van L.O.: Onbereikbaar of bereikbaar vir ouer en jong persone ..	169
TABEL 5.98	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: bereikbaar of onbereikbaar	170
TABEL 5.99	
Die doelstellings van L.O.: idealisties of prakties vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	171

TABEL 5.100	
Die doelstellings van L.O.: idealisties of prakties vir ouer en jonger volwassenes ...	172
TABEL 5.101	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: prakties of idealisties	173
TABEL 5.102	
Die doelstellings van L.O.: onbevredigend of bevredigend vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	174
TABEL 5.103	
Die doelstellings van L.O.: onbevredigend of bevredigend vir jonger en ouer volwassenes	175
TABEL 5.104	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: onbevredigend of bevredigend	176
TABEL 5.105	
Die doelstellings van L.O.: sinvol of sinloos vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	177
TABEL 5.106	
Die doelstellings van L.O.: sinloos of sinvol vir jonger en ouer volwassenes	178
TABEL 5.107	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die doelstellings van L.O.: sinloos of sinvol	179
TABEL 5.108	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat òf betrokke òf nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: swak of goed ...	180
TABEL 5.109	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: swak of goed	181
TABEL 5.110	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: goed of swak	182
TABEL 5.111	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: waardeloos of waardevol	183

TABEL 5.112	
Die menings van persone buite skoolverband wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: waardevol of waardeloos	184
TABEL 5.113	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: waardevol of waardeloos	185
TABEL 5.114	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: treurig of wonderlik	186
TABEL 5.115	
Die menings van volwassenes buite skoolverband en wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: treurig of wonderlik	187
TABEL 5.116	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: wonderlik of treurig	188
TABEL 5.117	
Die menings van persone buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onsuksesvol of suksesvol	189
TABEL 5.118	
Menings ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onsuksesvol of suksesvol, van persone buite skoolverband en verskillend in ouderdom	190
TABEL 5.119	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: suksesvol of onsuksesvol	191
TABEL 5.120	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke is by L.O. ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onsistematies of sistematies ..	192
TABEL 5.121	
Die menings van persone buite skoolverband en wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onsistematies of sistematies	193
TABEL 5.122	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: sistematies of onsistematies	194

TABEL 5.123	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat òf betrokke òf nie-betrokke is by L.O. ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: idealisties of prakties	195
TABEL 5.124	
Die menings van volwassenes buite skoolverband en wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: idealisties of prakties	196
TABEL 5.125	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: idealisties of prakties	197
TABEL 5.126	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke is by L.O. ten opsigte van die afhandeling van die L.O.-sillabus: onmoontlik of moontlik	198
TABEL 5.127	
Die menings van volwassenes buite skoolverband wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onmoontlik of moontlik om af te handel	199
TABEL 5.128	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: moontlik of onmoontlik	200
TABEL 5.129	
Die menings van volwassenes buite skoolverband en wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onbevredigend of bevredigend	201
TABEL 5.130	
Die menings van volwassenes wat verskil in ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus op skool: onbevredigend of bevredigend	202
TABEL 5.131	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die L.O.-sillabus: bevredigend of onbevredigend	203
TABEL 5.132	
Die bydrae van L.O. tot die gereedmaking van jongmense vir militêre diensplig: groot of klein, soos beoordeel deur persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	204

TABEL 5.133	
Die bydrae van L.O. tot die gereedmaking van jongmense vir militêre diensplig: groot of klein, soos beoordeel deur persone wat in ouderdom verskil	205
TABEL 5.134	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die bydrae van L.O. tot fisieke gereedheid vir die weermag	206
TABEL 5.135	
Die noodsaaklikheid van evaluering van leerlinge se vordering in L.O. op skool soos beoordeel deur persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	207
TABEL 5.136	
Die menings van persone buite skoolverband en van verskillende ouderdomme aangaande die noodsaaklikheid van evaluering van leerlinge se vordering in L.O. ..	208
TABEL 5.137	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die evaluering van leerlinge in L.O.	209
TABEL 5.138	
Die ingesteldheid van proefpersone betrokke en nie-betrokke by L.O. jeens die waarde van oefening of fisieke aktiwiteit	210
TABEL 5.139	
Die ingesteldheid van ouer en jonger proefpersone jeens fisieke oefening of aktiwiteit	211
TABEL 5.140	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die waarde van oefening of fisieke aktiwiteit	212
TABEL 5.141	
Die ervaring met L.O. op skool van proefpersone betrokke of nie-betrokke by L.O.: aangenaam of onaangenaam	213
TABEL 5.142	
Die ervaring met L.O. op skool van jong en ouer volwassenes met L.O.: aangenaam of onaangenaam	214
TABEL 5.143	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die houding van proefpersone teenoor L.O. as skoolvak: aangenaam of onaangenaam	215

TABEL 5.144	
L.O.: onsistematies of sistematies volgens persone betrokke en nie-betrokke by L.O. op skool	216
TABEL 5.145	
L.O.: onsistematies of sistematies volgens persone wat verskil in ouderdom	217
TABEL 5.146	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O. as skoolvak: sistematies of onsistematies	218
TABEL 5.147	
Die menings van persone betrokke of nie-betrokke by L.O. jeens L.O. op skool: goed of swak	219
TABEL 5.148	
Die menings van persone van verskillende ouderdomme met betrekking tot L.O. as skoolvak: goed of swak	220
TABEL 5.149	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O. as skoolvak: swak of goed	221
TABEL 5.150	
Die menings van persone betrokke of nie-betrokke by L.O. ten opsigte van L.O.: nutteloos of waardevol	222
TABEL 5.151	
L.O.: nutteloos of waardevol vir persone van verskillende ouderdomme	223
TABEL 5.152	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van die nut van L.O. as skoolvak: waardevol of nutteloos	224
TABEL 5.153	
L.O.: belangrik of onbelangrik vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	225
TABEL 5.154	
L.O.: onbelangrik of belangrik vir persone van verskillende ouderdomme	226
TABEL 5.155	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O. as skoolvak: belangrik of onbelangrik	227
TABEL 5.156	
L.O.: gevaarlik of nie gevaarlik vir persone betrokke of nie-betrokke by L.O.	228

TABEL 5.157	
L.O.: gevaarlik of nie gevaarlik vir persone van verskillende ouderdomme	229
TABEL 5.158	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O. as skoolvak: gevaarlik of of nie-gevaarlik	230
TABEL 5.159	
L.O.: vervelig of opwindend vir persone betrokke en nie-betrokke by L.O.	231
TABEL 5.160	
L.O.: vervelig of opwindend vir persone van verskillende ouderdomme	232
TABEL 5.161	
Die interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom ten opsigte van L.O.: vervelig of opwindend	233
TABEL 5.162	
Ordering van die doelstellings van L.O.	237

ABSTRACT

INVOLVEMENT AS A DETERMINING FACTOR REGARDING ATTITUDES TOWARDS PHYSICAL EDUCATION

This study was conducted to determine people's attitude towards Physical Education in schools. Different opinions regarding Physical Education were surveyed, using the following control groups: people involved and not involved in Physical Education; older and younger people. Interaction between the four groups was observed.

A questionnaire applicable to national service men, students, Physical Education students, Physical Education lecturers, Biokinetics trainees and people not at all involved in Physical Education or training was compiled. Of the 1 800 questionnaires distributed 691 were returned. The attitudes of respondents were predominantly positive.

The knowledgeability of Physical Education teachers received the highest positive response but their liaison with parents and their diligence evoked the least positive response.

All the respondents nominated fitness as the most important aim of Physical Education. Knowledge and insight were also very highly assessed, while clarity and profundity evoked less favourable reaction. It seems that too little scientific background is provided for the practical activities in Physical Education. When accidentally mentioned during explanations of practical activities, the scientific theories are seldom evaluated or tested, which results in pupils believing that the scientific knowledge behind practical activities is unnecessary.

Information in the Physical Education syllabus strengthens the idea that respondents believe that there are shortcomings in the content of the subject because the syllabus was voted achievable but not wonderful (perfect, exciting or all inclusive).

The response on questions dealing with attitudes towards Physical Education was, with the exception of one control person, always more positive from people involved in Physical Education and in fifty per cent of the questions the differences were significant.

On the question whether physical activity was important, the response from respondents not involved in Physical Education was more positive than the response from

respondents involved in Physical Education. This phenomenon gives credence to the statement that people's actions often do not correlate with their attitudes.

Based on the above, one can assume that a person with a positive attitude would not necessarily act in the best interest (positively) of Physical Education, which would, if this could be said of people in key positions in Physical Education, be a reason for the existing desperate situation of Physical Education in schools.

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEM, DOEL EN BEGRIPSOMSKRYWING

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Na jarelange stryd, is Liggaamlike Opvoeding nagenoeg 50 jaar gelede as verpligte skoolvak in Transvaal ingestel na 'n omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD, 1939b:2).

Vanaf die insluiting van Liggaamlike Opvoeding in die Transvaalse skoolleerplan, het akademië en betrokkenes die stryd voortgesit om Liggaamlike Opvoeding ten opsigte van leerinhoud, personeelvoorsiening en -opleiding en die voorsiening van fasiliteite en toerusting tot 'n volwaardige vak te ontwikkel.

Alhoewel daar sielkundige, terapeutiese, wetenskaplike en wysgerige fundering vir Liggaamlike Opvoeding bestaan (PU vir CHO, 1988:273), vind niks daarvan vergestaltung in 'n teoretiese komponent saam met die "liggaamlik-praktiese" komponent wat Liggaamlike Opvoeding op skool kenmerk nie (TOD, 1987:68). Vir die doel van hierdie studie word slegs oor die situasie in Transvaal gerapporteer.

Die nie-kognitiewe beeld van die vak, die feit dat geen formele evaluasie in die vak verpligtend is nie en die feit dat die vak nie direk met finansiële gewin geassosieer kan word nie, veroorsaak dat die dilemma van Liggaamlike Opvoeding soms groter is as dié van ander praktiese nie-eksamenvakke op skool (Goslin, 1979:2). Alhoewel Liggaamlike Opvoeding in direkte verband staan met die liggaamlike weerbaarheid van elke seun, dogter, man en vrou, wil dit tans voorkom asof Liggaamlike Opvoeding nie eens in die praktiese komponent tot sy reg kom op skool nie (Gordon *et al.*, 1986:494). Op skool word alles gedoen om aan leerlinge die nodige vakkennis en kundigheid oor te dra om 'n sukses van hulle lewens te maak, maar hulle word nie geleer hoe om die stres wat sukses meebring te verwerk nie. Suid Afrika is die ekonomies voorspoedigste land in Afrika, maar ook die land met die hoogste hartaanval- en egskeidingsyfer in Afrika (Barnard, 1971:8).

Meer as 30 persent van die soldate wat die landsgrense teen 'n toenemende terrorismedgevaar beskerm en beserings opdoen, beland in militêre hospitale as gevolg van beserings te wyte aan onfiksheid (Gordon *et al.*, 1986:495).

In hierdie ondersoek word die mening nagegaan van kundiges met betrekking tot die mate waarin die houding van individue jeens Liggaamlike Opvoeding beïnvloed word. Die houding van individue jeens Liggaamlike Opvoeding kan onder andere beïnvloed word deur:

- die wyse van aanbieding en die evaluering in die vak;
- die mate en hoedanigheid van betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding;
- die teenswoordige spanningsvolle lewenswyse en belangrikheid van tegnologiese prestasie;
- die ondervinding wat individue oor die jare in Liggaamlike Opvoedingsklasse met Liggaamlike Opvoeding opgedoen het; en
- die ouderdom van individue, vanaf die jong volwasse stadium tot die senior volwasse stadium.

Liggaamlike Opvoeding is een van die skoolvakke wat tradisioneel 'n nie-eksamenvak is (Baumgartner & Jackson, 1975:250). Daar kan geredeneer word dat Liggaamlike Opvoeding op grond hiervan geringer geag word as ander skoolvakke. So 'n houding is verstaanbaar in die lig van die dualistiese "liggaam-siel" mensbeskouing wat vanaf die Ou Grieke tot die moderne tyd in die denke van die Westerse mens gewortel is (Van der Stoep 1975:8). Die huldiging van hierdie siening strek vanaf die Griekse filosoof Plato, wat die liggaam as kerker van die siel gestel het (Duvenage 1971:104), tot die moderne tyd waar die belangrikheid van die liggaamlikheid van die mens op die agtergrond geskuif word en die tegnologie en al sy vertakkings, dus die intellektuele prestasie van die mens, grootliks voorrang geniet (Van der Stoep 1975:8).

Alhoewel Liggaamlike Opvoeding reeds in 1939 as verpligte skoolvak ingestel is, bestaan daar steeds meningsverskil oor die wenslikheid van Liggaamlike Opvoeding in die skoolprogram en word beweer dat die tyd aan Liggaamlike Opvoeding afgestaan 'n vermorsing word, aangesien die buitemuurse program voorsiening moet maak vir die nodige oefening (Goslin 1979:1). Die afleiding kan ook gemaak word dat daar deur diegene met 'n dualistiese mensbeskouing die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding as vak op skool ingeneem kan word dat die vak minderwaardig is, omdat dit tans op 'n minder kognitiewe wyse op skool aangebied word. 'n Ontleding van die konsepleerplan vir Liggaamlike Opvoeding van Coetzee (1978:152) toon dat Liggaamlike Opvoeding op 'n hoë intellek-

tuele vlak op skool aangebied kán word, dus nie net bloot “liggaamlik doen” hoef te wees wat die inhoudelike betref nie, kán korreleer met ander skoolvakke en daarom kán dit op kognitiewe gebied ’n waardevolle opvoedkundige bydrae lewer. Voorts kan deur diegene wat nie by die vak betrokke is nie geredeneer word dat Liggaamlike Opvoeding as minderwaardig beskou kan word omdat dit nie ’n eksamenvak is nie. Dié “nie- betrokkenes” is nie bewus van die wye wetenskaplike agtergronde van die vak nie, omdat die wetenskaplike agtergrond nie gestalte vind in ’n teoretiese komponent vir die liggaamlik-praktiese inhoud van die vak soos dit tans op skool aangebied word nie.

Voorts kan gesê word dat, indien Liggaamlike Opvoeding op skool soos die ander skoolvakke hanteer wil word, formeel gemeet en geëvalueer sal moet word in Liggaamlike Opvoeding. Volgens Van der Walt (1980:24) word in elkeen van ’n groot aantal geskrewe bronne, wat oor meting en evaluering in die opvoedkunde handel, ’n uitspraak gemaak oor die plek van meting en evaluering in die opvoedkunde. Dyer (1968:27) is die mening toegedaan dat evaluering ’n integrale deel van die opvoedingsgebeure uitmaak en sê dat opvoeding sonder die regte meting op die regte manier toegepas, soos ’n skip is wat sonder ’n roer op onbekende waters drywende op pad is na nêrens.

Deur meting en evaluering word volgens Dyer (1968:27) ’n definitiewe rigting aan die opvoeding verleen. Daar kan dus volgens Dyer (1968:27) op die einddoel gefokus word. Daar kan geredeneer word dat dit sonder formele meting en evaluering moeilik sal wees om te bewys of vas te stel in watter mate die doelstellings van ’n vak bereik word. Die vraag ontstaan of die feit, dat Liggaamlike Opvoeding op skool mank gaan aan verpligte, formele, voorgeskrewe evaluering nie die “historiese” standpunt dat Liggaamlike Opvoeding op skool opvoedkundig minderwaardig en onbelangrik is, versterk nie.

In aansluiting by die vorige, kan verder geredeneer word dat betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding ’n rol behoort te speel by die houding van individue jeens die vak. Volwassenes verskil ten opsigte van die mate waarin hulle betrokke is by Liggaamlike Opvoeding in die verskillende fasette van die vakgebied. Daar is diegene wat Liggaamlike Opvoeding onderrig op skool, of die vak bestudeer of doseer aan onderwyskolleges, of diegene wat die wetenskap bestudeer of doseer aan universiteite, of diegene wat gewoon gereeld aan ’n oefenprogram deelneem, of diegene wat om fisiek-rehabiliterende redes aan ’n oefenprogram onderworpe is. In teenstelling met die vorige groepe is daar diegene wat met sport of oefening, die vak of die wetenskap, niks te make het nie.

Wat die houding van volwassenes is, is onbekend alhoewel daarvoor geteoretiseer kan word. Met hierdie studie wil ondersoek ingestel word na die houding van volwassenes buite skoolverband jeens Liggaamlike Opvoeding as vak op skool.

Voorts wil gepoog word om vas te stel in watter mate betrokkenheid by 'n saak, in hierdie geval Liggaamlike Opvoeding op skool of enige aanverwante faset van die vakgebied, die houding van individue buite skoolverband jeens Liggaamlike Opvoeding op skool beïnvloed.

Alhoewel baie tyd, geld en studie oor vyf dekades heen ingeploeg is om die vak tot sy reg te laat kom (Coetzee, 1978:29) neem Liggaamlike Opvoeding steeds 'n onbelangrike plek in die skoolkurrikulum in. Daar word met hierdie studie ondersoek ingestel na die invloed van ouderdom op die houding van volwasse persone. Na analogie van die resultate kan afleidinge gemaak word ten opsigte van die houding van persone in besluitnemende posisies met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding. Hierdie afleidinge kan moontlike redes verskaf vir die gebrek aan betekenisvolle verbetering in die bedeling vir Liggaamlike Opvoeding as skoolvak ten opsigte van tydtoekenning en status.

'n Verdere rede vir hierdie ondersoek is om 'n begrip te verkry van die mate waartoe die tyd, geld en studie wat in hierdie vak belê is, deurgevoer is tot in die Liggaamlike Opvoedingsklasse. Hoe Liggaamlike Opvoeding dus deur leerlinge oor die jare heen ondervind is ten spyte van, of as gevolg van die vakontwikkeling. Dus, het die Liggaamlike Opvoedingslesse deur die jare tred gehou met die ontwikkeling van die vak in sy geheel?

Elms (1976:48) voer aan dat, alhoewel die definisies van houding dikwels beweer dat enige houding 'n gedragskomponent het, of aanleiding gee tot sekere gedragspatrone, stel geen wyd aanvaarde definisie dat 'n spesifieke houding noodwendig spesifieke gedrag tot gevolg het nie. Volgens Elms (1976:48) word dit as vanselfsprekend aanvaar dat wetenskaplikes weet dat 'n enkele houdingsinvloed altyd deur ander invloede gemodifiseer of verflou word.

Wicker (1969:41) noem verskeie faktore wat die houding/gedragsverhouding kan beïnvloed, soos waardes, kompetisie, motiewe en sosiale norme.

Sosiale norme volgens Wicker (1969:42), kan slegs 'n invloed hê as die individu die bestaan daarvan erken; dit is wat hy glo andere voel omtrent die houdingsobjek en wat andere as die korrekte gedragspatroon daarteenoor sien.

Elms (1976:52) sluit by die voorafgaande aan en beweer dat die argument, dat houding 'n swak voorspeller van gedrag is, omgekeer kan word en dat daar geredeneer kan word dat

gedrag min van belang met betrekking tot 'n persoon se houding oordra, dat gedrag eerder inligting verskaf oor 'n persoon se persepsie van sosiale norme, dryfvere, omgewing, beperkings en ander invloede op uiterlike gedragspatrone.

Daarom beweer Elms (1976:52) dit is verkieslik om inligting in verband met 'n persoon se houding in te win deur die persoon te vra wat sy houding is eerder as om op sy gedrag te let.

Kiesler (1971:10) stel bykomend by die voorafgaande stelling dat nie alle gedrag deur houding bepaal word nie. Kiesler beweer dat 'n individu nie noodwendig dienooreenkomstig sy houding reageer nie en dat dit 'n algemene verskynsel is dat mense nie volgens hulle houding optree nie.

Kiesler (1971:11) voer die onderstaande redes aan vir die afwesigheid van optrede of die teenstrydigheid tussen optrede en houding:

- Dit is nie altyd vir die individu moontlik om seker te wees dat sy houding reg is nie. 'n Persoon kan verkeerd wees en verspot voorkom vir homself en andere deur ooreenkomstig 'n onaanvaarbare houding op te tree.
- Gedrag is waarneembaar terwyl houding onopmerklik kan bly. Gedrag kan 'n persoon blootstel aan kritiek.
- Die gedragspatroon lewer moontlik nie 'n positiewe bydrae tot 'n betrokke saak nie - 'n mors van tyd en energie dus, wat 'n persoon dwaas kan laat voorkom soos 'n moderne Don Quixote.
- Omdat gedrag waarneembaar is en deur houdings bepaal word, kan dit deur die individu beskou word as die blootlegging van sy siel.
- Gedrag is die openbaarmaking van 'n houding wat die verhouding van 'n individu met ander kan beïnvloed. Dit kan meebring dat 'n persoon minder gewild kan wees.
- In die interaksie met ander is individue geneig om òf geen melding van hulle gevoelens te maak nie òf 'n verdraaide weergawe van hulle gevoelens te gee.
- Daar is ook altyd die gevaar dat die geskil of saak in die toekoms kan verander maar dat persone die spesifieke gedrag buite konteks sal onthou.
- Die openbaarmaking van 'n individu se houding deur middel van sy gedrag kan vir hom meer hooi op sy vurk laat kry as waarvoor hy hom in die eerste plek ingelaat het. Mense besef dat een aksie tot ander aksies of take kan lei en is daarom teensinnig om op die geringste versoek tot aksie toe te stem.
- Om volgens sy houding op te tree, met inagneming van die bovermelde moontlikheid van oorlaaiing moet die individu baie seker voel van die korrektheid van sy

gedrag. Dit mag gebeur dat 'n individu glad nie optree nie omdat hy nie dadelik reageer of optree nie.

- Sou individue op hulle houdings reageer wil hulle dit verkieslik ten opsigte van belangrike sake doen. Dit gebeur in die praktyk dat daar by baie individue, wie se sosiale gewete hulle noop om tot aksie oor te gaan, 'n proses volg waarin hulle vir iets werklik belangriks wag om te gebeur sodat hulle kan optree en intussen - miskien vir altyd - doen hulle niks.

Kiesler (1971:30) veronderstel in sy studie die volgende:

- 'n Individu sal altyd probeer om teenstrydighede tussen sy houding en gedrag op te hef.
- Die effek van betrokkenheid is soos 'n verbondenheid om gedrag minder veranderbaar te maak en Kiesler vermaan nadruklik dat betrokkenheid alleen nie vir verandering verantwoordelik is nie.
- Hoe groter die verbondenheid aan 'n saak, hoe groter die effek wat dit op 'n persoon se houding (gedragsverhouding) sal hê. Dit wil sê die graad van betrokkenheid sal 'n positiewe en enkelvoudige verwantskap toon met die graad van effek op houding.

Kiesler (1971:33) stel in sy werk die volgende hipoteses:

Die graad van betrokkenheid kan verhoog word deur een van die volgende vyf elemente te verhoog, naamlik:

- die eksplisietheid of waarneembaarheid van gedrag;
- die belangrikheid van die gedrag vir die individu;
- die graad van onherroepelikheid van die gedrag;
- die hoeveelheid herhalings van die gedragspatroon, en
- die graad van vryheid of keuse vir die individu om 'n gedragspatroon uit te voer.

Soos Elms hierbo en Lieberman en Festinger, Janis & King verduidelik in hierdie hoofstuk bevind Kiesler (1971:36) met sy navorsing dat betrokkenheid alleen, nie verantwoordelik is vir veranderinge in houding nie. 'n Verdere belangrike feit word deur Kiesler (1971:36) daargestel, naamlik dat betrokkenheid of gebondenheid tot toekomstige interaksie geleik het tot vermeerderde verandering in houding en strydigheid met groepsgedrag.

Volgens Kiesler (1971:142) het sy studies bewys dat betrokkenheid houdings kan bevries of meer standhoudend teen verandering kan maak.

Lieberman (1956:387) het bevind dat werkers wat bevorder is meer pro-bestuur georiënteerd was in hulle houding, maar dat dié houding weer terugkeer het na hulle minder pro-bestuurse houding van vóór hulle bevordering nadat hulle die nuwe posisies verloor het.

Lieberman (1956:387) se studie dui dus soos by Kiesler (1971:11) daarop dat individue wat 'n nuwe gedragspatroon openbaar as gevolg van 'n rolverandering ook nuwe houdings ontwikkel in ooreenstemming met die nuwe gedragspatroon. Kiesler (1971:8) sluit by Lieberman (1956:387) aan wanneer hy aanvoer dat 'n persoon se houding teenoor sy meederes of sy geleenthede tot bevordering sy gedragssuiking kan oorheers en byvoorbeeld sy politiese houding sekondêr maak.

Janis & King (1954:211) het 'n studie gedoen waarin persone gevra is om ander te oortuig van 'n saak direk teenstrydig met hul eie houding jeens die saak. Hierby het Festinger (1962:93) 'n bykomstige variant gevoeg naamlik vergoeding. Hierdeur het die navorsers verseker dat die proefpersone rolspel uitgevoer het wat direk teenstrydig met hulle eie houdings was en bevind dat wanneer die vergoeding betekenisvol genoeg was, die individue geen drang gevoel het om hul gedrag in ooreenstemming met hulle houding te bring nie (Elms, 1976:58).

Cohen (1964:37) voeg hierby dat die verwagting van goedkeuring of afkeuring sterk aansporing tot 'n sekere gedragspatroon is, dat die goedkeuring van 'n senior of groep vir 'n individu so belangrik kan wees dat hy dienooreenkomstig sal optree.

Op grond van die bovermelde bevindinge, ontstaan die vraag in watter mate individue in beherende, invloedryke en besluitnemende poste met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding op skool, sodanig beïnvloed word deur die faktore hierbo genoem, dat alhoewel dié besluitnemers 'n pro-Liggaamlike Opvoeding houding het, hulle tog anti-Liggaamlike Opvoeding gedragspatrone openbaar. Sou vasgestel kan word dat die besluitnemers vir Liggaamlike Opvoeding anti-Liggaamlike Opvoeding optree, sal daar moontlik lig gewerp kan word op die dilemma van Liggaamlike Opvoeding.

Houding kan ook bepaal word deur die ervaring van die teenswoordige werklikheid. Met die beklemtoning van die intellektuele prestasies van die individu op die gebied van die tegnologie en die daarmee gepaardgaande noodwendige hipokinetiese leefwyse, ervaar die mens tans 'n eskalasië in, onder andere, hartsiektes.

Nie alleen ervaar mense in groeiende getalle die traumatiese gevolge van koronêre hartsiekte in eie kring nie, maar mense word verder daagliks van die probleem bewus gemaak deur die

media. Hartsiektes word beskryf as die Westerse wêreld se mees gevreesde doder (Barnard 1971:1). Blakeslee & Stamler (1963:59), soos baie ander medici en navorsers, stel die hoofoorsake vir koronêre hartsiektes as die volgende: oorgewig, oorerflikheid, rook, stres, hoë bloeddruk, hoë bloedkolesterol, diabetes en gebrek aan liggaamlike oefening.

Deur die publiek bewus te maak van die probleem begin die staat, stadsrade, gesondheidsinstansies, navorsers en die media, die teenaanval teen die gevreesde siekte. Met die oog op hierdie bewusmakingsproses, word projekte deur verskillende instansies geloods.

Die Hartstigting loods van tyd tot tyd bewusmakingsveldtogte en is gedurig besig met navorsing in verband met hartsiektes. Trimparke word landswyd deur stadsrade oopgestel wat oefenfasiliteite aan Jan Publiek bied. Biokinetikaklinieke word oral deur die land geopen om persone met wetenskaplike oefenmetodes te help op die weg na fisiese rehabilitasie en 'n beter kwaliteit van lewe. Bekende wetenskaplikes soos Cooper besoek die land en bied kursusse aan; spreek honderde mense toe en motiveer hulle opnuut tot 'n gesonde leefwyse deur oefening. Daar word op 'n gereelde basis ruimte in tydskrifte afgestaan aan die publisering van oefenreeks en artikels in verband met oefening en sport. Op televisie word fiksheidsprogramme en oefenreeks aangebied. Instansies soos *Trimgim*, *Rekgim*, *Aerobics*, *Keep Fit International*, *Women's League for Health and Beauty* kom in toenemende mate tot stand en betrek duisende mense by oefening op 'n gereelde basis.

Daar kan op grond van die voorafgaande die gevolgtrekking gemaak word dat daar 'n meer positiewe houding jeens oefening by die publiek bestaan. Hierdie gevolgtrekking kan by implikasie beteken dat daar 'n meer positiewe houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool by volwassenes bestaan, omdat dit vir volwassenes belangrik is dat hulle kinders moet oefen ter wille van 'n gesonder lewe.

Die volgende vrae ontstaan nou of Liggaamlike Opvoeding op skool leerlinge wel oefenbewus maak en of Liggaamlike Opvoeding leerlinge oefenkundig oplei en die belangrike bydrae tot volwassenheid lewer wat daar van Liggaamlike Opvoeding op skool verwag kan word om te lewer; of Liggaamlike Opvoeding op skool sy deel, soos ander instansies, bydra om leerlinge oefenbewus te maak; meer nog, of Liggaamlike Opvoeding op skool aan leerlinge die nodige kundigheid en agtergrond verskaf soos wat van kundige vakbeoefening verwag word en of Liggaamlike Opvoeding op skool 'n betekenisvolle rol in volksgesondheid kan speel as daar nie geëvalueer word tot watter mate Liggaamlike Opvoeding op skool daarin slaag om die gestelde doelstellings te bereik nie.

Die houding van mense word egter nie net deur histories- antropologiese denkrigtings of betrokkenheid by 'n saak bepaal of beïnvloed nie, maar volgens Baumgartner & Jackson (1975:249) word houding teenoor Liggaamlike Opvoeding ook bepaal deur die ervaring wat betrokkenes met die vak gehad het. Baumgartner & Jackson (1975:249) verduidelik verder dat houding nie oorgedra kan word of ingestudeer kan word nie. In aansluiting hierby voer Ebel (1973:14) aan dat houding byna altyd die gevolg is van sukses of onsuksesvolheid, plig nagekom of plig versuim, gevaar ondervind of gevaar ontkom.

Volgens Coetzee (1978:29) is Liggaamlike Opvoeding finaal as vak op skool ingestel deur 'n Departementele Omsendbrief in Maart 1939, wat onder andere verklaar het dat Liggaamlike Opvoeding gedurende skoolure moet plaasvind en dat dit vir alle gesonde leerlinge verpligtend is (TOD, 1939a:9).

Coetzee (1978:10) verduidelik verder dat Liggaamlike Opvoeding oor die afgelope vyf dekades geweldige ontwikkeling ondergaan het ten opsigte van doelstellings, inhoud (leerplan), personeelvoorsiening, apparaat en fasiliteite. Daar kan geredeneer word dat Liggaamlike Opvoeding deur leerlinge tans moontlik anders ervaar word as deur leerlinge van vorige dekades. Die ingesteldheid teenoor Liggaamlike Opvoeding kan dus verskil van persoon tot persoon bloot omdat hulle in 'n ander dekade Liggaamlike Opvoeding-ervaring opgedoen het - omdat hulle ouderdomme verskil.

Daar kan geredeneer word dat baie mense vanaf die instelling van Liggaamlike Opvoeding as verpligte vak op skool, uiteenlopende ervaring van die vak opgedoen het. Sommige het moontlik wel teoretiese onderrig in die vak gekry. Ander is moontlik deeglik geëvalueer. Nog ander het dalk nooit enige van die twee ervaar nie en het net met die praktiese "liggaamlike doen" van die vak te make gekry.

Met hierdie studie word 'n poging aangewend om te bepaal of die houding van diegene wat oor die jare as leerlinge Liggaamlike Opvoeding op skool ervaar het, korreleer met die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding as vak oor dieselfde jare. Daar word van die standpunt uitgegaan dat, indien mense van verskillende ouderdomme ondervra word, 'n aanduiding verkry sal word van die mate waartoe die studie, tyd en geld wat in Liggaamlike Opvoeding oor die jare heen belê is om dit tot 'n volwaardige vak in die klaskamer te ontwikkel, gefigureer het. Die teikengroepe wat vir die doel van hierdie studie genader word vir inligting, is ten opsigte van ouderdom verteenwoordigend van die mense wat oor die afgelope 50 jaar as leerlinge Liggaamlike Opvoeding op skool ontvang het.

Oor ouderdom en die invloed daarvan op verskillende fasette van die mens is daar oor etlike jare deur verskeie navorsers al heelwat studie gedoen.

Oor die houdings- en gedragspatrone van jong-, middeljarige en ouer mense spreek Allen (1949:115) hom soos volg uit: Jongmense het 'n relatief kort verlede, maar het 'n lang toekomsverwagting. Hulle gedagtes is gerig op dit wat hulle in die toekoms wil bereik. In die middeljare is die toekoms en verlede meer gebalanseerd. Daar word soms tot stilstand gekom in die middeljare om na die oorwinnings van die verlede en die verwagtings van die toekoms te kyk, maar meer tyd word aan die eise van die hede bestee.

Ouer mense het, volgens Allen (1949:115), 'n lang verlede met herinneringe aan suksesse en nederlae, maar hulle toekomsverwagting en duur van hulle bestaan is noodwendig kort. Die bepeinsing van die ouer mens oor sy kort toekoms het 'n ingrypende invloed op sy houdings en gedagtes, aldus Allen (1949:115). Allen (1949:117) vervolg voorts dat ouer persone hul doelstellings en ideale bereik/byna bereik of glad nie bereik het nie en dat die instink, om die behoud en voortbestaan van die ras te verseker, plek maak vir die instink om eie voortbestaan en behoud of oorlewing te verseker.

Cumming & Henry (1963:377) se bevindinge en gedagtes oor die onttrekkingsteorie word in etlike studies in Gerontologie aangehaal. Die onttrekkingsteorie begin volgens Cumming & Henry (1961:378) by die algemeen bekende feit dat ouer mense minder betrokke raak by die lewe om hulle as toe hulle jonk was. Volgens Kermis (1984:70) is hierdie onttrekking 'n natuurlike proses wat by die liggaam begin. Die oë, ore en ander sensoriese organe begin al minder eksterne inligting bespeur, aldus Kermis (1984:70).

Neugarten (1968:140) verduidelik: In die middeljare - om en by die vyftigerjare vir die meeste persone - word 'n belangrike ommekeer gemanifesteer. Dit is in hierdie periode van die lewenslyn dat introspeksie, bepeinsing, selfevaluasie en oordenking toeneem. Neugarten (1968:140) vervolg dat egofunksies na binne keer, met 'n verandering van aktiewe na passiewe bemeestering van die samelewing en 'n heroriëntering van 'n uiterlike wêreld na 'n innerlike wêreld.

Birren & Schaie (1977:317) voer aan dat die onttrekkingsteorie inhou dat ouer persone hulle van die sosiale lewe onttrek en dat innerlike kontroles verslap, maar dat dit nie noodwendig ontkoppeling van die innerlike waardes en norme beteken nie. Cox (1984:29) verwys ook na Cumming in verband met die onttrekkingsteorie en sien dit as 'n wedersydse proses van die individu en die samelewing - dat die samelewing hom ook van die individu onttrek, wat meebring dat die oue vir die nuwe plek maak.

Bending (1960:105) sluit by die vorige aan wanneer hy beweer dat ouer persone meer toegeeflik en geneig tot samewerking raak, geleidelik begin onttrek van inspannende sosiale aktiwiteite en 'n geneigdheid toon om gedwee die sosiale wêreld te aanvaar.

'n Studie gedoen deur Lowenthal & Boler (1965:363) onderskryf die teorie van sosiale onttrekking met ouderdom en dui op die negatiewe invloed wat dit op ewewig, gemoeds-toestand en houdings het.

Birren & Schaie (1977:676) maak die onderstaande stellings waarin hulle gesteun word in studies deur Botwinick (1966:347) en Chown (1962:832):

- dat versigtigheid toeneem met ouderdom;
- dat ouer persone minder geneë voel tot verandering en meer geneë tot rigorisme;
- dat ouer persone toenemend geneig is tot dogmatisme;
- dat suksesvolle uitvoerende beamptes van om en by 45-jarige ouderdom hulleself beskou as op die hoogtepunt van hulle vermoëns en mag, maar nie glo dat dit so sal voortduur nie; en
- dat teenstrydighede tussen oorspronklike verwagtinge en doelstellings en teenswoordige prestasies heelwaarskynlik onveranderd sal bly.

Daar kan geredeneer word na aanleiding van die voorafgaande dat die effek van ouderdom op 'n persoon ook in die studie van persone se houding teenoor Liggaamlike Opvoeding 'n merkbare rol sal speel.

Na aanleiding van die genoemde stellings van Birren & Schaie (1977:676), ontstaan die vraag: tot watter mate speel die geneigdheid om belang te verloor in die nageslag, die onttrekking van inspannende besluitneming, die negatiewe effek van onttrekking op ewewig en houding, die neiging tot dogmatisme en rigorisme, die teenstand teen verandering en die aanvaarding van die onvermoë om die oorspronklik gestelde doelstellings te bereik, 'n rol in die besluitnemingsproses ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding op skool. Tien jaar gelede is daar al 'n sillabus vir Liggaamlike Opvoeding opgestel indien dit as 'n matriekvak ingestel sou word. Steeds is hierdie doelstelling nie bereik nie. Is dit omdat die besluitnemers wat Liggaamlike Opvoeding as eksamenvak ingestel moet kry gewoonlik van die ouer volwasse groep is? Oor hierdie vraag kan bespiegel word en redelik geldige afleidings kan na analogie van die bevindinge van studies in Gerontologie en Sielkunde gemaak word. Om bewyse te lewer van die negatiewe effek op Liggaamlike Opvoeding van 'n negatiewe houding van besluitnemers gemoed met Liggaamlike Opvoeding val buite die terrein van hierdie studie.

Samevattend kan gesê word dat daar met hierdie studie beoog word om vas te stel wat die houding van volwassenes, verskillend in die hoedanigheid van betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding en van verskillende ouderdomsgroepe, jeens die teenswoordige Liggaamlike Opvoeding op skool is. Daar word gemeen dat die houding van mense 'n rol speel in die onbevredigende ontplooiing van die vak soos dit tans op skole plaasvind. Deur peiling van die houding van persone van verskillende ouderdomme teenoor Liggaamlike Opvoeding kan 'n beeld verkry word van die mate waartoe die tyd en geld wat oor 50 jaar bestee is om die vakinhoudelike, die fasiliteite, personeelopleiding en personeelvoorsiening vir Liggaamlike Opvoeding te ontwikkel en te verbeter, gestalte vind in die klaskamer. Tot watter mate is daar dus werklik 'n beter kwaliteit Liggaamlike Opvoeding oor die jare heen aan leerlinge gebied.

Met hierdie studie wil daar na redes gesoek word vir die feit dat, alhoewel Liggaamlike Opvoeding reeds meer as vyf dekades as verpligte vak op skole ingestel is, die nodigheid van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak nog geensins 'n uitgemaakte saak is nie; dat dit steeds soms as tydmors gesien word (Goslin, 1979:1). In 1978 is 'n studie deur Coetzee voltooi waarin 'n konsepleerplan vir Liggaamlike Opvoeding saamgestel is sou Liggaamlike Opvoeding as keusevak in die sekondêre skoolkurrikulum ingestel word. Coetzee se ondersoek het getoon dat die nodige kognitiewe inhoude wel bestaan, maar die ideaal van 'n keusevak bly steeds onverweselik.

Met navorsing word gesoek na antwoorde op die kwelvrae rondom Liggaamlike Opvoeding, naamlik waarom Liggaamlike Opvoeding nie as universiteitsvrystellingsvak op skool aangebied word nie. Met hierdie studie wil ondersoek ingestel word na die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool van die volgende teenoorstaande groepe volwassenes (kyk tabel 1.1) as 'n moontlike rede vir die dilemma van Liggaamlike Opvoeding op skool.

TABEL 1.1 DIE VERSKILLENDE GROEPE VOLWASSENES

A Betrokke by L.O.	B Nie-betrokke by L.O.
1. Jong volwassenes	1. Jong volwassenes
2. Ouer volwassenes	2. Ouer volwassenes

Volgens die bostaande tabel kan die volgende teenoorstaande groepe met mekaar vergelyk word met betrekking tot hulle houding jeens Liggaamlike Opvoeding op skool: A1 met B1; A2 met B2; A1 met B2; A2 met B1; A1 met A2 en B1 met B2.

Daar wil bepaal word of jongmense wat betrokke is by Liggaamlike Opvoeding; wat die vak doseer of beoefen, volgens die tabel (A1) anders ingestel is as jongmense wat niks met sport of Liggaamlike Opvoeding te doen het nie (B1). Dieselfde kan van ouer mense gevra word: is ouer mense wat biokinetikaklinieke besoek of Liggaamlike Opvoeding doseer of afrig of op een of ander manier betrokke is by Liggaamlike Opvoeding (A2) anders ingestel teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool as ouer volwassenes wat niks met die vak te make het nie (B2).

Daar wil ook bepaal word of 'n persoon wat jonk en betrokke is by Liggaamlike Opvoeding (A1) 'n ander siening jeens Liggaamlike Opvoeding huldig as 'n persoon wat ouer is en nie betrokke is by Liggaamlike Opvoeding nie (B2). Sou 'n persoon wat jonk en nie- betrokke by Liggaamlike Opvoeding is (B1) anders of eenders ingestel wees teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool as 'n ouer persoon wat betrokke is by Liggaamlike Opvoeding (A2).

1.2 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Met hierdie studie wil vasgestel word of die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding van verskillende groepe volwassenes van mekaar verskil.

Daar wil bepaal word of volwassenes wat betrokke is by Liggaamlike Opvoeding anders ingestel is teenoor Liggaamlike Opvoeding as nie- betrokke volwassenes.

Verder wil vasgestel word of jonger volwassenes dieselfde siening met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding huldig as ouer volwassenes.

Ten slotte wil daar vasgestel word of daar 'n interaksie bestaan tussen die ingesteldheid van die verskillende groepe teenoor Liggaamlike Opvoeding in terme van ouderdom en betrokkenheid.

1.3 DIE HIPOTESSES

Daar word in die studie van die volgende nulhipoteses uitgegaan:

- Houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool verskil nie by die verskillende groepe volwassenes nie.
- Betrokkenheid bepaal nie die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool nie.
- Ouderdom bepaal nie die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool nie.
- Daar is nie 'n interaksie tussen betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding en ouderdom ten opsigte van die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding nie.

1.4 BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doel van hierdie ondersoek is dit nodig dat vooraf duidelikheid verkry sal word oor die betekenis van terme wat herhaaldelik gebruik sal word. Terme soos *evaluering* en *meting* word soms deur skrywers as sinonieme gebruik en soms beslis as onderskeidende begrippe. Ten einde misverstande oor die betekenis van die genoemde terme en sleutel-terme soos *houding* en *houdingskaal* te voorkom, is dit nodig dat daar standpunt ingeneem word oor betekenis.

Omdat 'n gedeelte van die literatuur in Engels is, is dit nodig dat aangedui sal word wat as Afrikaanse eweknie van die Engelse term aanvaar word. In hierdie geval word *measurement* met *meting* en *measures* met *mate* vertaal, *testing* met *toetsing* en *evaluation* met *evaluering*. Die vertalings lyk voor-die-hand-liggend, dog die probleem word wesenliker wanneer terme soos *assessment*, in hierdie werkstuk met *beoordeling* vertaal en *appraisal* met *waardebepaling* vertaal, ook gebruik word. Die sleutelterme *attitude* en *attitude scale* sal deurgaans in die werkstuk met *houding* en *houdingskaal* vertaal word, *opinion* met *mening* en die terme *affect* en *feeling* met *ingesteldheid*.

Die terme wat in die fokuspunt van hierdie ondersoek staan is *houding*, *houdingskaal*, *mening* en *ingesteldheid*. Die begripsomskrywing sal daarom in hoofsaak op hierdie terme toespits.

1.4.1 Houding

Die term *houding* word deur Thurstone & Chave (1970:6) verduidelik as die somtotaal van die mens se neigings, gevoelens, vooroordele, idees, vrese, bedreigings en oortuigings met betrekking tot enige bepaalde onderwerp en is altyd 'n hoogs subjektiewe en persoonlike saak. Hierdie siening word ook onderskryf deur Mathews (1973:342) en Baumgartner & Jackson (1975:250). Edwards (1957:2) definieer *houding* as die graad van positiewe of

negatiewe ingesteldheid wat met 'n betrokke psigologiese objek geassosieer word. Thomas (1971:19) definieer houding as 'n geestelike en verstandelike staat van gereedheid, georganiseer deur ondervinding, wat dinamiese, rigtingaanwysende invloed uitoefen op die reaksie van die individu teenoor alle objekte en situasies wat met hom verband het.

In hierdie werkstuk sal die term *houding* beteken die graad van positiewe of negatiewe verstandelike en geestelike ingesteldheid, georganiseer deur ondervinding, wat dinamiese rigtingaanwysende invloed uitoefen op die reaksies van die individu teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool.

1.4.2 Mening

Vir Thurstone & Chave (1970:6) impliseer die begrip *mening* die verbale uitdrukking van houding en wanneer 'n gelugte mening geïnterpreteer word, word die houding van 'n individu daaruit duidelik. Daarom simboliseer *mening* 'n houding, aldus Thurstone & Chave (1970:7). Mathews (1973: 342) huldig dieselfde mening en voeg by dat 'n geldige beoordeling van 'n houding gemaak kan word wanneer daar herhaaldelik dieselfde neiging tot of 'n negatiewe of 'n positiewe reaksie tot die stimulus is. Best (1977:169), Baumgartner & Jackson (1975:249) het dieselfde siening. Best (1977:69) verduidelik verder: Wat 'n individu voel of glo bepaal sy houding, maar dit is baie moeilik indien nie onmoontlik om te omskryf en te meet. Volgens Best (1977:169) is die navorser afhanklik van dit wat die individu sê dat hy voel of glo. Best (1977:169) sê verder dat deur die stel van vrae of die verkryging van mondelinge reaksie op stellings 'n monster van 'n individu se mening verkry word en van hierdie menings kan 'n persoon se houding geskat of afgelei en geëvalueer word.

Met die vraelys vir hierdie studie word daar gesteun op die eerlikheid van die respondente en is die navorser afhanklik van dit wat die respondente sê hulle houdings is. Daar word geglo dat dit nie vir die respondent nodig sou wees om nie volgens sy/haar ware oortuigings te antwoord op die vrae nie, aangesien anonimiteit en veiligheid deur die vraelys gewaarborg word.

1.4.3 Ingesteldheid

Edwards (1957:2) verduidelik dat in die literatuur van die psigologie die terme *affect* en *feeling* sinoniem gebruik word. Wanneer 'n individu 'n positiewe *affect* of *feeling* met 'n objek assosieer, word gesê dat hy van die objek hou of 'n positiewe houding teenoor die objek het, aldus Edwards (1957:2). Voorts sal 'n individu wat 'n negatiewe *affect* met 'n psigologiese objek assosieer gesê word dat die individu nie daarvan hou nie, of 'n nega-

tiewe houding daarteenoor het, aldus Edwards (1957:2). Vir die doel van hierdie studie sal deurgaans gebruik gemaak word van die term *ingesteldheid* as eweknie van *affect of feeling*, dit wil sê in hierdie stuk sal van 'n individu se positiewe of negatiewe ingesteldheid teenoor 'n saak gepraat word.

1.4.4 Houdingskaal

Meting in 'n studie waarin die houding van individue jeens 'n spesifieke saak nagevors word, word deur Thurstone & Chave (1970:1) gestel as die proses waardeur 'n getal aan, in hierdie geval, die houding van 'n persoon toegeken word. By houdingsmeting, verduidelik Thurstone & Chave (1970:6) is die meetinstrument die houdingskaal met 'n basislyn waarop al die moontlike toepaslike houdings verteenwoordig is, vanaf op die een end die houdings meeste ten gunste van die saak en op die ander end die houdings ten sterkste teen die saak. Thurstone & Chave (1970:6) verduidelik voorts dat daar in die middel tussen die twee houdingspole 'n neutrale area is wat onbetrokkenheid jeens die saak verteenwoordig. Volgens Thurstone & Chave (1970:6) verteenwoordig die ordinate van die frekwensiever-spreiding die relatiewe populariteit van elke houding.

In hierdie studie is 'n houdingskaal 'n meetinstrument met 'n basislyn tussen twee houdingspole met 'n frekwensiever-spreiding van ordinate vanaf die een pool (die sterkste teen die saak gekant) tot die ander pool (die sterkste ten gunste van die saak). Thurstone & Chave (1970) se siening in hierdie verband word dus gehandhaaf.

1.4.5 Betrokkenheid

Vir die doel van hierdie studie sal *betrokkenheid* die term wees wat gebruik word om enige van die volgende bedoelinge uit te druk: *participation of deelname, involvement, commitment of verbondenheid, uitvoerende, organiserende of besluitnemende* hoedanigheid en *studerende of doserende* hoedanigheid.

In hierdie studie word die siening van Kiesler (1971) oor betrokkenheid gehandhaaf. Volgens Kiesler (1971:30) is *betrokkenheid* die verbinding van 'n individu tot 'n sekere gedragspatroon. Kiesler (1971:47) vervolg dat 'n individu betrokke is wanneer hy besluit het om 'n ding te doen of te laat, wanneer daar op 'n alternatief of alternatiewe besluit is en in die proses een of meer alternatiewe verwerp is, wanneer hy aktief 'n sekere gedragspatroon gevolg het.

Kiesler (1971:160) verduidelik ook dat *betrokkenheid* impliseer dat die individu vry is om anders op te tree. Self-verantwoordelikheid is die kern van betrokkenheid en hoe vryer 'n persoon is om te besluit, hoe nouer sal sy houding en gedrag saamhang.

HOOFSTUK 2

HOUDING JEENS LIGGAAMLIKE OPVOEDING SOOS WEERSPIEËL IN DIE VAKONTWIKKELING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om met 'n geskiedkundige oorsig oor die Transvaalse ontwikkeling van die vak Liggaamlike Opvoeding dit moontlik te maak om die huidige tendense en rigtings in Liggaamlike Opvoeding in perspektief te sien ter beligting van die invloed wat dit moontlik op die houding van leerlinge deur die jare kan hê.

Die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap het saamgeval met die verspreiding van Comenius se opvoedingsbeskouinge en Locke se onderwysidees. Volgens Ellmer (1973:54) kon die invloed van die kerkeoorloë in Europa in Suid-Afrika gesien word aan die feit dat die kerk alle opvoeding behartig het.

In die vroeë ontwikkelingsjare van Liggaamlike Opvoeding in Suid Afrika is die verskillende strominge van Engeland, Swede, Duitsland, Denemarke en Oostenryk saamgevoeg en het dit 'n rol gespeel in die samestelling van 'n nasionale handleiding, naamlik die N.A.R.L.O. vir Liggaamlike Opvoeding-leerplanne. 'n Evaluerende oorsig van hierdie leerplanne, saamgestel deur die Onderwysburo (1955:3) is in Transvaal gebruik.

2.2 DIE TYDPERK 1900 - 1932

Gedurende die Groot Trek (1835 - 1838) was daar geen gereelde skoolonderwys behalwe die opvoeding van ouers en saamtrekkende meesters nie (Kelder, 1945:118). Volgens Jooste (1954:72) het die Liggaamlike Opvoeding bestaan uit perdry, jag, handarbeid, boeresport, dans tydens gesellighede en 'n soort stoei.

In 1851 het Hollandse onderwysers in Delagoabaai aangekom wat volgens Jooste (1954:73) as die eerste van gewone onderwys gesien kan word.

Die eerste onderwyswetgewing in Transvaal van 1859 - 1871 maak geen voorsiening vir Liggaamlike Opvoeding in die skoolprogram nie, aldus Kelder (1945:119). Kelder doen verder soos volg verslag: die latere onderwyswetgewing van 1874 van President Burgers maak nie voorsiening vir Liggaamlike Opvoeding in die laerskool nie. Daar word wel van gimnastiekonderrig melding gemaak in die uitgebreide onderwyswet, maar met die aanstelling van dr. Lyle, die Engelse Superintendent van Onderwys kom gimnastiek teen 1878 nie meer in die leerplan voor nie.

Kelder (1945:119) wys daarop dat in die kampskole onder Sargent, die Direkteur van Onderwys, sowat 200 onderwysers en onderwyseresse ingevoer is. Dit is in hierdie tyd dat "Sports" en "Dril" inslag gevind het.

Die eerste onderwyswet na 1900 verskyn op 25 Februarie 1902 en maak voorsiening vir Liggaamlike Opvoeding in die leerplan (Jooste, 1973:72).

Daar was teen 1903 al 252 skole waar 18 828 kinders onderrig in Liggaamlike Opvoeding geniet het (Kelder, 1945:119). Sekere regulasies met betrekking tot die Onderwyswet van 1902 aangaande onderwysvakke het bestaan waarvolgens Liggaamlike Opvoeding as vak in die laerskole genoem is en ook aan Normaalkolleges gedoseer is. Dit wil sê die eerste leerlinge wat in Suid-Afrika Liggaamlike Opvoeding onderrig ontvang het, tans tussen 98 en 103 jaar oud behoort te wees.

In 1906 met selfbestuur in Transvaal en Generaal J.C. Smuts as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys, is 'n nuwe grondwet vir die onderwys opgestel. Op 19 Augustus 1907 is hierdie grondwet deur die Parlement goedgekeur en het op 1 Oktober 1907 in werking getree. Hierin is voorsiening gemaak vir onder andere onderrig in Liggaamlike Opvoeding en Higiëne (Jooste, 1954:72).

Mnr. Jimmy Collard word in 1912 as organiseerder vir Liggaamlike Opvoeding deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangestel en hy wend doelbewuste pogings aan om aktiwiteite aan te moedig en leerplanne saam te stel, maar word in sy planne (Kelder, 1945:120) gekortwiek deur 'n tekort aan opgeleide Liggaamlike Opvoeding onderwysers wat slegs een uit elke 5 000 onderwysers in 1921 getel het.

2.3 DIE TYDPERK 1933 - 1938

Hoërskoolleerlinge wat gedurende hierdie tydperk Liggaamlike Opvoeding onderrig ontvang het, sal tans tussen 67 en 72 jaar oud wees.

Die daadwerklike pogings wat aangewend is om aan die dringende behoefte aan opgeleide Liggaamlike Opvoedingonderwysers te voorsien, kenmerk hierdie tydperk.

Volgens 'n evaluerende oorsig deur die Onderwysburo (1955:12) is daar in 1933 sekere Liggaamlike Opvoedingsposte deur die Transvaalse Uitvoerende Komitee gemagtig en in 1934 is Liggaamlike Opvoeding verpligtend in die sekondêre skoolkurrikulum gemaak. Coetzee (1978:26) verduidelik voorts dat daar gedurende 1936-1939 deur die Provinsiale Onderwysdepartemente kursusse ingestel is vir die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-
onderwysers.

In 1937 word die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (N.A.R.L.O.) ingestel met die doel om die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding te koördineer en te stimuleer (Botha, 1945:166).

In 1937 het die regering 'n komitee benoem om 'n Nasionale skema vir Liggaamlike Opvoeding te ondersoek. 'n Uitvloeisel van 'n konferensie wat hierdie komitee in 1937 hou, is 'n verslag waarin onder andere die volgende aanbevelings vervat is:

- Die instelling van N.A.R.L.O. na die model van die "Supreme Supervising Body for Physical and Health Education" in Engeland en;
- dat elke skool met 'n inskrywing van 300 plus 'n voltydse Liggaamlike Opvoeding spesialis moet aanstel (Botha. 1945:166).

Na 'n kabinetsbesluit in 1937 is N.A.R.L.O. in die lewe geroep en die eerste vergadering in 1938 gehou. Die Raad het jaarliks R50 000 van die Unieregering ontvang vir die uitvoering van sy werksaamhede wat sou bestaan uit:

- opvoeding van die publiek en verspreiding van inligting in verband met Liggaamlike Opvoeding;
- die daarstelling van 'n eenvormige leergang en stelsel vir Liggaamlike Opvoeding op nasionale vlak;
- navorsing en studie in verband met Liggaamlike Opvoeding;

- steun aan munisipaliteite wat Liggaamsopvoedingfasiliteite oprig en werksaamhede reël;
- steun aan vrywillige klubbeweging in Liggaamlike Opvoeding; en
- burodienste (Botha, 1945:166).

In 1937 het die Uitvoerende Komitee nog vier poste vir Liggaamlike Opvoeding geskep wat oorsee geadverteer is (Onderwysburo, 1955:14).

Vier oorsese studielenings vir aansoekers om hulle in Liggaamlike Opvoeding in die buiteland te gaan bekwaam is in 1937 uitgelooft (TOD, 1937:21).

2.4 DIE TYDPERK 1939 - 1944

Aangesien van die oudste deelnemers aan hierdie studie uit hierdie groep kom, is wat gedurende hierdie tydperk gebeur het in die Liggaamlike Opvoeding wêreld betekenisvol met die oog op die invloed wat dit op die houding van persone jeens Liggaamlike Opvoeding kan hê.

Leerlinge wat gedurende hierdie jare op hoërskool was sal tans tussen 56 en 66 jaar oud wees.

Gedurende hierdie jare het werklike vooruitgang plaasgevind en volgens Coetzee (1978:28) was die eerste positiewe stap die aanstel van Liggaamlike Opvoeding Instruksors by hoërskole en normaalkolleges.

In omsendbrief nommer 20 van 1939 van die Transvaalse Onderwysdepartement is die volgende beleid geformuleer:

- Hoërskole met 20 of meer onderwysers het een voltydse Liggaamlike Opvoeding-onderwyser as gewone personeellid bygekry en vir kleiner hoërskole is 21 poste geskep en elk van hierdie hoërskole was geregtig op agt uur Liggaamlike Opvoeding per week.

In Omsendbrief nommer 20 word ook die volgende gestel:

- Liggaamlike Opvoeding sou sover moontlik gedurende skoolure plaasvind en sou daaglik geskied.

- Oefening moes kort en intensief wees; gemiddeld een en 'n half uur per week per leerling.
- Leerlinge sou vir die oefeninge in betreklik groot groepe georganiseer wees.
- Behoorlike voorsiening moes gemaak word vir geskikte gimnastiekdrag, stort- en verkleegeriewe.
- Liggaamlike Opvoeding was 'n gewone skoolvak, verpligtend vir alle gesonde leerlinge en vrystelling kon alleen op grond van 'n mediese sertifikaat verkry word.
- Waar moontlik kon Liggaamlike Opvoeding ook buite gewone skoolure plaasvind en die bywoning verpligtend gemaak word vir byvoorbeeld koshuisbewoners (TOD, 1939e:22).

Beleid oor veiligheidsmaatreëls is ook geformuleer omdat die departement gevoel het dat onnodige beserings 'n nadelige gevolg op die ontwikkeling van die vak sou hê. Riglyne in hierdie verband is vervat in Omsendbrief nommer 4 van 1943.

Wat die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding betref is daar in 1939 (Smith, 1944:93) 'n eenjarige spesiale kursus vir mans aangebied aan die Heidelbergse Normaalkollege. Soortgelyke kursusse vir mans en dames is in 1940 aangekondig vir die Johannesburgse en Pretoriase Normaalkolleges en in 1943 is 'n kursus vir mans aan die Potchefstroomse Normaalkollege ingestel.

Spesiale eenjarige vakansiekursusse en voorstellingskursusse vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in die laerskool is gehou. In die 1940-Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, word gemeld dat bykans 30 groepe sulke kursusse begewoon het en dat nog honderde leerkragte voordeel uit dié kursusse getrek het (Onderwysburo, 1955:15).

Wat die leerplan betref is die Junior Boek van N.A.R.L.O. met die leerplan vir die grade tot stander twee in 1942 versprei (Coetzee, 1978:32). Tot 1943 was die toestand wat alle ander Liggaamlike Opvoedingopleiding betref nog in afwagting. Voorstanders van die verskillende buitelandse stelsels moes ervaring van die Transvaalse toestande opdoen om 'n leerplan op te stel wat by Transvaalse toestande sou aanpas (TOD, 1939c:22).

Vir apparaat is jaarliks aansienlike bedrae in die begroting deur die Provinsiale Raad bewillig en apparaat is gestuur aan skole wat daarom aansoek gedoen het en aan sekere gestelde eise voldoen het (TOD, 1939d:22).

Vir die doel van kontrole en evaluering is daar vir die eerste keer in April 1943 'n opsienerspos vir Liggaamlike Opvoeding deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur en

Mnr. I.R. van der Merwe het die pos beklee van 3 Augustus 1943 tot 17 Januarie 1944. Sy pligte was om deskundige toesig te hou, leiding te verskaf en evaluering van die resultate van die onderrig daar te stel (Coetzee, 1978:33).

In September 1939 het 'n groep Deense gymnaste onder leiding van Niels Bukh onder die beskerming van N.A.R.L.O. 'n suksesvolle toer deur Suid Afrika onderneem en gimnastiekvertonings in etlike sentra gelewer wat groot belangstelling in gimnastiek gewek het (Coetzee, 1978:33).

2.5 DIE TYDPERK 1945 - 1955

Leerlinge wat gedurende hierdie tydperk op hoërskool was, sal tans tussen 50 en 60 jaar oud wees.

'n Aantal persone in die steekproef vir hierdie studie is tussen 50 en 60 jaar oud. Wat met die vak Liggaamlike Opvoeding gedurende hierdie tyd gebeur het, is dus belangrik nie alleen vir die historiese waarde nie, maar ook vir die invloed wat die gebeure moontlik op die gebeure in Liggaamlike Opvoedingsklasse kon gehad het en die rol wat dit op die houding van leerlinge uit daardie era kon hê.

Hierdie tydperk word gekenmerk deur die beplanning, formulering en uitbouing van die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding (TOD, 1944:23).

In 'n Algemene Omsendbrief nommer 3 van 1944 word die ongekoördineerde beleid van die vorige vyf jaar saamgevat en omskryf. Daar word duidelik aangedui wat die beleid sou wees ten opsigte van:

- personeelvoorsiening,
- leerplanne,
- bevoegdheid van leerkrigte en
- gimnastiekuitrusting.

Dit word nadruklik in die omsendbrief (TOD, 1944:23) gestel:

- dat Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel van die onderwys is en op dieselfde basis as alle ander vakke in die leergang van 'n skool geplaas word;

- dat hoërskool Liggaamlike Opvoedingonderwysers een van die volgende kwalifikasies moet hê: B.Ed. Phys. of 'n vyfjarige na matriekopleiding - dus akademiese graad plus professionele sertifikaat plus 'n Liggaamlike Opvoedingsertifikaat;
- waar die grootte van die laerskool dit regverdig, daar een lid met 'n spesiale eenjarige kursus in die Liggaamlike Opvoeding op die personeel moet wees; en
- dat die aanstelling van so 'n personeellid nie moes beteken dat hy/sy outomaties algehele verantwoordelikheid vir alle georganiseerde buitemuurse sport of spele aanvaar nie (TOD, 1944:23).

Liggaamlike Opvoedingonderwysers vir hoërskole en opleidingskolleges moes 'n graad verwerf in Liggaamlike Opvoeding met 'n gewone sekondêre skoolvak as ander hoofvak en ander skoolvakke. Die graad is gedurende hierdie tydperk aangebied deur die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria, Potchefstroom, O.V.S. en Rhodes (TOD, 1944:23).

Liggaamlike Opvoedingonderwysers vir laerskole moes 'n diploma verwerf wat 'n tweejarige professionele kursus gevolg deur een jaar spesialisasie in Liggaamlike Opvoeding behels het (TOD, 1944:23).

In 1946 en in 1948 het die Departement opnames gemaak van die stand van Liggaamlike Opvoedingonderwysers en hulle kwalifikasies. In die laasgenoemde jaar was 101 Liggaamlike Opvoedingonderwysers by hoërskole en 291 Liggaamlike Opvoedingonderwysers by laerskole aangestel (Onderwysburo, 1955:19).

In 1954 is die eerste Organiseerder van Liggaamlike Opvoeding naamlik Mnr. H. v.N. de Vos permanent aangestel (Onderwysburo, 1955:22).

Die enigste beskikbare leerplanne was die *Junior Boek* (1941), *Senior Boeke I* (1943) en *II* (1947) vir *Seuns* en *Senior Boek III* (1952) vir *Meisies* deur N.A.R.L.O. vrygestel en is deur die Departement aanbeveel (Onderwysburo, 1955:19).

Daar het in daardie stadium 'n gebrek aan 'n beplande, deurdagte en doelgerigte leerplan vir Liggaamlike Opvoeding bestaan en allerweë is versoeke aan die Onderwysburo gerig dat 'n eenvormige leerplan deur deskundiges ingestel moes word (Onderwysburo, 1955:26).

Wat tydsbesteding en die wekelikse rooster betref, is daar in 1939 bepaal dat leerlinge 'n halfuur per week Liggaamlike Opvoeding tydens skoolure moes ontvang (TOD, 1939b:2). In 1946 word dit gewysig na twee periodes per week vir leerlinge tot standerd ses en een periode per week vir standerd sewe en agt (TOD, 1953:23). Tyd aan Liggaamlike Opvoe-

ding toegestaan is verder blykbaar aan die diskresie van die skoolhoofde oorgelaat en aan die kringinspekteurs word opgedra om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding sy regmatige plek op die lesrooster kry (Coetzee, 1978:39).

Gedurende hierdie tydperk is daar gimnasia by normaalkolleges en slegs drie hoërskole opgerig. Daar is wel allerlei apparaat aan skole voorsien. Skole kon vryelik vir ligte en swaar apparaat rekwiseer volgens sekere indelings (TOD, 1949:23).

Samevattend kan gesê word dat, alhoewel die positiewe benadering van die Transvaalse Onderwysdepartement groot vooruitgang in die vak bewerkstellig het, daar nog heelwat stremmende faktore was. Die tekort aan goed opgeleide onderwysers in die vak, onvoldoende fassiliteite, gebrek aan eenvormige metodiek en die gebrek aan 'n voorgeskrewe leerplan was enkele van die faktore (Goslin, 1979:71).

2.6 DIE TYDPERK 1956-1966

Hoërskoolleerlinge van hierdie tydperk sal tans tussen 34 en 49 jaar oud wees.

Dit is 'n baie belangrike tydvak van Liggaamlike Opvoeding vir hierdie studie. Nie alleen behoort 'n groot groep proefpersone van die steekproef tot hierdie ouderdomsgroep nie, maar ook 'n groot aantal leiersfigure in die Liggaamlike Opvoedingswêreld.

Hierdie tydperk is gekenmerk deur doelbewuste kontrole en beplanning.

Daar is besef dat dit 'n onmoontlike taak vir een organiseerder was en in 1957 is Mnr. H. Ahrens en J.J.P. Steyn as addisionele opsieners aangestel (TOD, 1957:25).

Mej. Y. Holtzhausen is in 1958 aangestel as Vakadviseur vir Liggaamlike Opvoeding om kontrole uit te oefen oor dogtersgimnastiek (TOD, 1958:25). In 1962 bedank Mnr. Steyn, die mansopsienerspos word in 'n damespos omskep en in 1963 word Mej. G.H. Schulze as vakadviseur vir dogters aangestel wat kontrole oor dogtersgimnastiek verbeter het (TOD, 1966:25).

Nie alleen het die vier nuwe vakadviseurs beter kontrole begin uitoefen nie, maar deur middel van notas oor werkskemas en die publiseer van verslae in die *Vigor* gedurende 1957 het daar weliswaar 'n verbetering in werkskemas ingetree, sodat baie onderwysers teen 1960 oor sistematies beplande werkskemas beskik het (*Vigor*, 1957).

Daar het vir die eerste keer in Transvaal eenvormigheid van leerstof in die vak en sprake van 'n moontlike standaard ontstaan toe die eerste leergang in 1962 goedgekeur en saam met die Departementele Pamflet II oor *Werkskema en Verslag aan die Hoërskool* aan alle skole gestuur is (TOD, 1962:29).

Wat die Liggaamlike Opvoeding vir dogters betref het ritmiese beweging al meer inslag begin vind, soveel so dat dit in 1964 verpligtend gemaak is vir dogters (Goslin, 1979:74).

Teen 1964 het die groepstelsel redelik inslag gevind en die meeste hoërskole het oor die algemeen die departementele beleid ten opsigte van oefenstof en metodiek gevolg. Die metodiek het groepwerk behels soos deur Mnr. De Vos in sy tweejaarlikse verslag in 1956 aanbeveel is.

Die tyd wat in die hoërskool aan Liggaamlike Opvoeding bestee moes word, is deur die Departement vasgestel. Die minimum wat hier verwag word is: standerd ses en sewe, twee periodes van 35 minute elk en standerd agt tot tien, een periode van 35 minute per week (TOD, 1950:8).

Die tyd wat in die laerskool aan Liggaamlike Opvoeding bestee moes word, was grade tot standerd 1: 'n daaglikse periode van vyftien minute en standerd 2 tot 5: twee periodes van 30 minute per week. Daar is bepaal dat hierdie periodes nie vir sportafrigting of enige ander aktiwiteite aangewend mag word nie soos uiteengesit in Departementele Om-sendbrief nommer 2 van 1958.

Volgens die personeelvoorsieningskaal van die Transvaalse Onderwysdepartement moes elke hoërskool oor die voltydse dienste van minstens een opgeleide Liggaamlike Opvoedingonderwyser beskik (TOD, 1944:23).

In 1961 is 'n spesialiseringkursus in Liggaamlike Opvoeding aan die Teachers Training College ingestel, waarmee 'n oplossing van die probleem van 'n ernstige tekort aan opgeleide Liggaamlike Opvoedingonderwysers aan Engelsmediumskole in die vooruitsig gestel is (Coetzee, 1978:47).

In 1965 is 'n nuwe katalogus vir Liggaamlike Opvoedingapparaat uitgegee waarin volledige voorskrifte vervat is betreffende rekwisies, die herstel van apparaat, die afskryf van apparaat en die prosedure in verband met oortollige apparaat (TOD, 1966:1).

In belang van Liggaamlike Opvoeding is toegewings, wat gemaak is ten opsigte van onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding slegs as deel van hulle gewone opleidingskursus ontvang het en toestemming kon kry om gevorderde aparate te gebruik, in 1963 teruggetrek (TOD, 1963:39).

'n Verdere veiligheidsmaatreël het behels dat Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte vak vir alle fisies geskikte leerlinge sou wees, maar wanneer 'n hoof of ouer sou voel dat dit tot nadeel van die leerling sou strek, hy/sy verbied sou word om aan Liggaamlike Opvoeding deel te neem (TOD, 1958:2).

Hersiene voorsorgmaatreëls, films en ongelukskaarte verskyn met die oog daarop om hulpverlening te verbeter en ongelukke te voorkom (TOD, 1960:40).

Die aanbieding van massavertonings by verskeie geleenthede en die instelling van mededingende gimnastiek op skoolvlak het daartoe bygedra om die aansien van die vak te verhoog (Goslin, 1979:90).

Die grootste vordering gedurende die jare 1956 tot 1966 was die geleidelike voorsiening van doeltreffende onderrigfasiliteite in die vorm van gimnastieksale, swembaddens, buitegimnasiums, oefenterreine, grasperke, pakkamers en kleedgeriewe (Coetzee, 1978:59).

Ten opsigte van die vordering wat gemaak is, was daar egter nog leemtes:

- Die gebrek aan voldoende vakadviseurs in verhouding met die aantal skole maak doeltreffende voorligting en kontrole 'n onbegonne taak.
- Die toestand van die vak op laerskole was geheel en al onbevredigend omdat dit in die hande van ongespesialiseerde onderwysers was.
- Ten spyte van 'n aansienlike getal gimnastieksale en ander toerusting wat voorsien is, word die vak steeds aan die meeste laerskole en baie hoërskole onder moeilike omstandighede onderrig (Goslin, 1979:91).

Die vakadviseurs beveel in die 1966-vakverslag aan dat die volgende aspekte van Liggaamlike Opvoeding nog ernstige aandag verdien:

- die vermeerdering van die tydtoekenning van die vak tot ten minste twee periodes per week, ook vir standerds agt tot tien;
- die bepaling van leerlinge se vordering deur die instelling van 'n amptelike en verpligte stelsel van evaluasie;

- die aspek van korrektiewe werk; en
- die daarstelling van 'n gedifferensieerde leergang om voorsiening te maak vir onder-
rig volgens aanleg en vermoë (TOD, 1966:84).

2.7 DIE TYDPERK 1966 - 1977

Hoërskoolleerlinge gedurende hierdie tyd sal tans tussen 23 en 38 jaar oud wees.

'n Groot aantal proefpersone van die steekproef wat vir hierdie studie gebruik is, is in hierdie ouderdomsgroep.

Daar sal gepoog word om vas te stel of daar by proefpersone van hierdie ouderdomsgroep 'n meer positiewe of meer negatiewe houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool bestaan.

Na byna 40 jaar van ontwikkeling, moeisame vordering en groot finansiële uitgawes, is Liggaamlike Opvoeding in hierdie stadium gevestig as nie-eksamenvak naas ander skoolvakke op die skoolrooster (Goslin, 1979:91).

Hierdie ontwikkeling was hoofsaaklik te danke aan die onvermoeide ywer van die vakadviseurs en akademici (Goslin, 1979:91).

In 1967 verskyn Departementele Pamflet III: *Liggaamlike Opvoedinginstruksies en Algemene wenke aan skole* wat bepaal dat Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel van die algemene en verpligte vak vir alle medies geskikte leerlinge is. Verder word voorgestel dat gedifferensieerde onderwys ten opsigte van aanleg en belangstelling van leerlinge gevolg word. Wenke en riglyne aangaande roosterindeling, evaluasie, kontrole en vrystelling van Liggaamlike Opvoeding word ook in die pamflet vervat.

In 1969 word twee addisionele poste vir vakadviseurs vir Liggaamlike Opvoeding ingestel en in 1972 word die nuwe *Kernsillabus vir meisies van graad I tot standerd 10* vrygestel en word 'n nuwe benadering tot dogtersgimnastiek ingelei.

Die program vir die grade tot standerd 3 is 'n algemene program wat bewegings en fisieke ontwikkeling, asook emosioneel-sosiale ontwikkeling behels. Van standerd 4 tot standerd 8 word 'n algemeen spesifieke program gevolg. Die program vir standerd 9 en standerd 10 behels onder andere selfverdediging ook (Kernsillabus, 1972).

In 1973 word 'n kernsillabus vir seuns ingestel wat die 1961-sillabus vervang. Dié sillabus is op standerbasis opgestel in die primêre sowel as die sekondêre skool en die voorgeskrewe leerstof vir die seuns is dieselfde as die leerstof vir meisies in die grade (Goslin, 1979:94).

Met die verskyning van Departementele Pamflet III in 1967, is die metodiek van Liggaamlike Opvoeding op 'n eenvormige en georganiseerde basis geplaas, naamlik optimale aktiwiteitspeil, differensiasie, afwisseling van die groepbedrywighede en die verkryging van basiese fiksheid.

In 1967 herbevestig die Departement die tyd wat op die weeklikse rooster vir Liggaamlike Opvoeding ingeruim moet word (TOD, 1967:3). Volgens hierdie voorskrifte bly die bepalinge vir die grade soos vervat in Departementele Leergang van 1961, onveranderd.

Van standerd 1 tot standerd 10 is uit die 40 weke ongeveer 36 weke beskikbaar vir die onderrig van Liggaamlike Opvoeding. Vyftig persent, dit wil sê 18 weke moet aan die onderrig van gimnastiek bestee word. Vir dogters moet die helfte van die gimnastiekprogram uit ritmiese werk of volksdanse bestaan.

Drie van die volgende aktiwiteite moet in die gimnastiekprogram ingesluit word:

- Dogters: tuimel-, ewewigsoefeninge, touklim, trapbrug, steun- en ander spronge.
- Seuns: steunspronge, maatsbedrywighede, rekstok-, ringe-, brug-, touklim-, tuimel- en ewewigsoefeninge.

Die oorblywende 18 weke moet gewy word aan die onderrig van sport en spele, of swem.

Die voorskrifte bepaal dat daar vir die grade een periode van 15 minute per dag voorsiening gemaak moet word. Standerds 1 tot 7 beskik oor twee periodes van 35 minute per week en standerd 8 tot standerd 10 oor minstens een periode van ongeveer 35 minute per week (TOD, 1967:3).

In 1972 word die belangrike mylpaal hierbo genoem, bereik wat reeds vanaf 1966 bepleit is. Liggaamlike Opvoedingperiodes word vermeerder na twee 35- minuu-periodes per week vanaf Standerd 1 tot standerd 10 (Goslin, 1979:97).

In 1972 met die instelling van die nuwe sillabus word bekendstellings- en oriënteringskursusse vir hoër- en laerskole in Transvaal deur vakadviseurs gehou. Hierdie kursusse is jaarliks gehou tot en met 1976 (Goslin, 1979:98).

Met die instelling van vakonderwys in die laerskool (TOD, 1968:131), kom die Departement tot die besef dat gespesialiseerde opleiding vir laerskoolonderwysers nodig is om dit vir onderwysers moontlik te maak om die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding te begryp en die middele reg aan te wend (Goslin, 1979:99).

Daar bestaan in hierdie jare 'n groot tekort aan laerskoolvakspesialiste vir die standerds 3 tot 5 en met die nuwe kernsilabus van 1972 was dit vir Liggaamlike Opvoedingonderwysers met 'n hoërskoolopleiding onmoontlik om vir die seniorstanderds van die laerskool klas te gee. Hierdie personeeltekort duur voort tot 1977 (Goslin, 1979:100).

Geen laerskool is in hierdie stadium nog van gimnastieksale voorsien nie, met die gevolg dat die onderrigpeil steeds swak was. Hier is dit veral die groter dogters se Liggaamlike Opvoeding wat in die slag bly omdat hulle nie graag buite werk nie (Goslin, 1979:101). Vakadviseurs het met argitekke geskakel in verband met die omsetting van skoolsale in gimnastieksale en in 1972 word 'n volledige memorandum in verband met die standaardisering van gimnastieksale ingelewer.

Die katalogus vir Liggaamlike Opvoedingapparaat wat sedert 1966 in gebruik was, is vanaf 1975 nie meer van toepassing nie. Die katalogus van apparaat vir Liggaamlike Opvoeding is opgeneem in die publikasie *Handleiding vir Voorrade* (TOD, 1975:450). Hierdie handleiding word vervang deur afsonderlike katalogusse vir die onderskeie vakke.

Veiligheidsmaatreëls teen beserings van leerlinge in Liggaamlike Opvoeding en sport, die minimum kwalifikasie in Liggaamlike Opvoeding vir die onderrig van apparaatwerk en ander veiligheidsmaatreëls word weer eens in 1967 in 'n pamflet uiteengesit (TOD, 1967:29) en in 1971 verskyn 'n omsendbrief wat sekere wysigings op die 1967-pamflet bevat.

In hierdie tydperk is Liggaamlike Opvoeding in die laerskool op 'n beter grondslag geplaas, wat toegeskryf kan word aan die nuwe silabus vir opleidingskolleges, hulpmiddels in die vorm van films, publikasies, kursusse en instelling van vakonderrig aan die laerskool volgens Goslin (1979:105), maar daar is nog 'n paar knelpunte wat aandag behoort te kry:

- voorsiening van toegeruste gimnastieksale aan meisie- sowel as laerskole;
- die stelsel van evaluering is nog nie na wense nie; en
- 'n tekort aan goed opgeleide onderwysers in die laerskool.

2.8 VORDERING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN TRANSVAAL SEDERT 1978

Gedurende hierdie tyd word daar voortgebou op dit wat in die vorige dekade bereik is.

Volgens 'n mededeling van mnr. G. Coetzee (1987) vaksuperintendent vir Liggaamlike Opvoeding in Transvaal, is daar na die oriënteringskursusse van 1972 vir Sekondêre skole en in 1974 vir Primêre skole ook 'n nie-amptelike kursus, deur die T.O.D. en S.A.V.S.L.O.R. georganiseer, gehou op 16 November 1982, te Bronkhorstbaai.

Volgens mev. K. Candido (1987) ook vaksuperintendent vir Liggaamlike Opvoeding in Transvaal is daar gedurende 1980 nog 'n kursus vir die primêre skool gehou met die oog op die bespreking van die sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir laerskooldogters.

Vir die seuns is die volgende studiegids daargestel:

- 1984 Nr. 1 Gebruik van die skoolbiblioteek en mediasentrum.
- 1984 Nr. 2 Hersiene vakinhoudvertolking van die Liggaamlike Opvoeding in alle TOD-skole.
- 1982 Nr. 3 Hersiene vakinhoudvertolking van die Liggaamlike Opvoeding in alle TOD-skole.
 - ✕ Bylae A vir Primêre skole;
 - ✕ Bylae B vir Sekondêre skole.
- 1982 Nr. 4 Die organisasie en metodiek van Liggaamlike Opvoeding vir seuns.
- 1982 Nr. 5 Didaktiese aspekte van die onderrig van Liggaamlike Opvoeding vir seuns aan alle skole.
- 1985 Nr. 6 Die seleksie van gimnastiekleerstof in eenhede in Liggaamlike Opvoeding vir seuns aan alle TOD-skole.
- 1985 Nr. 7 Meting en evaluering in Liggaamlike Opvoeding.

Daar is deur die Komitee van Onderwys hoofde aan die Natalse Onderwysdepartement opdrag gegee om die sillabus vir seuns, standerd 6-10 te hersien. Die hersiene sillabus vir hoërskoolseuns is in 1987 vrygestel (Candido, 1987).

Aan die Kaapse Onderwysdepartement is opdrag gegee om die sillabus vir dogters vanaf graad 1 tot standerd 10 te hersien. Die hersiene weergawe van hierdie sillabus is ook in 1987 vrygestel vir implementering (Candido, 1987).

As gevolg van die ongunstige finansiële situasie wat gedurende die negentien tagtigs heers, word die TOD genoop om op fondse vir opvoedingsfasiliteite te besnoei. Die voorsiening van gimnasiums vir skole deur die TOD word gestaak. Die bestaande fasiliteite is op hierdie stadium nie aangepas by die nuwe sillabus vir dogters nie (Candido, 1987).

Daar is in die 1980's ook 'n begin gemaak met die stigting van kontakgroepe vir Liggaamlike Opvoedingonderwyseresse. Die kontakgroepe is op streeksbasis georganiseer en moes as skakel tussen onderwyseresse en vaksuperintendentente dien (Candido, 1987).

Van die jongste deelnemers aan hierdie navorsing kom uit hierdie groep. Hulle ouderdomme kan wissel tussen 18 en 28 jaar.

Hierdie jongmense is aan 'n hersiene Liggaamlike Opvoedingsprogram blootgestel.

2.9 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande feite is dit duidelik dat alle persone van ouderdom 18 tot 67 wat genader is in hierdie studie aan 'n Liggaamlike Opvoedingsprogram op skool onderworpe was.

Gedurende die tydperk 1933 tot 1988 het daar daadwerklike ontwikkeling en verandering in die Liggaamlike Opvoedingsvakgebied plaasgevind. Persone uit verskillende tydvakke het met verskillende ontwikkelingsfasies in Liggaamlike Opvoeding te doen gehad, wat moontlik 'n invloed op houding teenoor Liggaamlike Opvoeding kan hê.

Daar is op 40 jaar as die afsnypunt besluit omdat Liggaamlike Opvoeding na 1966 gevestig was as nie-eksamenvak naas ander vakke op die skoolrooster (Goslin, 1979:91). Persone wat jonger as 40 jaar is, het met 'n meer gevestigde situasie betreffende Liggaamlike Opvoeding te doen gehad terwyl die ouer persone in die jare van stryd om goeie reglementering op hoërskool was.

Vóór 1966 was Liggaamlike Opvoeding en is Liggaamlike Opvoeding, hoewel verpligtend vanaf 1939, nog nie goed gereglementeerd voorgeskryf nie en was daar min tot geen kontrole oor die aanbieding van die vak nie.

HOOFSTUK 3

HOUDINGSMETING

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat die houding van volwassenes jeens Liggaamlike Opvoeding op skool deur 'n hele aantal faktore beïnvloed kan word, naamlik:

- ervaring opgedoen in die vak;
- terapeutiese waarde van die vak;
- betrokkenheid by die vak;
- die belangrikheid van tegnologiese prestasie;
- historiese en antropologiese denkrigtings;
- aanbieding en evaluering van die vak; en
- die ouderdom van persone.

In hoofstuk 2 is 'n kort oorsig gebied van Liggaamlike Opvoeding se ontwikkeling en vakgebeure wat moontlik 'n invloed kon hê op die houding wat mense teenoor die vak sal toon. Daar is in die studie meer aandag gegee aan die vakgebeure in Transvaal omdat die behandeling van ander provinsies te omvangryk sou wees.

In hierdie studie wil die houding van mense gemeet word. Daar sal dus in die volgende hoofstuk nagegaan word hoe vakkundiges te werk gegaan het om houding te meet en die probleme wat hulle daarmee ondervind het.

3.2 HOUDING

Volgens Kiesler (1971:1) staan 'n groot gedeelte van die gewone mens se dag tot dag gedragpatrone in noue verband met sy houdings. Van die koerant wat hy koop tot die uitnodiging wat hy na 'n geselligheid aanvaar, word deur sy houding bepaal.

Triandis (1971:14) beweer dat die houding van 'n persoon afgelei word van dit wat hy sê van 'n houdingsobjek; hoe hy daarvoor voel en hoe hy daarteenoor sal optree.

Volgens 'n omskrywing van Thurstone & Chave (1970:6) kom houding op die volgende neer: Houding is die neigings, gevoelens, vooroordele, vrese, bedreiging, en oortuigings van 'n individu ten opsigte van 'n houdingsobjek (Thurstone & Chave, 1970:6). Houding is ook die mens se positiewe of negatiewe ingesteldheid teenoor die betrokke objek (Edwards, 1957:2) en 'n verstandelike en geestelike staat van gereedheid, georganiseer deur ondervinding wat dinamiese rigtingaanwysende invloed uitoefen op die individu se reaksie teenoor alle objekte en situasies wat met hom verband het (Thomas, 1971:19).

Daar word deur sommige navorsers soos Baker & Popham en andere gepoog om opleidingsprogramme daar te stel waarmee gestelde affektiewe doelstellings bereik kan word. Ebel (1973:3) redeneer dat affektiewe doelstellings bykans onmoontlik is om te onderrig. Ebel (1973:4) voer aan dat ingesteldhede nie soos kennis oorgedra kan word van onderwyser na leerling nie. Die leerling kan ook nie 'n ingesteldheid bekom deur dit op 'n direkte manier te bestudeer soos die bestudering van sekere vakke beter begrip tot gevolg het nie (Ebel 1972:5). 'n Sekere houding is byna altyd die gevolg van iets; van sukses of die gebrek aan sukses, van plig gedoen of plig versuim, van gevaar beleef of gevaar ontkom, aldus Ebel (1973:6).

Daar kan dus tot die volgende slotsom geraak word: alhoewel houding nie direk aangeleer of onderrig kan word nie, ontwikkel 'n individu 'n houding deur kondisionering of organisering wat 'n indirekte leerproses is.

Doob (1947:135-56) word deur Thomas (1971:19) en Warren & Jahoda (1973:31) aangehaal vir 'n gedetailleerde verklaring van die begrip *houding*. Doob (1947:135) definieer houding as 'n innerlike aandrywende (sturende) reaksie wat sosiaal belangrik is in die individu se gemeenskap. Vanuit 'n psigologiese oogpunt is houding 'n innerlike reaksie op stimuli van buite wat die uiterlike response van die individu stuur. Om sy definisie te verklaar breek Doob (1947:135) dit op in die volgende frases:

- 'n Houding is 'n innerlike reaksie wat beide uiterlike response (a) voorafgaan en (b) veroorsaak; wat veroorsaak word deur (a) 'n verskeidenheid prikkels (b) as 'n gevolg van vorige ondervinding (leer) of gradiënte van veralgemenings of diskreminasies wat intrinsiek aanwysend en aandrywend van aard is wat in die individu se gemeenskap as sosiaal-belangrik beskou word.
- In breë trekke verduidelik Doob (1947:135) houding soos volg:
Houding is 'n interne reaksie . . . Met interne reaksie word bedoel reaksie binne die individu en nie onmiddelik sigbaar vir 'n buitestaander nie. Motoriese houdings soos

die houding van die atleet vir die wegspring word nie by hierdie omskrywing ingesluit nie, omdat die genoemde houding uiterlik van aard is (Doob 1947:135).

- Doob (1947:36) beweer voorts: (Ander navorsers wat hierdie siening onderskryf is Hull (1943:74) en Miller & Dollard (1941:49).)
 - Houding is 'n interne reaksie . . . wat patrone van uiterlike response voorafgaan. Dit wil sê hierdie voorafgaande of vooruitlopende response is response wat oorspronklik ander, beloonde response voorafgegaan het (Doob, 1947:136). As 'n persoon byvoorbeeld nie van 'n voedselsoort hou nie, sal hy geneig wees om die voedselsoort te vermy. Oorspronklik het vermyding plaasgevind nadat kontak gemaak is en vasgestel is dat kontak straffend en kontakvermyding lonend is (Doob, 1947:36). Doob verduidelik verder soos volg:
 - Houding is 'n innerlike reaksie wat patrone van uiterlike reaksie of respons veroorsaak. Waar die voorafgaande of afwagtende karakter van houding dui op die temporele verhouding tot doelwit, dui die veroorsakende karakter op die funksionele skakeling met daardie doelwit. Byvoorbeeld, die individu wat nie van 'n persoon hou nie sal homself betoel of word betoel deur sy vrees dat 'n aksie van aggressie teenoor sy antagonis hom onaanvaarbaar vir die gemeenskap sal maak. Insteede daarvan om sy antagonis aan te val, reageer hy innerlik vanaf antagonisme tot vermyding. Hierdie definisie dui daarop dat houding aangeleer of ingekondisioneer kan word. Kennis van die leerproses is noodsaaklik om die reaksies van houding te verstaan. Dit is ook nodig om te verstaan dat die eerte stap tot houdingsvorming 'n perseptuele stap is, wat impliseer dat daar 'n stimulus ondervind moet word voordat daar enige sprake van 'n leerproses kan wees (Doob, 1947:36).
- Doob (1947:36) vervolg sy uiteensetting met die onderstaande:

Houding is 'n innerlike reaksie . . . wat veroorsaak word as gevolg van vorige ondervinding (leer) of gradiënte van veralgemening en diskriminering. Hier word gesê dat voorafgaande ondervinding (leer) bepaal of sekere stimuluspatrone 'n uiterlike reaksie sal veroorsaak of nie. Ander stimuli veroorsaak of veroorsaak nie 'n houding nie as gevolg van hulle teenwoordigheid al dan nie, in vorige situasies, maar omdat hulle saamval in 'n stimulusgradiënt van veralgemenings of diskriminasies. As 'n blanke individu byvoorbeeld nie van 'n spesifieke swart individu hou nie, is daar 'n stimulus diskriminasie. As 'n blanke individu van alle swartes nie hou nie, is daar 'n stimulus-veralgemening in die gradiënt van byvoorbeeld velkleur (Doob, 1947:37).

Dit is vir die doel van hierdie studie nie nodig om dieper in te gaan op die “gradiënte van veralgemening en diskriminering” nie. Vir verdere bestudering van hierdie onderwerp word die leser verwys na Cofer & Foley (1942:513), Hull (1943:185) en Cantril *et al.* (1940:159).

- Doob (1947:38) verduidelik verder soos volg:

Houding is 'n innerlike reaksie . . . wat intrinsiek aanwysend en aandrywend van aard is. Soos ander innerlike response kan houding ook stimuluswaarde hê: wek dus ander response op (Doob, 1947:39). Die stimuluswaarde van houding gee 'n aanduiding waarom navorsers so 'n groot verskeidenheid reaksies, behalwe uiterlike optrede, assosieer met houding. Houding het aanwysende waarde in die sin dat dit as stimulus dien om ander response ook te verwek (Doob, 1947:38). Dit is ook aandrywend in die sin dat dit lei na uiterlike optrede wat lei na vergoeding. Hier dien die krag van aandrywing en die krag van die verbinding tussen houding en uiterlike reaksie genoem te word. Doob (1947:38) verduidelik die voorafgaande met die volgende: as 'n individu 'n afbeelding van voedsel waarvan hy hou getoon word, sal die afbeelding 'n gunstige of positiewe respons ontlok. As uiterlike reaksie van die respondent behels dit dat daar 'n vermeerderde speekselafskeiding by hom plaasvind en hy verbaal verklaar hoe hy van die voedsel hou, kan die aandrywingskrag van die houding as relatief swak beskou word. As die respondent alles waarmee hy op daardie oomblik besig is, onmiddellik daar laat en uitgaan om te eet, was die aandrywingskrag van die houding relatief sterk. Doob (1947:39) waarsku egter dat kennis van die rigting of inhoud van 'n houding nie ekwivalent is aan die meting van die krag daarvan nie.

- Doob (1947:40) verduidelik ten slotte soos volg:

Houding is 'n innerlike reaksie . . . wat as sosiaal belangrik in die individu se gemeenskap beskou word. Die onderskeid tussen houdings en ander uiterlike reaksies word op 'n sosiale basis gemaak. 'n Bruikbare toets om te besluit of 'n innerlike reaksie met aandrywende krag 'n houding is, is om vas te stel of die betrokke reaksie aanvaarbaar is al dan nie vir die individu se tydgenote. In enige segment van die gemeenskap, op 'n gegewe moment, is individue geneig om houdings aan te neem omdat hulle blootgestel word aan dieselfde leersituasie.

Triandis (1971:2) definieer houding soos volg: Houding is 'n geestelike en neurale staat van gereedheid, georganiseer deur ondervinding, wat rigtingaanwysende of dinamiese invloed het op 'n individu se reaksies op alle objekte en situasies waarmee dit 'n verband het.

Volgens Triandis (1971:3) omskryf die volgende definisie baie van die sentrale idees van "houdingteoriste": 'n houding is 'n idee geaktiveer deur emosie wat aanleiding gee tot 'n klas van aksies tot 'n spesifieke klas van sosiale situasies.

Die bovermelde definisie van Triandis (1971:3) suggereer dat houding uit drie komponente bestaan naamlik:

- **Kognitief:** dit wil sê die idee en die kategorieë wat deur mense in denkprosesse gebruik word. Hierdie kategorieë word in sowel die horisontale vlak (byvoorbeeld poedel, kollie, terriër) as die vertikale vlak (byvoorbeeld poedel, hond, dier) georganiseer.
- 'n **Affektiewe komponent:** naamlik die emosie wat die idee versterk, wat 'n positiewe of negatiewe effek jeens 'n saak tot gevolg het.
- 'n **Gedragskomponent:** wat aanleiding gee tot aksie of deelname (Triandis, 1971:3).

Daar is egter diegene byvoorbeeld Rokeach, Sherifs en Nedergall wat soos Halloran (1976:25) gekant is teen die idee van konseptualisering van houding in verskillende komponente, te wete kognitief, motiverend en gedrag. Daar word deur hulle beweer dat aanvangsfrases soos *Ek dink . . .*, *Ek voel . . .* en *Ek glo . . .* maklik omgeruil kan word sonder betekenisverskil in die sin (Halloran, 1967:25).

Volgens Halloran (1967:55) is die funksies van houding die volgende:

- Hy noem die eerste funksie van houding: die instrumentale, aanpassende of nuttigheidsfunksie. Dit hou kortliks in dat soos mense hul beloning wil maksimaliseer en hul nadele of straf minimaliseer, mag hulle gunstige of ongunstige houdings ontwikkel teenoor daardie objekte of persone wat hulle met tevredenheid, beloning of straf, goedkeuring of afkeur assosieer. Hierdie houdings word volgens Halloran (1967:55) gevorm deur hede of vergange persepsies.
- Die volgende funksie van houding is die ego-verdedigende funksie. Die persoon beskerm homself teen die aanvaarding van basiese, onaanvaarbare waarhede omtrent homself en sekere harde werklikhede in die lewe. Hierdie houdings ontstaan binne die persoon, van innerlike konflikte en onsekerhede.
- Sommige houdings het 'n waardebepalende funksie, wat die persoon in staat stel om sy eie waardestelsel te bepaal en aan andere die soort mens te toon soos wat hy homself sien. Houding is dus selfbeeldbepalend.
- Die vierde funksie is die kennisfunksie. Die mens benodig kennis om te kan verstaan en betekenis te gee aan andersins sinnelose situasies. Die mens verkies sekerheid, konstantheid en stabiliteit bo onsekerheid, dubbelsinnigheid en onstabiliteit. Die

mens benodig standarde en verwysingsraamwerke om sy wêreld te verstaan en houdings voorsien die mens van sulke verwysingsraamwerke (Halloran, 1967:55).

3.2.1 Samevatting

Uit die voorafgaande stelling kan die afleiding gemaak word dat houding die innerlike neigings, gevoelens, vooroordele, vrese, bedreigings en oortuigings van die individu is; nie direk aangeleer kan word nie, maar gekondisioneer kan word en saamhang met die individu se gedragpatrone. Houding is 'n innerlike reaksie wat deur ondervinding veroorsaak word; wat uiterlike response voorafgaan; intrinsiek aandrywend van aard is en uiterlike reaksies veroorsaak.

Houding is aanpassend, ego-beskermend, waarde- en selfbeeldbepalend en voorsien 'n verwysingsraamwerk vir kennis.

3.3 HOUDINGSMETING - DIE DOEL

Die mens moet uit die aard van sy menswees voortdurend beslissings maak en oordele fel wat sy lewe beïnvloed (Safrit, 1973:1). Alhoewel sommige beslissings op 'n objektiewe siening van die realiteit gebaseer is, word baie beslissings na aanleiding van menslike waardes, dus subjektiewelik gemaak (Safrit, 1973:1).

Wanneer beslissings gemaak moet word wat die lewens van ander raak, word objektiwiteit en rasionaliteit belangrik (Safrit, 1973:1).

Die doel van houdingsmeting is om 'n getal toe te ken aan die hoedanigheid van 'n sekere entiteit, houding of gevoel jeens 'n spesifieke teiken of objek en 'n houdingskaal is die instrument waarmee houding gemeet word, aldus Safrit (1973:1) en Adams (1963:250).

Samevattend kan gesê word dat dit die doel van 'n houdingsmeting is om aan die hand van 'n betroubare meetinstrument, 'n betroubare en geldige berekening te maak van die rigting en intensiteit van die houding van 'n individu jeens 'n saak, aldus Wear (1951:114).

3.4 DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN HOUDINGSMETING

Volgens Kenyon (1968:566) word daar vir langer as 'n eeu melding gemaak van houding in literatuur oor die psigologie. Kenyon (1968:566) beweer dat Herbert Spencer reeds in 1862 na houding en die verband daarvan met geloof verwys.

Die eerste ernstige pogings om houdings te "skaal" het volgens Kenyon (1968:566) plaasgevind toe Fechner, Weber en Thurstone 'n houdingsmetingskaal in 1929 ontwikkel het. Kenyon (1968:566) vervolg dat Thurstone se werk gelei het tot die ontstaan van 'n houdingskaal met 'n interval meting en dat dit die basis voorsien het vir die psigologiese meting van houding vir die navorsers wat op hom gevolg het.

Tans word houdingskaale ontwikkel deur (a) die domein van die psigologiese objek te bepaal, byvoorbeeld kognitief en affektief, (b) die selektering van stimuli (gewoonlik verbaal) verteenwoordigend van die domein en (c) die formulering van skale wat van of beoordelende of responderende metodes gebruik maak (Kenyon, 1968:567).

3.5 PROBLEME MET HOUDINGSMETING

'n Houdingskaal is 'n selfrapporteurmeetmetode en gaan mank aan die swakhede eie aan hierdie soort meetinstrument (Baumgartner & Jackson, 1975:253). Die grootste beperking van hierdie metode is die feit dat dit slegs kan reflekteer wat 'n individu weet of bereid is om mee te deel omtrent sy houding (Baumgartner & Jackson, 1975:253). 'n Student kan, omdat hy van die onderwyser hou, 'n meer gunstige beeld op 'n selfrapporteurskaal noteer as wat sy werklike houding regverdig en teenstrydige gedrag openbaar; of 'n student kan 'n positiewe houding teenoor fisieke fiksheid hê, maar self onaktief en onfiks wees.

Dit is daarom onrealisties om 'n houdingskaal as parallel aan gedrag te stel en daarvolgens die skaal se geldigheid te probeer bepaal. Die meeste skale maak staat op inhoudsgeldigheid. Hierdie prosedure behels dat die inhoudsarea afgebaken moet word en houdingstellings ontwerp moet word wat logies binne hierdie area val. Om in staat te wees om 'n somtotaal van al die tellings op 'n skaal te kry, is dit noodsaaklik dat al die stellings dieselfde algemene houding moet meet (Baumgartner & Jackson, 1975:253).

Kenyon (1968:568) het gedemonstreer dat houding multidimensioneel is. Daar is verskillende tipes houdings teenoor 'n objek verkry. Die komposiete telling moet onderverdeel word in verskeie tellings (Kenyon, 1968:568). Gestel 'n houdingskaal meet twee faktore in

'n respondent se houding jeens Liggaamlike Opvoeding: (a) die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir sosiale ontwikkeling en (b) die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir gesondheid en fiksheid. Deur al die tellings saam te tel kan twee individue wat verskillende houdings jeens Liggaamlike Opvoeding het, dieselfde telling kry, want die een mag die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir sosiale ontwikkeling hoog aanslaan terwyl die ander Liggaamlike Opvoeding as waardeloos vir sosiale ontwikkeling mag sien, maar noodsaaklik vir gesondheid en fiksheid. Die saamgestelde punt sal dus nie die ware houding van die respondente verteenwoordig nie (Kenyon, 1968:568).

Baumgartner & Jackson (1975:254) beweer dat die meeste houdingskale 'n hoë betroubaarheid (+ .85) toon, dog wanneer die tellings van al die skale opgesom word, is dit nie altyd duidelik watter faktore betroubaar gemeet word nie. Baumgartner & Jackson (1975:254) sê voorts dat die hoofprobleem met opvoedkunde- en sporthoudingskale die feit is dat konstrugeldigheid nog nie vasgestel is nie. Konstrugeldigheid behels dat die psigologiese eienskappe wat deur die skaal gemeet word vasgestel moet word (Baumgartner & Jackson, 1975:254). Die vraag wat volgens Baumgartner & Jackson (1975:254) beantwoord moet word is: Watter faktore of konstrukte verklaar variansie in toetsprestasies? Die algemene metode om konstrugeldigheid vas te stel is faktoranaliese, wat die navorser in staat stel om die faktor of dimensie vas te stel of om die houdingsmetingstellings op te stel.

Best (1977:160) word dikwels aangehaal vir sy siening van die probleme met mening- of houdingskaal. Volgens Best (1977:169) het die proses om houding van 'n uitgespreekte mening af te lei beperkinge. 'n Individue mag sy werklike houding verberg en 'n sosiaal aanvaarbare mening gee. 'n Individue kan self nie seker wees wat sy houding jeens 'n sekere sosiale vraagstuk is nie. Dit mag wees dat die respondent die saak nog nooit ernstig oorweeg het nie. Die individue mag dit onmoontlik vind om sy houding omtrent 'n situasie in die abstrakte sin te weet. Alvorens hy nie met die werklike situasie gekonfronteer word nie, is dit vir die respondent nie moontlik om te voorspel wat sy houding sal wees nie, aldus Best (1977:169).

Gedrag is volgens Best (1977:169) ook nie altyd 'n aanduiding van houding nie. Sosiale gebruike of die behoefte om sosiaal aanvaar te word, maak uiterlike gedragpatrone blote formaliteite met geen betrekking tot innerlike gevoelens van die individue nie (Best, 1977:169). Alhoewel daar geen seker manier is om houdings te beskryf en te meet nie, sal beskrywings en meting van menings in die meeste gevalle nou saamhang met die ware houding van die respondent (Best, 1977:169).

3.6 SOORTE HOUDINGSMETINGSKALE

Volgens Baumgartner & Jackson (1975:270) kan houdings hoofsaaklik deur twee basiese metodes gemeet word, naamlik semantiese differensiaalskaal en gepubliseerde houdingskaal.

Houdingsmeting fokus op die gevoelens jeens 'n spesifieke onderwerp. 'n Houdingsmetingskaal verlang van die toetspersoon om saam te stem of te verskil van 'n reeks stellings, beide positief en negatief bewoord.

'n Betreklik nuwe, maar soepel manier om houdings te meet is die semantiese differensiaalskaal. Hierdie meetinstrument verwag van die individu om op teenoorstaande byvoeglike naamwoorde te reageer, aangesien gevoelens oor 'n onderwerp gewoonlik in byvoeglike naamwoorde uitgedruk word. Teenoorstaande byvoeglike naamwoorde word dus gebruik om gevoel te meet.

Hierdie benadering is soepel omdat 'n groot verskeidenheid konsepte gemeet kan word sonder om die skaal te verander (Baumgartner & Jackson, 1975:273).

3.7 HOUDINGSMETING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING

In hoofstuk 1 is verduidelik dat dit die doel van hierdie studie is om te bepaal of daar verskille in die houding jeens Liggaamlike Opvoeding op skool bestaan by volwassenes van verskillende ouderdomme en wat in verskillende hoedanighede by Liggaamlike Opvoeding op skool betrokke is.

Hierna word nagegaan hoe houdingsmeting in Liggaamlike Opvoeding ontwikkel het.


Daar word ingegaan op die meetinstrument van Krathwohl en wat die semantiese differensiaal behels, omdat daar in die vraelys vir hierdie studie hoofsaaklik van hierdie meetinstrument gebruik gemaak word.

3.7.1 Houdingsmetingskaal in Liggaamlike Opvoeding

Uit die standpunte aangaande houding en wat dit is, soos hierbo aangehaal, is 'n skematiese samevatting gemaak wat in diagram 3.1 uitgebeeld word. Daarvolgens sou dit, by wyse van voorbeeld, vir die konkretisering van die situasie wat vir die onderhawige ondersoek geld,

beteken dat 'n persoon wat op skool met ongeorganiseerde en swak aanbiedings van Liggaamlike Opvoeding te doen gehad het wat tot onsuksesvolle (dalk ego-afbrekende) uitvoering aanleiding gegee het en wat dit gereeld so ervaar het (persepsie en ondervinding) negatiewe neigings/gevoelens/oortuigings as innerlike reaksie ontwikkel het en sal hierdie houding teenoor Liggaamlike Opvoeding nie noodwendig in uiterlike reaksie nie, maar na alle waarskynlikheid uit gerigte vrae aan hom, na vore kom.

DIAGRAM 3.1 'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE GEBEUREVERLOOP BY HOUDINGSVORMING



3.7.1.1 Taksonomie

Die betekenis van die woord in hierdie verband kom neer op die aandui van hiërargiese rangskikkings van klasse van opvoedkundige doelwitte (Davies, 1976:147).

Volgens Van der Walt (1980:51) word daar van taksonomieë gebruik gemaak om die terrein vir meting en evaluering in Liggaamlike Opvoeding af te baken. Daar bestaan verskillende terreine waarin meting en evaluering in Liggaamlike Opvoeding kan plaasvind, te wete die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese terrein (Van der Walt, 1980:53).

Vir die doel van hierdie studie word daar op die affektiewe terrein beweeg om die houding van volwassenes jeens Liggaamlike Opvoeding na te gaan. Kennis van die taksonomie was dus nodig om die terrein, naamlik die affektiewe terrein, te begrens.

In figuur 3.1 op die volgende bladsy volg 'n kort opsomming van die taksonomie vir die affektiewe veld.

Die veld strek van 'n basisvlak, waar 'n individu bewus is van 'n waardesisteem, tot by 'n oorredende of oorheersende siening wat 'n persoon se optrede beïnvloed en bepaal.

Kratwohl *et al.* (1978:37) se voorbeeld is vir hierdie studie van belang omdat daarin aangedui word hoe die taksonomie toegepas kan word op Liggaamlike Opvoeding.

Volgens die bespreking van bogenoemde taksonomie in Baumgarten & Jackson (1975: 251) word in hierdie geval belang gestel in die ontwikkeling van 'n sin vir regverdigheid by studente.

In die voorbeeld van Kratwohl *et al.* (1978:37) strek die affektiewe taksonomie van die ontvanklikheid van die student tot by die uiteindelijke karakterisering van die waarde.

Volgens figuur 3.1 ontwikkel die student (1) 'n bewustheid dat daar so iets is soos regverdigheid, hy (2) waardeer regverdigheid wanneer hy dit in spele waarneem en (3) soek na situasies waar regverdigheid aan ander betoon word. Wanneer hy vermaan of versoek word, (4) gee die student aandag aan die reëls. Soms (5) dui die student self aan wanneer reëls oortree word, maar net om die onderwyser te plesier. Die student raak (6) emosioneel betrokke en ondervind 'n gevoel van genoegdoening as hy self eerlik is. Hy (7) aanvaar dat eerlikheid en regverdigheid 'n goeie ding in sport is. Vervolgens (8) beoordeel hy homself aan sy eie regverdigheid sonder aansporing van buite en probeer (9) ander ook oortuig van sy standpunt. Hy (10) besef dat eerlikheid en regverdigheid ook op ander fasette van die lewe van toepassing is en pas (11) die beginsel van eerlikheid en regverdigheid toe in sy lewe. Dit word 'n konsekwente (12) deel van sy lewe en (13) deel van sy karakter en persoonlikheid.

Hierdie hiërargie van 'n ontwikkelende waardesisteem kan toegepas word op baie van die ander gesogte affektiewe gedragspatrone wat deur Liggaamlike Opvoeding gebou kan word. Affektiewe gedragspatrone moet dus herken en bepaal word, gedefinieer word, beplan word en daarna aan studente oorgedra word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik hoe 'n taksonomie funksioneer.

3.7.2 Die konstruksie van verskillende houdingskale

Die Likert-houdingskaal is een van die mees gebruikte tegnieke vir houdingsmeting.

Houdingsmeting verwag van die student om saam te stem of nie saam te stem met 'n reeks stellings, beide positief en negatief (1951:114). Die houdingskaal van Likert soos deur Wear gebruik, word aangehaal in onder andere die werke van Baumgartner & Jackson (1975:264), Mathews (1973:467), en Safrit (1973:308).

Volgens Baumgartner & Jackson (1975:252) word verskeie soorte skale gebruik om 'n respondent se graad van affek of ingesteldheid te bepaal. Die eenvoudigste sal twee keuses stel (stem saam/stem nie saam nie) of vyf keuses (sterk gekant teen/gekant teen/onseker/stem saam/stem heeltemal saam). 'n Sewestapskaal kan verkry word deur die "ten sterkste gekant" en "stem ten sterkste saam" (Baumgartner & Jackson, 1975:252) by te voeg.

Hieronder volg 'n voorbeeld van houdingstellings uit die skaal wat deur Wear gebruik is (1951:114):

- 3. Physical Education is one of the more important subjects in helping to establish and maintain desirable social standards.
- 10. Physical Education does more harm physically than it does good.
- 20. Participation in Physical Education activities establishes a more wholesome outlook on life.
- 30. Physical Education has no place in modern education.

Verskillende soorte skale word gebruik om die graad van affek by die respondent te bepaal. Die mees gebruiklike bied twee alternatiewe (stem saam of verskil) of vyf alternatiewe (stem volkome saam/stem saam/besluiteloos/verskil/verskil heeltemal) in die vyf-puntskaal. Daar bestaan 'n klein voordeel wanneer 'n gelyke getal alternatiewe gebied word en die neutrale keuse (besluiteloos) uitgeskakel word.

'n Tipiese positiewe houdingstelling soos deur Likert gebruik:

“Die beste manier om meer sosiaal begeerlik te wees, is om in groepverband deel te neem aan fisieke aktiwiteite.”

1	2	3	4	5
Stem volkome saam	Stem saam	Besluiteloos	Stem nie saam nie	Verskil heeltemal

BRON: Kirkendall *et al.* (1980:382).

Nunnally (1976:) beveel 'n numeries afgemerkte grafiese skaal aan. Dit dui die graadverskil tussen gevoelens duidelik aan. Die grafiese skale laat 'n vryer keuse toe in die hoeveelheid graadverskille wat voorsien kan word. Byvoorbeeld:

STEM VOLKOME SAAM								VERSKIL HEELTEMAL
	1	2	3	4	5	6	7	

STEM SAAM											VERSKIL
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	

Baumgartner & Jackson (1975:270) sê ook dat meer stappe meer aanvaarbaar as 'n paar stappe is. Oor die algemeen is skale met 7 tot 11 stappe meer betroubaar. Vanaf 11 en meer stappe is daar 'n onbeduidende verskil in betroubaarheid.

Volgens Baumgartner & Jackson (1975:272) moet daar op gelet word dat met die verwerking van die punttellings in houdingskale die punttelling van die respondent se reaksie op die hele skaal nie alles bymekaar getel kan word nie, aangesien die waardes van negatiefbewoorde stellings afgetrek moet word van die totale punt van die skaal plus 1.

Op die geïllustreerde 11-puntskaal word die gemerkte nommerwaarde van 'n negatiefbewoorde stelling afgetrek van 12. Byvoorbeeld; 'n student merk die 4 op 'n 11-puntskaal in antwoord op die negatiewe stelling: "Indien vir enige rede 'n paar vakke van die skoolprogram geskrap moet word, moet Liggaamlike Opvoeding een van die vakke wees?" By die 11-puntskaal word die 4 as 8 bereken, $12 - 4 = 8$ wat dan 'n positiewe houding teenoor Liggaamlike Opvoeding weerspieël.

Veronderstel dieselfde student merk 'n 4 op die stelling: "Deelname aan Liggaamlike Opvoedingaktiwiteite bewerkstellig 'n meer gesonde uitkyk op die lewe." Aangesien dit 'n positiewe stelling is, dui die 4 op 'n negatiewe houding op die 11-puntskaal wanneer die *stem saam* of *verskil* aan dieselfde kante soos in die voorbeeld staan.

Die verskillende houdingskale is hierbo bespreek as 'n belangrike ontwikkelingstap tot die semantiese differensiaalskaalmetode.

Daar word in die aangehegte vraelys hoofsaaklik van die semantiese differensiaalmetode gebruik gemaak om inligting oor hulle houding jeens Liggaamlike Opvoeding van respondente te onttrek omdat dit 'n baie soepel metode is en baie goed vir die doel waarvoor dit benodig was, gedien het.

3.7.3 Die semantiese differensiaal

Soos in hoofstuk 3 genoem, is die semantiese differensiaal 'n soepel metode van houdingsmeting omdat dit by enige konsep aangepas kan word (Baumgartner & Jackson, 1975:273).

Omdat houdings gewoonlik oorgedra word deur middel van byvoeglike naamwoorde, word 'n lys van teenoorstaande byvoeglike naamwoorde gebruik om 'n houding mee te meet (Baumgartner & Jackson, 1975:273).

In die onderstaande voorbeeld kan enige onderwerp in die plek van “Die Liggaamlike Opvoedingsklas” geplaas word soos byvoorbeeld “Liggaamlike Opvoedingonderwyser” of “interskole atletiek”.

Talle studies wat gebruik maak van verskillende beginsels het tot die gevolgtrekking gelei dat daar hoofsaaklik drie hoofkategorieë deur die semantiese differensiaal gemeet word (Baumgartner & Jackson, 1975:270). Die sterkste faktor is *waarde-oordeel*, dit wil sê die graad van “goedheid” wat 'n sekere individu ten opsigte van 'n betrokke konsep het. Hierdie faktor word gemeet deur teenoorstaande byvoeglike naamwoorde soos die volgende:

goed - sleg	eerlik - oneerlik
aangenaam - onaangenaam	positief - negatief
regverdig - onregverdig	lelik - mooi
wys - onwys	waardevol - waardeloos
suksevol - onsuksesvol	skoon - vuil

Die tweede faktor is die *krag* van die betrokke beginsel. Teenoorstaande byvoeglike naamwoorde wat hier van toepassing is, is woorde soos:

sterk - swak	rof - delikaat
hard - sag	groot - klein
swaar - lig	manlik - vroulik
dun - dik	diep - vlak

Die derde faktor, *aktiwiteit*, word gemeet deur teenoorgestelde byvoeglike naamwoorde soos:

aktief - passief warm - koud
 gespanne - ontspanne skerp - stomp
 opwindend - kalm besig - lui
 vinnig - stadig
 (Baumgartner & Jackson, 1975:273)

TABEL 3.1
DIE SEMANTIESE DIFFERENSIAAL (L.O.-klas)

(E)	aangenaam	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	onaangenaam	Waarde-oordeel
(A)	ontspanne	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	gespanne	Aktiwiteit
(A)	passief	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	aktief	Aktiwiteit
(E)	onsuksevol	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	suksevol	Waarde-oordeel
(P)	delikaat	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	rof	Krag
(A)	vinnig	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	stadig	Aktiwiteit
(E)	goed	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	sleg	Waarde-oordeel
(P)	swak	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	sterk	Krag
(A)	lui	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	besig	Aktiwiteit
(P)	manlik	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	vroulik	Krag
(P)	swaar	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	lig	Krag
(E)	onregverdig	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	regverdig	Krag

BRON: Baumgartner & Jackson (1975:270)

In hoofstuk 5 van hierdie studie word 32 vrae in grafiek 5.8 grafies voorgestel.

- 81% - 26 van die vrae het 'n waardeoordeel (E) onttrek,
- 9% - 3 vrae het die faktor van aktiwiteit (A) beoordeel en
- 9% - 3 vrae het die krag (P) van die betrokke aspek beoordeel.

3.7.3.1 Konstruksie van die semantiese differensiaalskaal

Volgens Baumgartner & Jackson (1975:274) moet daar 'n bepaling wees van die verskillende konsepte van toepassing op die algemene houding wat geëvalueer moet word.

Vervolgens moet toepaslike byvoeglike naamwoordpare uitgekies word. Omdat 'n minimum van drie byvoeglike naamwoordpare benodig word om 'n faktor betroubaar te meet, sal ten minste nege byvoeglike naamwoordpare nodig wees om die faktore *evaluasi*e of *waarde-oordeel*, *krag* en *aktiwiteit* mee te meet.

Hierdie byvoeglike naamwoordpare moet op die leesbegripvlak van die betrokke respondent wees, aldus Baumgartner & Jackson (1975:271).

Die letters *E*, *A* en *P* is by tabel 3.1 gevoeg om aan te toon watter faktore deur die betrokke byvoeglike naamwoordpaar gemeet word.

- E = evaluasie of waarde-oordeel (goed-sleg)
- A = aktiwiteit (vinnig-stadig)
- P = krag/potensie (sterk-swak).

Dit is belangrik dat die verskillende soorte byvoeglike naamwoordpare nie bymekaar gegroepeer word nie, maar deurmekaar gerangskik word. Beide positiewe en negatiewe byvoeglike naamwoordpare moet in elke kolom verskyn.

□ Telling en interpretasie

Die respondent trek 'n kruisie by die punt tussen die twee byvoeglike naamwoorde wat sy gevoel die beste verteenwoordig. Wanneer die positiewe byvoeglike naamwoord links op die skaal staan, lyk dit soos volg:

AANGENAAM								ONAANGENAAM
	7	6	5	4	3	2	1	

Wanneer die positiewe byvoeglike naamwoord regs staan is die omgekeerde orde van toepassing:

ONSUKSESVOL								SUKSESVOL
	1	2	3	4	5	6	7	

Die respondent se telling per faktor is die som van al die teenoorstaande byvoeglike naamwoorde met betrekking tot die betrokke faktor.

As al die faktore gemeet word, sal elke skaal drie totale tellings lewer. Siende dat hierdie data nou op die gewone manier geanaliseer word, is dit moontlik om sekere norme daar te stel.

Die semantiese differensiaal is ontwerp om die betekenis wat 'n mens aan 'n sekere konsep heg te meet. Die terugvoer op die evaluasiefaktor kom neer op 'n toetsing van die houding, maar dit is in werklikheid 'n maatstaf vir die respondent se interpretasie van die fisiese karaktertrekke van die konsep (Cohen & Manion 1980:90).

Om inligting van respondente te onttrek oor hulle houding teenoor Liggaamlike Opvoeding is in hierdie studie ook van die semantiese differensiaalskaalmetode gebruik gemaak.

Met hierdie skaal is gepoog om vas te stel of die respondent 'n positiewe of 'n negatiewe houding jeens Liggaamlike Opvoeding huldig.

HOOFSTUK 4

DIE INSAMELING EN VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die doel met hierdie studie, naamlik om die houding van volwassenes teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool te bepaal, verduidelik.

Die historiese verloop van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding op skool is gerapporteer. Die houding van volwassenes teenoor Liggaamlike Opvoeding is as die probleem van hierdie studie gestel. Die houding van volwassenes teenoor Liggaamlike Opvoeding wil ondersoek word as 'n moontlike rede vir die onbevredigende ontplooiing van Liggaamlike Opvoeding op skool.

In die voorafgaande hoofstuk is vasgestel hoe houding gemeet word en watter houdingskale vir Liggaamlike Opvoeding bestaan.

'n Gepaste houdingskaal vir die doel van die studie is saamgestel en gebruik in 'n vraelys. Die vraelys is aangepas by die proefpersone in die studie en met 'n proeflopie en her-evaluering van die vroe gestandaardiseer om geldig te wees vir sekere groepe volwassenes wat verskil in ouderdom en hoedanigheid van betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding. Die vraelys is aan die onderhawige groepe versend. Respondente is persoonlik, per brief en telefonies aangemoedig om die vraelys te voltooi en terug te stuur. Nadat dit ingevul en terugontvang is, is die data verwerk en geïnterpreteer.

4.2 DIE TEIKENGROEPE

Daar word van gestratifiseerde steekproefneming gebruik gemaak. In hierdie geval word *betrokkes* gedefinieer as daardie persone wat hulle op 'n gereelde basis besig hou met oefening of liggaamlike opvoeding. Hieronder sal ressorteer: onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding as vak aanbied, L.O.-dosente, L.O.-studente, persone wat om een of ander rede aan gereelde oefenprogramme deelneem en dienspligtiges in die SAW. Alle ander

wat nie formele en gereelde betrokkenheid by oefenprogramme of liggaamlike opvoeding het nie, is as onbetrokkeses beskou. In hierdie geval word betrokkenheid gedefinieer as daardie persone wat hulle op 'n gereelde basis besig hou met oefening of liggaamlike opvoeding. Hieronder sal onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding as vak aanbied, ressorteer asook Liggaamlike Opvoeding-dosente, Liggaamlike Opvoeding-studente, persone wat om een of ander rede aan gereelde oefenprogramme deelneem en dienspligtiges in die Suid- Afrikaanse Weermag. Alle ander persone wat nie formele en gereelde betrokkenheid by oefenprogramme of liggaamlike opvoeding te doen het nie, is as onbetrokke beskou. Die verskillende strata word proporsioneel in die steekproef verteenwoordig.

- As jong volwassenes is vir die studie ingesluit volwassenes in die ouderdomsgroep 17 tot 40 jaar wat betrokke is by Liggaamlike Opvoeding en jong volwassenes in dieselfde ouderdomsgroep wat nie by Liggaamlike Opvoeding betrokke is nie. Dienspligtiges van dieselfde ouderdomsgroep ressorteer ook onder jong volwassenes.
- As ouer volwassenes is vir die doel van die studie volwassenes ingesluit wat in die ouderdomsgroep 41 tot 61 jaar en ouer is. In hierdie groep kom sommige nagraadse L.O.-studente, L.O.-dosente, dosente in ander vakke, weermaginstrukteurs, lede van biokinetikaklinieke en ander volwassenes in dieselfde ouderdomsgroep wat nie by liggaamlike opvoeding betrokke is nie, voor.

4.2.1 Lys van instansies wat gekontak is

Die instansies is per brief gekontak en opvolgwerk is waar nodig telefonies gedoen.

- Lys van tersiêre onderwysinrigtings gekontak
 - ☒ Universiteit van Pretoria
 - ☒ Universiteit van Stellenbosch
 - ☒ Universiteit van Grahamstad
 - ☒ Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 - ☒ Rhodes Universiteit
 - ☒ Universiteit van Kaapstad
 - ☒ Randse Afrikaanse Universiteit
 - ☒ Potchefstroomse Universiteit vir CHO
 - ☒ Universiteit van Port Elizabeth
 - ☒ Universiteit van die Witwatersrand
- Lys van onderwyskolleges gekontak
 - ☒ Potchefstroom Onderwyskollege

- ▣ Bloemfontein Onderwyskollege
- ▣ Goudstadse Onderwyskollege
- ▣ Johannesburg College of Education
- ▣ Pretoria College of Education
- ▣ Paarlse Onderwyskollege
- ▣ Oudtshoorn Onderwyskollege
- ▣ Cape Town Teachers Training College
- ▣ Onderwyskollege Port Elizabeth
- ▣ Edgewood College of Education

- Lys van biokinetika-sentra gekontak
 - ▣ Potchefstroomse Universiteit vir CHO
 - ▣ Kempton Park
 - ▣ Roodepoort
 - ▣ 1 Militêre Hospitaal Pretoria
 - ▣ 2 Militêre Hospitaal Kaapstad
 - ▣ Vanderbijlpark
 - ▣ Western Deep Levels
 - ▣ Witwatersrandse Technikon
 - ▣ Universiteit van Pretoria

- Lys van weermagbasiswae gekontak
 - ▣ SAGD - Potchefstroom
 - ▣ Inligtingskool - Diskobolos
 - ▣ 1 Valskermbataljon - Tempe
 - ▣ 3 SAI Opleidingbataljon - Potchefstroom
 - ▣ SAW Berede Sentrum - Potchefstroom
 - ▣ Militêre Gebied Walvisbaai
 - ▣ SAWV Kollege - George
 - ▣ Die Leërgevegskool - Lohatla

4.3 DIE VRAELYS

4.3.1 Probleme met vraelyste

Die vraelys is gelyktydig die mees gebruikte maar ook die mees gekritiseerde metode van dataversameling. Daar word na verwys as; “. . . the lazy man’s way of gaining information”

(Best 1977:157), ten spyte van die feit dat die sorgsame voorbereiding van 'n goeie vraelys, tyd, vernuf en arbeid vereis.

Vir die doel van hierdie studie is die meegaande vraelys saamgestel met inagneming van die beginsels van Best, Cohen & Manion, Kirkendall en Ebel soos hieronder uiteengesit.

Best (1977:158) stel die volgende sewe punte in verband met die vraelys:

- Dit is ongelukkig die swak ontwerpte en onversorgde vraelys wat die pos oorstroom wat verantwoordelik is vir die sterk mate van teensin wat daar bestaan jeens 'n vraelys.
- Hierdie teensin word verder versterk indien die meegaande brief pleit dat die afsender die gevraagde inligting benodig vir 'n studiestuk vir die voltooiing van 'n graadkursus. Die reaksie kan wees: "Waarom moet ek 'n vreemdeling met sy graad help?"
- Om 'n lywige vraelys in te vul, verg tyd en inspanning en dit is 'n guns wat baie min afsenders van 'n vreemdeling kan verlang. Hierdie onbevorderlike situasie word vererger wanneer die vraelys lank en omslagtig is, die onderwerp onbelangrik is, die vrae vaag bewoord en die vorm swak saamgestel is.
- Die negatiewe elemente gee 'n aanduiding waarom so 'n klein persentasie van geposte vraelyste teruggestuur word.
- Die klein persentasie terugvoering, dikwels tussen 40 en 50 persent, veroorsaak dat verkreeë inligting ongeldig is en die inligting in die nie-teruggestuurde vraelyste die uitslag van die ondersoek kon verander het. Die blote feit van geen terugvoer op 'n vraelys impliseer sekere tipes reaksie wat nie in die opsomming van data genoem kan word nie.
- Dit wil lyk asof goeie terugvoering op 'n vraelys nie verwag kan word nie, tensy staatgemaak kan word op respondente wat belang stel in die betrokke probleem, wat die afsenders ken, of wat die een of ander band van lojaliteit het met die inrigting of organisasie wat as borg optree. Die persentasie terugvoer is dikwels teleurstellend en voorsien 'n swak basis vir veralgemening.
- Alhoewel dit uit die voorafgaande bespreking mag voorkom asof daar gemeen word dat die vraelys 'n onbevredigende metode vir navorsing is, is die doel bloot om die misbruike van die metode uit te lig. Die vraelys beskik in werklikheid oor unieke voordele, sou dit goed opgestel en aangewend word. Dit kan dien as 'n mees toepaslike en bruikbare metode vir die versameling van inligting. (Best, 1977:158).

Cohen & Manion (1980:80) vergelyk 'n goeie vraelys met 'n wet: Dit is duidelik, ondubbel-sinnig en in sy geheel werkbaar. Hulle doen verder aan die hand dat die ontwerp potensiële foute van respondente en kodifiseerders tot 'n minimum moet beperk.

Aangesien respondente 'n vraelys vrywillig beantwoord, moet die vrae hulle belangstelling wek, hulle tot samewerking aanspoor en antwoorde onttrek wat so na as moontlik aan die waarheid is. (Cohen & Manion, 1980:80)

4.4 DIE ONTWERP EN STANDAARDISERING VAN DIE VRAELYS

Die wenke, reëls en stappe wat vervolgens bespreek word en wat deur die kundiges aanbeveel word, is met die ontwerp en standaardisering van die aangehegte vraelys gevolg.

4.4.1 Wenke

Cohen & Manion (1980:80) het die volgende ses wenke vir die ontwerpers van vraelyste saamgestel.

- Vermy leidende vrae, dit wil sê vrae wat suggereer dat daar net een aanvaarbare antwoord is. Byvoorbeeld: “Verkies u abstrakte, akademiese kursusse of praktiese kursusse waarvan u die opgedoende kennis daagliks in die onderwyssituasie kan gebruik?”
- Pasop vir hoë, ingewikkelde taalgebruik in vrae, selfs vir die mees gesofistikeerde respondente. Hou die woordgebruik eenvoudig en verstaanbaar.
- Vermy ingewikkelde, omslagtige vrae.
- Pasop vir irriterende vrae of opdragte. Byvoorbeeld: “Het u al ooit 'n indiensopleidingskursus van enige aard in u ganse onderwysloopbaan deurloop?” of: “As u veertig is en nog nooit 'n indiensopleidingskursus deurloop het nie, trek 'n kruisie in die blokkie gemerk *NOOIT* en 'n kruisie in die blokkie gemerk *OUD*.”
- Vermy vrae met negatiewe vorme. Byvoorbeeld: “Hoe voel u daaroor dat geen onderwyser, wat nie ten minste twee jaar ononderbroke onderwys voltooi het, nie mag inskryf vir 'n indiensopleidingskursus nie?”
- Vermy die stel van ope vrae. 'n Respondent kan nie gevra word wat hy met 'n sekere antwoord bedoel nie. Dit geld nie in die geval van 'n onderhoud nie (Cohen & Manion, 1980:82).

4.4.2 Reëls vir die samestelling van die vraelys

Besluite in verband met die inhoud van die vrae:

- Is die vraag nodig? Hoe sal dit handig wees?
- Is meer as een vraag nodig in verband met die inhoud van hierdie vraag?
- Het die respondente die nodige kennis of ondervinding om die vraag te beantwoord?
- Behoort die vraag meer konkreet, spesifiek of met meer betrekking op die respondent se persoonlike ondervindingsveld te wees?
- Is die inhoud algemeen genoeg van aard en sonder valse konkreetheid en spesifiekheid?
- Gee die antwoorde algemene houding weer?
- Is die vraaginhoud vervlak of verdiep in een rigting, sonder meegaande vrae om die beklemtoning te balanseer?
- Sal die respondente die inligting verstrek wat benodig word?

4.4.3 Besluite met betrekking tot die bewoording van die vrae

- Kan die vraag verkeerd verstaan word? Bevat dit moeilike of onduidelike omskrywings?
- Druk die vraag die alternatief duidelik uit met inagneming van die eintlike punt?
- Is die vraag onduidelik as gevolg van misleidende, versweë afleidings of onopgemerkte implikasies?
- Is die woordkeuse bevooroordeeld? Is dit emosioneel gelaai of neig dit na 'n spesifieke soort antwoord?
- Sal die woordkeuse die respondent op enige wyse irriteer?
- Sal 'n meer persoonlike bewoording beter resultate ontlok?
- Kan die vraag beter gestel word op 'n meer direkte of 'n meer indirekte wyse?

4.4.4 Besluite in verband met die manier van beantwoording van die vraag

- Kan die vraag die beste beantwoord word deur 'n kort antwoord, 'n woord of simbool. Kan die vraag beter beantwoord word deur 'n vry antwoord of deur 'n kontroleer-en-volg-op-antwoord?
- Sou 'n kontroleertipe vraag gebruik word; watter sou die beste soort wees - tweevoudige keusevrae, meervoudige keusevrae of die opweegtipe vrae.
- As 'n kontrolelys gebruik word, dek dit al die alternatiewe sonder oorvleueling? Is dit 'n redelike lengte? Is die bewoording van die dele onpartydig en gebalanseerd?
- Is die vorm van beantwoording maklik, seker, eenvormig en voldoende vir die doel?

4.4.5 Besluite oor die plek van die vraag in die volgorde van vrae

- Sal die vraag beïnvloed word deur die inhoud van die voorafgaande vrae?
- Word daar na die vraag toe opgewerk op 'n natuurlike manier? Is dit in die regte psigologiese orde?
- Is die vraag voor of na die psigologiese moment om die nodige belangstelling te wek en aandag te behou met voorkoming van teenstand? (Cohen & Manion, 1980:83).

4.4.6 Reëls aangaande die uiterlike vorm van die vraelys

- Die uiterlike vorm van die vraelys is van groot belang. Dit moet maklik en aantreklik lyk. 'n Opmeekaargedrukte uitleg is ontmoedigend. 'n Groter vraelys met genoeg plek vir vrae en antwoorde is meer aanmoedigend vir respondente.
- Duidelike bewoording en 'n eenvoudige ontwerp is onontbeerlik. Duidelike opdragte moet die respondent lei. "Trek 'n kruisie" nooi deelname uit, terwyl ingewikkelde verduidelikings en prosedures die respondent intimideer.
- Rangskik die inhoud van die vraelys op so 'n manier dat optimale samewerking verseker word. Sluit vrae in wat van algemene belang is. Maak seker dat vrae vroeg in die vraelys nie aan respondente insinueer dat die vraelys nie vir hulle is nie. Versprei gesindheidsvrae dwarsdeur die vraelys om respondente die geleentheid te gee om hulle gevoelens te lug en nie maar net hulle optrede te beskryf nie. Sulke vrae voorkom verveling en frustrasie en verskaf kosbare inligting op die koop toe.

4.4.7 Aandag aan fyner besonderhede

- Die aanwend van kleur kan vrae en opdragte duideliker vir respondente maak.
- Hou by bekende aksies byvoorbeeld die trek van 'n kruisie in 'n duidelike blokkie. Om 'n voorafgekodeerde syfer op die regterkant van die vraelys te omsirkel is ongewoon en kan lei tot verwarring en foute.
- Deur vrae te subnommer word vrae oor verskillende onderwerpe gegroepeer en dit kan die vraelys laat korter lyk.
- Opdragte moet gereeld herhaal word. Alles hang daarvan af of die respondent presies weet wat van hom/haar verwag word. Duidelike, ondubbelsinnige, grootgedrukte aanwysings wat aantreklik vertoon, wek 'n positiewe ingesteldheid by die respondent.
- Om 'n vraelys te voltooi kan gesien word as 'n leerproses. Algaande sal die respondent meer tuis raak met die taak voor hande. Die aanvanklike vrae moet dus maklik wees, 'n hoë belangstellingswaarde hê en moet deelname aanmoedig. Die

middelste gedeelte moet al die moeilike vrae bevat en die laaste paar vrae moet die belangstelling in die eindresultaat van die studie wek en die respondent noop om die vraelys terug te stuur.

- 'n Laaste nota aan die einde van die vraelys kan die respondent vra om na te gaan dat geen vrae uitgelaat is nie en dat die vraelys so gou as moontlik teruggestuur word. In die nota kan die respondent bedank word vir sy deelname en kan aangebied word om aan hom 'n kort opsomming van die uitslag te stuur na voltooiing van die studie.

4.4.8 Aanbevelings met betrekking tot prosedures met die versending van vraelyste per pos

- Gebruik altyd goeie kwaliteit koeverte waarop die naam en adres van die respondent getik is en 'n seël opgeplak is.
- Sluit 'n geadresseerde, gefrankeerde koevert in vir die respondent se antwoord.
- Vermy die sirkulasie van 'n vraelys gedurende Desember.

4.4.8.1 Die meegaande brief

In die meegaande brief word die belangrikheid en doel van die vraelys uiteengesit. In die brief moet die respondent verseker word van die vertroulikheid van die ondersoek en moet hy aangemoedig word om die vraelys te beantwoord en terug te stuur.

Die verduideliking in die meegaande brief moet aansluit by die spesifieke groep. Vir onderwysers moet die belang van die betrokke studie vir die onderwysberoep in sy geheel byvoorbeeld aangetoon word.

Om 'n vraelys te versier met die handtekeninge van belangrike persone of 'n beroep op respondente se altruïsme te doen, het geen invloed op die persentasie terugvoer nie.

Die naam van die borg of organisasie wat die studie laat doen moet in die briefhoof verskyn en moet ook in die liggaam van die meegaande brief verskyn.

Die vertroulikheid van die vraelys moet verduidelik word.

Die kode of reeks nommers wat mag verskyn moet genoem word.

'n Vooronderzoekbrief wat respondente oor die komende vraelys inlig, het geblyk effektief te wees.

Die meegaande brief moet kort wees - so na as moontlik aan een bladsy.

4.4.8.2 Die opvolgbrief

Die vierde aspek om aandag aan te skenk, met die doel om die persentasie reaksie te verbeter, is 'n opvolgbrief:

- Al die reëls wat geld vir die meegaande brief, geld ook vir die opvolgbrief.
- Die opvolgbrief moet die belang van die studie en die belang van die deelname van die spesifieke respondent beklemtoon.
- Die gebruik van die hoflikheidspersoonsnaam *u*, die oordra van teleurstelling as gevolg van die gebrek aan deelname van die spesifieke respondent en verbasing oor die gebrek aan samewerking het geblyk suksesvolle taktieke te wees.
- Nêrens in die opvolgbrief moet die indruk geskep word dat 'n gebrek aan reaksie die norm is nie; dat baie gevalle van nie-reaksie ondervind is.
- 'n Verdere vraelys en geadresseerde, gefrankeerde koevert moet die opvolgbrief vergesel.
- 'n Tweede en derde herinnerende of aanmaningsbrief kan gestuur word. Die vraag ontstaan nou; hoeveel herinneringsbriewe is nodig?

Veralgemening is moeilik, maar die volgende behoort in aanmerking geneem te word:

- 'n Goed beplande vraelys deur die pos behoort 'n veertig persent terugvoer te lewer. Met goed beplande herinneringsbriewe behoort die getal opgeskuif te word na sewentig persent.
- 'n Voorafgaande proefloop uit die vraelys is van ontskatbare waarde. Dit gee 'n goeie aanduiding van die soort reaksie wat verwag kan word.
- Regeringsinstansies beveel drie aanmaningsbriewe aan, wat blykbaar die aanvanklike reaksie met tot dertig persent kan opskuif.
- Vernuftige aansporingstaktieke is nog 'n manier om 'n beter terugvoer te bewerkstellig (Cohen & Manion, 1980:82).

4.4.9 Die standaardisering van die vraelys

Die gebruik van vraelyste is 'n ondersoekmetode wat sig goed leen tot die peiling van menings. Die stel van vrae en die saamstel van 'n vraelys is egter nie so 'n voor-die-hand-liggende saak as wat algemeen aanvaar word nie (Kirkendall, 1972:384).

Die vraelys wat vir hierdie studie ontwerp is bestaan uit vyf afdelings en altesaam drie en sestig vrae.

Afdeling 1 verkry demografiese inligting in verband met die instelling waaraan die respondent verbonde is en die provinsie waarvandaan hy kom.

Afdeling 2 onttrek inligting ten opsigte van die organisasie en administrasie soos die respondent dit beleef of onthou.

Afdeling 3 handel oor die persoonlike inligting aangaande die respondent ten opsigte van geslag, ouderdom en kwalifikasies.

Afdeling 4 handel oor menings rondom Liggaamlike Opvoeding as vak tussen ander vakke in die skoolsillabus.

In afdeling 5 is van die semantiese differensiaalmetode gebruik gemaak. Die vrae handel oor Liggaamlike Opvoeding as vak. Die menings van respondente word gepeil ten opsigte van doelstellings, vakinhoude en die Liggaamlike Opvoedingsonderwyser.

Voordat die voorgestelde vraelys op nasionale vlak versprei kon word, moes verseker word dat dit voldoen aan die standaard vir 'n goeie vraelys. Hierdie standaard behels onder andere die volgende:

Daar moes vasgestel word of die vraelys die vooropgestelde doel bereik en of dit die verlangde inligting bekom (Kirkendall *et al.*, 1980:384).

Daar moes verseker word dat die vraelys duidelik, eenvoudig en maklik verstaanbaar is, dat die vraelys voldoen aan die standaard van geldigheid en betroubaarheid, dit wil sê dat die vraelys ter sake genoeg is en dat die vraelys vra wat die navorser wil weet; dus dat die vraelys werk (Cohen & Manion, 1980:71).

Met die opstel van 'n vraelys moet by sekere uiterlike reëls gehou word. Die vraelys is beoordeel aan die mate waarin dit voldoen aan die uiterlike reëls in verband met 'n goeie vraelys soos uiteengesit.

In die vraelys word gebruik gemaak van die taksonomie van die affektiewe terrein deur middel van die semantiese differensiaal en die Wear-metingskaal soos in hoofstuk 4 verduidelik.

Houding teenoor 'n saak, in hierdie geval Liggaamlike Opvoeding, is 'n faset wat op die affektiewe terrein lê. Die betrokke vraelys wil affektiewe aspekte meet. Dit behels sake soos belangstellings, houdings, waarderinge, waardes en emosionele vooroordele.

Verskillende faktore bou of beïnvloed houding. Dit is grotendeels die Liggaamlike Opvoedingonderwyser se taak om 'n sekere ingesteldheid by leerlinge vir Liggaamlike opvoeding te kweek. Verder hang dit van die hoof en die fasiliteite af wat die onderwyser se ingesteldheid teenoor Liggaamlike Opvoeding sal wees (Ebel, 1973:4).

Die hoof se houding jeens Liggaamlike Opvoeding hang op sy beurt af van die inspektoraat en uitvoerende liggaam van die Onderwys Departement enersyds en van die Liggaamlike Opvoedingonderwyser andersyds (Baumgartner & Jackson, 1975:250).

Houdings kan nie van onderwyser na kind oorgedra word soos kennis van onderwyser na kind oorgedra word nie. Sekere houdings kan ook nie verkry word deur dit in te studeer soos begrip volg op instudering nie. 'n Houding ontstaan byna altyd as die gevolg van iets - van sukses of neerlaag, van plig nagekom of plig versuim, van gevaar beleef of gevaar vrygespring (Ebel, 1973:6).

Daarom is dit nodig vir evalueringsprosedures in die affektiewe veld om vir alle moontlikhede voorsiening te maak; nie net vir moontlikhede wat beoog word nie (Baumgartner & Jackson, 1975:250). Daar moes vasgestel word of die vraelys beantwoord aan die doel waarvoor dit ontwerp is. Ten einde antwoorde hierop te verkry, is die volgende doelwitte gestel:

- Kennis te bekom aangaande die vraelys as navorsingsmetode. Daar is ingegaan op die probleme rondom die vraelys as meetinstrument.
- Kennis in te win oor die aard van vrae en die voordele, nadele en tekortkominge van vraagtipes.
- Met 'n proeflopie by persone vas te stel hoe die vraelys aan die gestelde kriteria wat in (a) en (b) verkry is, beantwoord en die stelwyse van vrae en die samestelling van die vraelys aan die kriteria te meet.

Die vraelyste is ten slotte verwerk, die verkreeë inligting is geïnterpreteer en die geldigheid en betroubaarheid is bepaal.

4.5 PROEFLEES

Indien die navorser die reëls en riglyne in verband met die opstel van die vraelys, soos in hoofstuk 4 uiteengesit, toegepas het, 'n goed versorgde vraelys uitgestuur het en vervolgens die nodige stappe gedoen het om respondente te motiveer om hulle vraelyste terug te stuur, sal die navorser 'n magdom data ontvang om te verwerk.

Voordat die navorser die inligting kan verwerk, moet die inligting in 'n analiseerbare vorm verkry word. Voordat hy inligting in 'n analiseerbare vorm kan kry, moet die verkreë inligting eers geproeflees word.

Volgens De Wet *et al.* (1981:384) sal stap een van dataverwerking dus wees om data te proeflees met die doel om foute uit te skakel. Daar bestaan drie hooftake met proeflesing.

Die navorser moet in die eerste plek proeflees vir volledigheid. Daar moet vasgestel word of daar 'n antwoord is vir elke vraag.

Die tweede taak vir die navorser sal wees om te proeflees vir akkuraatheid. Soms word opsetlike foute gemaak, maar foute vind meestal plaas deur nalatigheid. 'n Regmerkie in die verkeerde blokkie of 'n sirkel om die verkeerde kode kan afbreuk doen aan die geldigheid en betroubaarheid van die inligting.

Derdens moet die navorser proeflees met die doel om die uniformiteit van die inligting vas te stel. Die navorser moet vasstel of vrae geïnterpreteer is soos dit moet wees.

Daar bestaan verskeie programpakette wat verskillende soorte inligting op verskeie maniere kan verwerk. In hierdie studie is gebruik gemaak van die 1D en 2D BMDP 4F en die 7D - programpakette soos verskaf deur die Universiteit van Kalifornië. Verskille tussen groepe word as betekenisvol geag by $p \leq 0,05$.

4.6 STATISTIESE VERWERKING

Die data wat met behulp van die vraelys ingesamel is, is met twee programme van die "Biomedical Computer Programs" (P-reeks) wat deur die Universiteit van Kalifornië verskaf word, verwerk, naamlik BMDP7D en BMDP4F (Brown, 1970:468).

Die eersgenoemde program is gebruik om 'n tweerigting variansieontleding met betrokke en ouderdom as hoofveranderlikes op die data te pas terwyl die tweede program frekwensies van response bereken het.

Deurgaans word frekwensies van response gerapporteer. Hieronder word 'n volledige voorbeeld van die hantering van die data en die betekenis wat aan die statistiese bewerkings gegee is, verskaf.

4.6.1 Frekwensies en persentasies

Die response van die proefpersone is tabelgewys telkens op twee maniere gerapporteer. In die eerste tabel word onderskeid gemaak tussen die betrokke en nie-betrokke persone en in die tweede geval tussen ouer (51 jaar en ouer) en jonger (tot 50 jaar) proefpersone. In elke geval word die onderverdelings ook gerapporteer sodat dit moontlik is om te bepaal hoe elkeen van die subgroepe gereageer het.

□ Voorbeeld

Aan die proefpersone is gevra wat hulle mening oor die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser(s) by wie hulle klas gekry het, se verhouding met medepersoneel in die skool was. Die eerste twee tabelle wat die terugvoer van die proefpersone weerspieël, sien dan soos volg daaruit:

TABEL X DIE MENING VAN BETROKKE EN NIE-BETROKKE PROEFPERSONE OOR DIE VERHOUDING VAN LIGGAAMLIGE OPVOEDING-ONDERWYSERS MET MEDEPERSONEEL

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	6	28	69	103		
	Biokinetikagimnasiumlede	2	7	18	27		
	L.O.-dosente	0	9	27	36		
	L.O.-studente	14	65	124	203	369	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasium nie-lede	0	6	20	26		
	Nie-L.O.-dosente	1	19	22	42		
	Nie-L.O.-studente	15	54	117	186	254	
	Totaal	38	188	397	623		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					66	10

TABEL Y DIE MENING VAN OUER EN JONGER PROEFPERSONE OOR DIE VERHOUDING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING-ONDERWYSERS MET MEDEPERSONEEL

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	14	57	108	179	
	20-25	20	86	200	306	
	26-30	0	7	10	17	
	31-40	1	14	22	37	
OUD	41-50	1	12	28	41	
	51 +	1	10	24	35	
	Totaal	37	186	392	615	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				76	11

In die bogenoemde twee tabelle word slegs frekwensies van response gebied. Gevolgtrekings is moeilik daaruit te maak. Die tabelle is bloot beskrywend en word aangebied om volledige rapportering moontlik te maak. Dit bied ook die moontlikheid om algemene beskrywings van die data te gee. Waar nodig is totale in die bespreking van die tabelle as persentasies bereken.

4.6.2 Tweerigting variansieontleding

Ten einde verskille tussen die groepe (nie-betrokke versus betrokke en ouer versus jonger) te interpreteer en moontlike interaksies tussen hoofeffekte (ouderdom met betrokkenheid) te ondersoek is 'n tweerigting variansieontleding gedoen wat met die data van die voorbeeld hierbo, die volgende lewer:

□ Voorbeeld

Die berekende F-waardes wat met tabel Z gepaard gaan, word nie gerapporteer nie, maar in alle gevalle word die peil van waarskynlikheid (p-waardes) in die teks gerapporteer.

TABEL Z

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,584	2,657	2,591
	Betrokke N	$n_1 = 329$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 364$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,583	2,659	2,558
	Nie-betrokke N	$n_3 = 210$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 251$
	\bar{x}	2,566	2,658	2,577
	N	$n\bar{I} = 539$	$n\bar{I} = 76$	$n\bar{I} = 615$

Alvorens tabel Z in alle gevalle saamgestel is, is eers met behulp van Levene se toets vir gelykheid in variansies (Brown, 1970:468) nagegaan of aanpassings in die resultaat van die variansieontleding nodig is. Indien wel, is die korreksie van Brown-Forsythe as die aanvaarbare gebruik. Alle F- en p-waardes is dus gerapporteer nadat eers vir gelykheid in variansies getoets is.

In die geval van hierdie voorbeeld was daar volgens Levene se toets 'n betekenisvolle verskil in variansies tussen die twee ouderdomsgroepe maar nie tussen die twee betrokkenheids-groepe nie; ook nie by die interaksies nie. Die gegewens in tabel Z maak dus vir die Brown-Forsythe-korreksie voorsiening in die geval van die ouderdomsgroepe.


Die gegewens in tabel Z rapporteer die gemiddelde waardes (\bar{x}) van die groepe se respons sake die betrokke veranderlike (in hierdie geval die verhouding van Liggaamlike Opvoeding- onderwysers met medepersoneel) en die aantal persone in elke groep (n). Die F-waarde en waarskynlikhede (p) word ook vir interpretasie van die betekenisvolheid van verskille aangetoon.

In hierdie geval is daar geen betekenisvolle verskil tussen die betrokke en nie-betrokke groepe nie ($F = 0,09$; $p = 0,7675$), geen betekenisvolle verskil tussen die ouer en jonger proefpersone nie ($F = 1,70$; $p = 0,7532$) en geen betekenisvolle interaksie tussen die hoofeffekte, dit wil sê betrokkenheid en ouderdom nie ($F = 0,10$; $p = 0,7532$).

In hierdie ondersoek word 'n waarskynlikheid van $p \leq 0,05$ as betekenisvol aanvaar.

Wanneer daar geen betekenisvolle hoofeffekte of interaksie is nie, word daar nie 'n grafiese voorstelling van die gemiddelde response aangebied nie - wel in gevalle waar daar betekenisvolle verskil is. In die onderhawige voorbeeld is daar wel betekenisvolle verskille.

*GRAFIEK A DIE MENING VAN DIE PROEFPERSONE OOR DIE LIGGAAMLIKE OPVOEDING-
ONDERWYSER SE VERHOUDING MET MEDEPERSONEEL*



Grafiek A toon dat ouer groepe effens sekerder oor die goeie verhouding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers met hulle kollegas is as jonger groepe. Die verskil is egter nie betekenisvol nie. Betrokkenes en nie-betrokkenes voel nie eenders oor die saak nie. Die twee lyne in grafiek A loop nie parallel nie en daar is dus sterk verskille.

HOOFSTUK 5

DIE RESULTATE EN BESPREKING VAN DIE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 1 uiteengesit het hierdie studie dit ten doel om te bepaal of daar verskille in die houding van volwassenes jeens Liggaamlike Opvoeding op skool is wanneer die volwassenes verskil in die mate waarin hulle betrokke is by Liggaamlike Opvoeding en ouderdom. (Kyk hoofstuk 1:2).

Vir die doel van die studie is daar, soos in hoofstuk 4 uiteengesit, inligting verkry van dienspligtiges, studente, L.O.-studente, L.O.-dosente, ander dosente, lede van biokinetiese en persone wat niks met Liggaamlike Opvoeding, Liggaamlike Opvoedkunde of sport te doen het nie.

Die inligting is ingewin met behulp van 'n vraelys. Na verskillende sentra in Suid Afrika is 1800 vraelyste uitgestuur en 691 vraelyste is terugontvang.

Daar sal deurlopend van die afkorting L.O. gebruik gemaak word wanneer daar na Liggaamlike Opvoedkunde op tersiêre vlak of na *Liggaamlike Opvoeding*, die skoolvak, verwys word.

Die volgende agt tabelle gee 'n verkorte weergawe van die persoonlike inligting wat verkry is nadat die terugversende vraelyste verwerk is.

5.2 DIE STEEKPROEF

5.2.1 Die aantal proefpersone en die provinsies waarin hulle voorkom

Volgens tabel 5.1 is die vraelys ingevul deur 121 persone uit die Kaapprovinsie, 96 uit Natal, 101 uit die Vrystaat, 358 uit die Transvaal en 1 uit Suidwes-Afrika.

TABEL 5.1 AANTAL EN HERKOMS VAN PROEFPERSONE

		KAAP	NATAL	OVS	TVL	ANDER		
		GETAL	GETAL	GETAL	GETAL	GETAL	TOTAAL	%
BETROKKE	Dienspligtiges	50	4	24	45	0	123	
	Biokinetikagimnasium- lede	3	0	0	27	0	30	
	L.O.-dosente	5	5	8	19	0	37	
	L.O.-studente	32	34	32	116	0	214	404
NIE- BETROKKE	Biokinetikagimnasium nie-lede	1	0	0	28	0	29	
	Nie-L.O.-dosente	4	18	9	17	0	48	
	Nie-L.O.-studente	26	35	28	106	1	196	273
	Totaal	121	96	101	358	1	677	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het						14	2

Vanaf 691 persone is vraelyste terugontvang. Hierdie vraag is deur 677 persone beantwoord en 14 persone (2,0%) het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Transvaal was die beste verteenwoordig met 51 persent terugvoer. Die verteenwoordiging van die ander provinsies lê baie na aan mekaar met 17,5 persent terugvoer van die Kaapprovinsie, 14,6 persent terugvoer van die Oranje Vrystaat en 13,8 persent terugvoer van Natal. Uit Suidwes-Afrika is 'n 0,14 persent terugvoer ontvang.

Die beoefenaars van Biokinetika en hul eweknieë wat nie-beoefenaars is, is almal van die Kaap en Transvaal. Daar is geen verteenwoordiging vir die groep vanuit Natal en die Oranje Vrystaat nie.

5.2.2 Die geslag en ouderdom van proefpersone

Uit tabel 5.2 blyk dit dat bykans eweveel manlike (344 of 49,7%) as vroulike (347 of 50,2%) proefpersone die vraelys voltooi het.


TABEL 5.2 DIE GESLAG VAN PROEFPERSONE

		MANLIK	VROU- LIK	TOTAAL		%
BETROKKE	Dienspligtiges	94	29	123		
	Biokinetikagimnasiumlede	16	14	30		
	L.O.-dosente	21	17	38		
	L.O.-studente	107	108	215	406	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	12	17	29		
	Nie-L.O.-dosente	34	16	50		
	Nie-L.O.-studente	60	146	206	285	
	Totaal	344	347	691		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				0	0

Omdat daar meer weermagopleidingsbassisse vir manlike as vroulike persone bestaan en 20 dienspligtiges per basis gekies is, is die verskillende groepe onderling nie so eweredig verdeel nie. Daar is baie meer manlike dienspligtiges (94) as vroulike dienspligtiges (29). Onder die nie-L.O.-studente het pro rata meer vroulike (146) as manlike (60) studente die vraelys voltooi.

Grafiek 5.1 dui daarop dat 87,6 persent van die proefpersone jong volwassenes is (17-40 jaar). Die ouer volwasse groep (41 jaar en ouer) vorm die orige gedeelte (12,4%).

GRAFIEK 5.1 DIE OUDERDOM VAN DIE PROEFPERSONE



Geen persone wat in Biokinetikagimnasiums oefen behoort tot die jong volwassegroep nie, omdat slegs persone bo 40 jaar genader is om 'n vraelys te voltooi.

5.2.3 Die opleiding en ervaring van die proefpersone

Proefpersone is gevra oor hoeveel jaar onderwyservaring hulle beskik. Tabel 5.3 gee 'n opsomming van die verkreeë inligting.

TABEL 5.3 ONDERWYSERVARING VAN PROEFPERSONE

		Geen	1-jaar	2-jaar	3-jaar	4 tot 5-jaar	6 tot 10-jaar	11 tot 20-jaar	21 en langer	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	106	1	0	1	0	0	9	0	117		
	Biokinetikagimnasiumlede	21	1	1	1	1	0	2	1	28		
	L.O.-dosente	4	4	1	3	5	8	6	6	37		
	L.O.-studente	203	3	4	1	2	0	3	0	216	398	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	19	0	0	1	1	2	3	2	28		
	Nie-L.O.-dosente	6	1	0	1	2	11	19	10	50		
	Nie-L.O.-studente	180	2	2	6	0	2	14	0	206	284	
	Totaal	539	12	8	14	11	23	56	19	682		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het										9	1

Volgens tabel 5.3 het 11 dienspligtiges, 7 biokinetikabeoefenaars, 33 L.O.-dosente, 13 L.O.-studente, 9 nie-beoefenaars van biokinetika, 44 dosente en 26 studente onderwyser-
varing.

Tabel 5.4 toon dat 520 (75,2%) van die proefpersone geen tersiêre opleiding ontvang het nie.

TABEL 5.4 DIE AKADEMIESE KWALIFIKASIES VAN PROEFPERSONE

		St. 6	St. 8	St. 10	L O D	H O D	B- G r a a d	H o n s.	M- G r a a d	D- G r a a d	G r a a d + H O D	T e g n i e s	I n g e n i e u r s	M a a t s k a p l i k	T o t a a l	%
BE- TROK- KE	Dienspligtiges	2	7	94	0	5	8	0	0	0	2	0	3	0		
	Biokinetika- gimnasium- lede	1	3	6	1	0	7	3	1	1	0	1	0	2		
	L.O.-dosente	0	1	12	2	1	7	3	1	0	0	0	0	0		
	L.O.-studente	0	0	0	0	8	11	0	5	7	5	0	0	0		
NIE-BE- TROK- KE	Biokinetika- gimnasium nie-lede	0	0	0	0	5	11	8	16	6	0	0	0	0		
	Nie-L.O.- dosente	0	0	191	0	8	3	1	0		0		1	0		
	Nie-L.O.- studente	0	0	203	2	7	2	15	0	0	0	0	0	0		
	Totaal	3	11	506	5	34	49	30	23	14	8	1	3	2	689	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het														2	0,3

Van die proefpersone het 75 (10,8%) nagraadse studie voltooi. In die studie is tegnoloë en tegnisi swak verteenwoordig deur slegs 3 ingenieurs en 1 tegnikus, dit wil sê 0,57 persent.

Tabel 5.5 toon dat 23,5 persent van die proefpersone universiteitsopleiding in L.O. ontvang het of daarmee besig is; dat 47,3 persent van die proefpersone by onderwyskolleges L.O. studeer of studeer het en dat 37,7 persent nie L.O. bestudeer het nie.

TABEL 5.5 DIE SOORT OPLEIDING VAN PROEFPERSONE IN L.O.

		UNIVERSITEIT	ONDERWYSKOLLEGE	GEEN	TOTAAL	%
BETROKKE	Dienspligtiges	4	4	105		
	Biokinetikagimnasiumlede	4	2	21		
	L.O.-dosente	27	9	0		
	L.O.-studente	62	150	0		
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	3	1	23		
	Dosente	12	18	19		
	Studente	56	144	3		
	Totaal	168	327	261	667	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				24	3,5

Van die proefpersone het 3,5 persent die vraag nie beantwoord nie.

Tabel 5.5 dui daarop dat 52,5% van die proefpersone geen kwalifikasies in L.O. gehad het nie. Onder hierdie groep val 40 L.O.-studente wat nog nie hulle graad of diploma voltooi het nie. Daar was in die vraag voorsiening gemaak vir eerste, tweede en derde studiejare, maar ongelukkig het die genoemde 40 studente die vraag blykbaar nie end-uit deurgelees nie en nie hulle studiejare aangedui nie, maar het aangedui dat hulle nog nie kwalifikasies in die vak het nie.

TABEL 5.6 DIE HOOGSTE KATEGORIE VAN OPLEIDING IN L.O. VAN PROEFPERSONE

										Kursus	1e jr.	2e jr.	H/V	Hons. B.Ed	M-graad	D-graad	Totaal	%
		Geen	Spes. LOD	Spes. HOD	Alg. LOD	Alg. HOD	1e jr. HOD	2e jr. HOD	Hoofvak HOD	B. Prim. Ed	BA	BA	BA	LO	LO	LO		
BETROKKE	Dienspligtiges	108	0	1	1	1	0	2	1	0	0	0	0	0	0	0		
	Biokinetika-gimnasiumlede	23	0	0	2	1	0	0	0	0	0	0	0	3	1	0		
	L.O.-dosente	31	2	7	3	1	0	0	1	0	0	0	1	1	2	1		
	L.O.-studente	137	16	2	12	1	5	2	5	0	0	0	11	3	0	0		
NIE-BE-TROKKE	Biokinetika-gimnasium nie-lede	24	1	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	3	1	0		
	Nie-L.O.-dosente	0	2	5	0	1	0	0	3	0	0	0	5	10	5	7		
	Nie-L.O.-studente	40	66	20	18	2	2	15	16	4	14	2	14	1	0	0		
Totaal		363	87	35	36	8	7	19	26	4	24	2	31	19	8	8	677	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het																14	2	

Van die proefpersone het 314 (45,4%) L.O.-opleiding gehad wat gewissel het van eerstejaars, graad- of diplomabesitters, tot 8 persone met doktorsgrade in L.O.

Uit die onderstaande tabel word dit duidelik dat 7 dienspligtiges L.O.-onderwysers is wat diensplig doen.

TABEL 5.7 WATTER PROEFPERSONE TANS L.O. OP SKOOL DOSEER

		JA	NEE	TOTAAL		%
BETROKKE	Dienspligtiges	7	113	120		
	Biokinetikagimnasiumlede	0	29	29		
	L.O.-dosente	9	27	36		
	L.O.-studente	27	178	205	390	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	27	27		
	Nie-L.O.-dosente	2	45	47		
	Nie-L.O.-studente	5	190	195	269	
	Totaal	50	608	659		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				32	4,7

Volgens die tabel is 9 proefpersone L.O.-dosente van wie 2 dosente is wat op 'n deeltydse basis klas gee by tersiêre inrigtings.

Die tabel dui aan dat 5 proefpersone L.O.-onderwysers is wat verder studeer in ander vakke en 27 L.O.-onderwysers is wat besig is met verdere studie in L.O.

5.2.4 Die skoolsportdeelname van proefpersone in hulle finale skooljaar

In totaal het 62 persone (8,9%) nie aan sport deelgeneem in hulle finale skooljaar nie.

TABEL 5.8 SPORTDEELNAME VAN PROEFPERSONE IN LAASTE SKOOLJAAR

		Nie deel- geneem	Nie 1e/2e span	1e/2e span gespeel	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	6	32	77	115		
	Biokinetikagimnasiumlede	8	4	14	26		
	L.O.-dosente	0	2	34	36		
	L.O.-studente	9	30	142	181	358	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie- lede	8	8	9	25		
	Nie-L.O.-dosente	7	16	22	45		
	Nie-L.O.-studente	24	38	123	185	255	
Totaal		62	130	421	613		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					78		11

Die tabel dui aan dat 9 uit 181 L.O.-studente en 6 uit 115 dienspligtiges nie aan sport deelgeneem het nie. 130 (18,8%) van die persone in die ondersoek het aan sport deelgeneem sonder om uit te blink. 61% van die proefpersone het egter nie net aan sport deelgeneem nie, maar ook daarin uitgeblink.

Hier is dit ook interessant om daarop te let dat 94% L.O.-dosente teenoor 48% ander dosente in sport uitgeblink het in hulle matriekjaar.

Volgens tabel 5.8 het 12 persent meer L.O.-studente (79%) as nie- L.O.-studente (67%) in hulle finale skooljaar aan sport deelgeneem.

5.3 DIE HOUDING VAN DIE PROEFPERSONE TEENoor L.O.

Vir die verdere bespreking van die gegewens in hierdie hoofstuk is dit nodig om eers 'n werkbare verdeling van die verskillende groepe waarin die proefpersone verdeel is te maak.

Omdat daar in hierdie studie nagegaan word wat die houding van persone jeens L.O. is, sal die ouderdomme van persone belangrik wees omdat dit 'n tydperk uit die L.O.-geskiedenis

verteenwoordig waarin daar sekere ontwikkeling of veranderinge plaasgevind het. 'n Proefpersoon kan van 'n ander verskil in sy mening jeens L.O. op grond van die feit dat sy ondervinding in L.O. verskil het. (Kyk hoofstuk 2 van hierdie studie waarin hierdie ontwikkeling uiteengesit is.)

Uit hoofstuk 2 van hierdie studie blyk dit dat daar 'n definitiewe L.O.-program met L.O.-onderwysers by skole gedurende die jare 1939-1944 ingestel is. Leerlinge wat gedurende hierdie jare op skool was, sal tans tussen 56 en 69 jaar oud wees. Die ouderdom 69 jaar sluit dus die oudste proefpersone in die studie in. Dit beteken dat alle proefpersone van hierdie studie aan L.O. blootgestel behoort te gewees het.

Gedurende die tydperk 1945-1955 is baie aandag aan apparaat vir L.O. geskenk en is die opleiding van L.O.-onderwysers onder die loep geneem. Hierdie ontwikkeling kan 'n invloed op die menings van die 50- tot 63-jariges in hierdie studie hê.

Menere Ahrens en Steyn en mej. Holtzhausen was as vakadviseurs aangestel gedurende 1956-1966. Dit was gedurende hierdie jare waarin die eerste werkskema- en verslagriglyne vanaf die TOD aan skole gestuur is. Daar kan verwag word dat die nuwe program en die invloed van die nuwe aanstellings vier tot ses jaar geneem het om ten volle geïmplementeer te word. Die nuwe aanstellings kón die L.O.-program wat aan die 40- tot 50-jariges van hierdie studie destyds gebied is, beïnvloed het.

Gedurende 1966-1977 is die nuwe Kernsillabus vir meisies van graad I tot standerd 10 vrygestel en is die nuwe sillabus vir seuns ingestel. Die proefpersone tussen 17 en 40 jaar was dus aan 'n bloeitydperk in die L.O.-geskiedenis blootgestel, wat moontlik 'n invloed op hul mening jeens L.O. kon hê. Die inligting wat met ouderdom as verdeler na vore kom, is op bladsy 246 van hierdie studie behandel.

Die populêre verdeling van die volwasse jare deur sielkundiges, soos onderskryf deur Papalia, Olds, Kaplan, Sadock en Erikson is blykbaar van 17-20 tot 40-45 as die jong volwasse stadium, 40-45 tot 65 as die middeljare en 65 en ouer as die ou-volwasse stadium (Papalia & Olds, 19:447).

Saam met die ontwikkeling deur die drie volwasse stadia vind daar belangrike geestelike veranderinge by die mens plaas soos in hoofstuk 3 van hierdie studie bespreek.

Op grond van die feit dat daar in L.O. sekere ontwikkelinge oor die afgelope jare plaasgevind het, dat daar volgens sielkundiges 'n einde aan die jong volwasse stadium kom na

die ouderdom 40 jaar en op grond van die feit dat daar volgens sielkundiges met die ouderdom 45 sekere houdings- en gedragsveranderinge intree, is daar besluit op 40 jaar as die afsnypunt van jong volwassenes van hierdie steekproef.

Persone in die ouderdomsgroep 17 tot 40 jaar word dus op grond van die voorafgaande verduideliking vir die doel van die studie as jong volwassenes beskou.

Persone in die ouderdomsgroep 41 tot 61 en ouer ressorteer op grond van die voorafgaande verduideliking vir die doel van die studie onder die ouer volwasse groep.

Dit is verder nodig om te bepaal wie van die proefpersone as betrokke by L.O. en wie as nie-betrokke beskou word.

L.O.-studente en L.O.-dosente is voor-die-hand-liggend betrokke by L.O. en ander dosente en studente wat nie L.O. doseer of bestudeer nie en nie onderworpe is aan 'n formele oefenprogram nie, is nie-betrokkenes.

Persone wat aan oefenprogramme onderworpe is in Biokinetikaklinieke of -gimnasiums sal betrokke wees by L.O. en diegene wat aan geen voorgeskrewe oefenprogram deelneem nie sal vir die doel van hierdie studie as nie-betrokke beskou word.

Dienspligtiges word as betrokke by L.O. beskou omdat hulle ook aan veeleisende oefenprogramme onderwerp word; oefenprogramme wat soos in hoofstuk 1 verduidelik, tot beserings lei wanneer daar 'n tekort aan basiese liggaamlike weerbaarheid bestaan.

In die eerste vraag wat handel oor die houding van proefpersone teenoor L.O. word aan proefpersone gevra hoe hulle hulle L.O.- onderwyser op skool onthou in vergelyking met ander onderwysers.

5.3.1 Die menings van proefpersone oor L.O.-onderwysers in retrospek

5.3.1.1 Verhouding met mede-personeel

Op skool speel die onderwyser nog 'n baie groot rol in die mening wat 'n leerling jeens die vak huldig. Wanneer 'n leerling nie van die onderwyser van 'n sekere vak hou nie, sal die leerling dikwels ook nie van die vak hou nie (verwys hoofstuk 1).

Vervolgens word daar na die L.O.-onderwyser gekyk. Hoe L.O.-onderwysers oor die jare deur oud-leerlinge onthou word, is vir hierdie studie van belang omdat die L.O.-onderwyser deel sal uitmaak van die ondervinding wat leerlinge oor die jare van L.O. opgedoen het.

In hierdie geval word daar gekyk na die verhouding van L.O.-onderwysers met die res van die personeel.

Aan persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O. is gevra om aan die L.O.-onderwysers wat vir hulle klas gegee het op skool terug te dink en aan te dui hoe L.O.-onderwysers se verhouding met ander onderwysers was.

TABEL 5.9 DIE MENING VAN BETROKKE EN NIE-BETROKKE PROEFPERSONE OOR DIE VERHOUDING VAN L.O.-ONDERWYSERS MET ANDER ONDERWYSERS

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	6	28	69	103		
	Biokinetikagimnasiumlede	2	7	18	27		
	L.O.-dosente	0	9	27	36		
	L.O.-studente	14	65	124	203	369	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasium nie-lede	0	6	20	26		
	Nie-L.O.-dosente	1	19	22	42		
	Nie-L.O.-studente	15	54	117	186	254	
Totaal		38	188	397	623		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					66		10

Uit die totaal van 369 betrokkenes het 22 gemeen dat die verhouding tussen L.O.-onderwysers en ander onderwysers beter kon gewees het, 109 persone het gemeen die verhouding was gemiddeld en 238 van die proefpersone betrokke by L.O. het geantwoord dat die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers goed was.

Uit die totaal van 254 proefpersone wat nie-betrokke by L.O. is, het 16 persone geantwoord dat die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers beter kon gewees het. Van die nie-betrokke persone het 79 geantwoord dat die verhouding tussen L.O.-

onderwysers en ander onderwysers gemiddeld was. Van die 254 nie-betrokkes het 159 (63%) persone gesê dat die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers goed was.

Dit wil voorkom asof leerlinge oor die algemeen 'n positiewe beeld van die L.O.-onderwyser se verhouding met ander personeel in die werksomgewing gehad het. Slegs 38 persent proefpersone het gedink dat die verhouding kan verbeter. Aangesien betrokkenheid blykbaar nie onderskeid maak tussen proefpersone wat dink die L.O.-onderwyser se verhouding met medepersoneel kan verbeter nie, is die vraag of ouderdom nie moontlik uitwys wie so dink nie.

Met hierdie vraag word daar beoog om vas te stel of persone uit die verskillende tydvakke van L.O. andersoortige ondervinding van L.O. opgedoen het.

TABEL 5.10 DIE MENING VAN OUER EN JONGER PROEFPERSONE OOR DIE VERHOUDING VAN L.O.-ONDERWYSERS MET ANDER ONDERWYSERS

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	14	57	108	179	
	20-25	20	86	200	306	
	26-30	0	7	10	17	
	31-40	1	14	22	37	
OUD	41-50	1	12	28	41	
	51+	1	10	24	35	
	Totaal	37	186	392	615	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				76	11

Daar word gepoog om te bepaal in hoeverre die sielkundige effek van ouderdom 'n invloed het op die houding van persone jeens die L.O.-onderwyser.

L.O.-onderwysers was nog nie op alle skole aangestel toe van die ouer garde in die steekproef L.O. op skool moes hê nie. Liggaamlike oefeninge was wel verpligtend, maar dit kon ook deur 'n gewone onderwyser gegee gewees het (verwys hoofstuk 2).

Oor die verhouding van L.O.-onderwysers met ander onderwysers, het die proefpersone wat in ouderdom van mekaar verskil het soos volg gerapporteer:

Van die totaal van 539 jong volwassenes wat aan die ondersoek deelgeneem het, het 35 rapporteer dat die verhouding tussen L.O.-onderwysers en ander onderwysers beter kon gewees het, 16 het neutraal geantwoord dat die verhouding gemiddeld was en 340 (63%) het rapporteer dat die verhouding tussen L.O.-onderwysers en ander onderwysers goed was.

Wat die ouer volwassenes betref het 2 uit 'n totaal van 76 persone genoteer dat die verhouding tussen L.O.-onderwysers en ander onderwysers beter kon gewees het, 22 het geantwoord dat die verhouding gemiddeld was en 52 (68%) was dit eens dat die verhouding tussen hulle L.O.-onderwysers en ander onderwysers goed was.

Dit blyk dat die proefpersone wat meen dat die verhouding kan verbeter bykans almal uit die jonger groep kom. Hulle is egter ook die grootste groep en om te bepaal of daar betekenisvolle hoofeffekte van betrokkenheid of ouderdom by hierdie vraag is, of moontlike interaksie tussen die hoofeffekte is, is 'n variansieontleding gedoen wat in tabel 5.11 aangedui word.

TABEL 5.11 DIE HOOFEFFEKTE VAN EN INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM VAN PROEFPERSONE TEN OPSIGTE VAN HULLE MENING OOR L.O.-ONDERWYSERS SE VERHOUDING MET ANDER ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,584	2,657	2,591
	Betrokke N	$n_1 = 329$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 364$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,538	2,659	2,558
	Nie-betrokke N	$n_3 = 210$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 251$
	\bar{x}	2,566	2,658	2,577
	N	$n\bar{I} = 539$	$n\bar{I} = 76$	$n\bar{I} = 615$

Volgens tabel 5.11 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie ($\bar{x} = 2,591$; $\bar{x} = 2,558$). Hierdie verskil is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,7675$). Die verskil in mening tussen jong- en ouer

proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,566; \bar{x} oud = 2,658; $p = 0,1934$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,7532$). Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die L.O.-onderwyser se verhouding met medepersoneel en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser 'n gemiddelde tot goeie verhouding met ander personeel handhaaf.

5.3.1.2 Hoe L.O.-onderwysers inskakel by die werkprogram in vergelyking met ander onderwysers

Tabel 5.12 som op hoe die proefpersone, wat van mekaar verskil in die mate van betrokkenheid by L.O., in hierdie steekproef retrospektief dink aan L.O.-onderwysers teenoor ander onderwysers ten opsigte van die L.O.-onderwysers se inskakeling by die werkprogram.

TABEL 5.12 DIE MENING VAN DIE BETROKKE EN NIE- BETROKKE PROEFPERSONE OOR DIE MATE WAARIN L.O.-ONDERWYSERS INSKAKEL BY DIE SKOOL SE WERKPROGRAM

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	4	41	57	102		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	10	16	27		
	L.O.-dosente	0	11	25	36		
	L.O.-studente	9	79	114	202	367	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	9	16	26		
	Nie-L.O.-dosente	1	17	22	40		
	Nie-L.O.-studente	6	88	91	185	251	
Totaal		22	255	341	618		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					73		10

Van die 367 betrokke volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het vier persent gerapporteer dat L.O.-onderwysers beter kón ingeskakel het by die werkprogram, 141 (38%) het geantwoord dat L.O.-onderwysers gemiddeld ingeskakel het by die werk-

program en 212 (58%) het gemeld dat L.O.-onderwysers goed ingeskakel het by die werkprogram.

Van die 251 proefpersone wat nie-betrokke by L.O. is, wat hierdie vraag beantwoord het, het 8 (3%) aangedui dat L.O.-onderwysers beter kon ingeskakel het by die werkprogram en 139 (55%) het aangedui dat hulle van mening was dat L.O.-onderwysers goed ingeskakel het by die werkprogram.

Met die oog op verskille in menings as gevolg van verskille in ouderdom, gee tabel 5.13 'n opsomming van die inligting wat verkry is na 'n ontleding van die terugversende vraelyste.

TABEL 5.13 DIE MENING VAN DIE OUER EN JONGER PROEFPERSONE OOR DIE MATE WAARIN L.O.-ONDERWYSERS INSKAKEL BY DIE SKOOL SE WERKPROGRAM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
JONK	17-19	7	79	91	177		
	20-25	10	127	168	305		
	26-30	2	3	12	17		
	31-40	0	16	21	37	536	
OUD	41-50	1	17	22	40		
	51+	1	10	23	34	74	
	Totaal	21	252	337	610		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					81	12

Van die 536 jong volwassenes van wie daar vraelyste ontvang is, het slegs 19 (4%) gemeen dat L.O.-onderwysers beter kon ingeskakel het by die werkprogram as wat die geval was, 225 (42%) het gemeen dat L.O.-onderwysers gemiddeld ingeskakel het by die skool se werkprogram en 292 (54%) het gemeen dat L.O.-onderwysers goed ingeskakel het by die werkprogram.

Van die 74 ouer volwassenes het 2 (3%) gemeen dat L.O.-onderwysers beter kon inskakel by die werkprogram en 27 (36%) het gemeen dat die inskakeling by die werkprogram van L.O.-onderwysers gemiddeld was en 45 (61%) het gedink L.O.-onderwysers skakel goed in by die werkprogram.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille is tussen die mening van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.14 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.14 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE VERMOË VAN L.O.-ONDERWYSERS OM IN TE SKAKEL BY DIE WERKPROGRAM IN VERGELYKING MET ANDER ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,532	2,629	2,541
	Betrokke N	$n_1 = 327$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 362$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,474	2,538	2,484
	Nie-betrokke N	$n_3 = 209$	$n_4 = 39$	$n\bar{I} = 248$
	\bar{x}	2,509	2,581	2,517
	N	$n\bar{I} = 536$	$n\bar{I} = 74$	$n\bar{I} = 610$

Volgens tabel 5.14 is dit duidelik dat daar nie groot verskille bestaan in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone nie (\bar{x} betrokke = 2,541; \bar{x} nie-betrokke = 2,484). Hierdie verskil is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,2916$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,509; \bar{x} oud = 2,5581; $p = 0,2523$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8221$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die vermoë van die L.O.-onderwyser om in te skakel by die werkprogram en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser gemiddeld tot goed inskakel.

Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

5.3.1.3 Kritiekhantering

Hierdie vraag wil probeer vasstel wat proefpersone dink van L.O.-onderwysers se kritiekhantering in vergelyking met ander onderwysers se hantering daarvan.

TABEL 5.15 DIE HANTERING VAN KRITIEK DEUR L.O.-ONDERWYSERS IN VERGELYKING MET ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	6	39	56	101		
	Biokinetikagimnasiumlede	6	13	7	26		
	L.O.-dosente	4	15	17	36		
	L.O.-studente	17	88	97	202	365	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	13	11	25		
	Nie-L.O.-dosente	6	18	15	39		
	Nie-L.O.-studente	28	85	72	185	249	
Totaal		68	271	275	614		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					77		11

Van die 365 betrokkenes by L.O. het 33 (9%) persone gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek nie goed kan hanteer nie, 155 (42%) persone het gemeen dat L.O.-onderwysers se kritiekhantering gemiddeld was en 177 (48%) persone het gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek goed hanteer het.

Van die 249 nie-betrokkenes by L.O. het 35 (14%) gemeen L.O.-onderwysers hanteer kritiek nie goed nie, 116 (47%) persone het gemeen L.O.-onderwysers se kritiekhantering is gemiddeld en 98 (39%) persone het gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek goed hanteer.

Tabel 5.16 gee 'n opsomming van die menings van persone wat verskil in ouderdom ten opsigte van die kritiekhantering van L.O.-onderwysers teenoor ander onderwysers.

TABEL 5.16 DIE KRITIEKHANTERING VAN L.O.-ONDERWYSERS IN VERGELYKING MET ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	23	70	84	177	
	20-25	26	140	138	305	
	26-30	2	8	7	17	
	31-40	4	17	16	37	
OUD	41-50	6	4	18	38	
	51 +	5	20	9	34	
	Totaal	66	269	272	607	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				84	12

Van die 536 jong volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 55 (10%) persone gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek nie goed hanteer nie, 235 (44%) persone het gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek gemiddeld hanteer en 245 (46%) het gemeen dat L.O.-onderwysers teenoor ander onderwysers se kritiekhantering goed was.

Uit die totaal van 72 ouer volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 11 (15%) persone gemeen dat L.O.-onderwysers kritiek nie goed hanteer nie, 24 (33%) persone het gemeen dat L.O.-onderwysers se kritiekhantering gemiddeld was en 27 (38%) proefpersone het gemeen dat L.O.-onderwysers goed vergelyk met ander onderwysers wat betref hulle kritiekhantering.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jong en ouer volwassenes is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.17 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.17 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË OM KRITIEK TE HANTEER

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,411	2,235	2,394
	Betrokke N	$n_1 = 326$	$n_2 = 34$	$n\bar{I} = 360$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,268	2,211	2,599
	Nie-betrokke N	$n_3 = 209$	$n_4 = 38$	$n\bar{I} = 247$
	\bar{x}	2,355	2,458	2,477
	N	$n\bar{I} = 535$	$n\bar{I} = 72$	$n\bar{I} = 607$

Volgens tabel 5.17 is dit duidelik dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,394; \bar{x} nie-betrokke = 2,599; $p = 0,3151$). Die verskil in mening tussen jong en ouer volwasse proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,355; \bar{x} oud = 2,458; $p = 0,1630$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,4787$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die L.O.-onderwyser se vermoë om kritiek te hanteer en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser oor goeie kritiekhanteringsvermoë beskik.

5.3.1.4 Inneem van standpunt

Met hierdie vraag word die mening van betrokkenes en nie-betrokkenes gevra ten opsigte van die vermoë van L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers om standpunt in te neem.

TABEL 5.18 L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË IN VERGELYKING MET DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS OM STANDPUNT IN TE NEEM SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	3	33	66	102		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	10	15	26		
	L.O.-dosente	1	11	24	36		
	L.O.-studente	11	51	140	202	366	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	2	6	17	25		
	Nie-L.O.-dosente	5	20	15	40		
	Nie-L.O.-studente	17	48	120	185	250	
	Totaal	40	179	397	616		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					75	11

Tabel 5.18 gee 'n opsomming van die inligting uit die terugontvangde vraelyste.

Van die 366 betrokkenes by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 16 (4%) gemeen dat L.O.- onderwysers nie sterk kan standpunt inneem nie, 115 (31%) het gemeen dat L.O.-onderwysers gemiddeld is wat die vermoë om standpunt in te neem betref en 245 (67%) van die proefpersone betrokke by L.O. het gemeen dat L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers goed kan standpunt inneem.

Van die 250 proefpersone wat nie-betrokke is by L.O. nie, het 24 (10%) gemeen dat L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers nie sterk kan standpunt inneem nie, 74 (30%) het gemeen dat L.O.-onderwysers se vermoë om standpunt in te neem gemiddeld is in vergelyking met ander onderwysers en 152 (61%) het gemeen dat L.O.-onderwysers goed standpunt inneem in vergelyking met ander onderwysers.

Die doel van hierdie vraag was om retrospektief inligting in te win aangaande die mening van ouer volwassenes teenoor jonger volwassenes in retrospeksie jeens die vermoë van L.O.-onderwysers in vergelyking met die vermoë van ander onderwysers om standpunt oor 'n saak in te neem.

TABEL 5.19 L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË IN VERGELYKING MET DIË VAN ANDER ONDERWYSERS OM STANDPUNT IN TE NEEM SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	16	40	121	177	
	20-25	15	90	200	305	
	26-30	2	5	10	17	
	31-40	3	14	20	37	
OUD	41-50	4	17	18	39	
	51+	0	12	22	34	
	Totaal	40	178	391	609	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				82	12

Na ontleding van die terugversende antwoorde is die inligting in tabelvorm opgesom (kyk tabel 5.19).

Van die 536 jonger volwassenes wat die vraelys voltooi het, het 38 (7%) gemeen dat L.O.-onderwysers nie so goed soos ander onderwysers standpunt kan inneem nie, 149 (28%) het gemeen L.O.-onderwysers presteer gemiddeld wat die inneem van 'n standpunt betref en 351 (65%) van die jonger volwassenes wat die vraelys voltooi het, het gemeen dat L.O.-onderwysers goed kan standpunt inneem in vergelyking met ander onderwysers.

Van die 73 ouer volwassenes wat die vraelys voltooi het, het slegs 4 persone gemeen dat L.O.-onderwysers nie so goed soos ander onderwysers kan standpunt inneem nie, 29 persone het gemeen dat L.O.-onderwysers gemiddeld vaar wat standpunt oor 'n saak inneem betref en 40 persone van die ouer volwassenes (55%) het gemeen dat L.O.-onderwysers goed kan standpunt inneem oor 'n saak.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen oud en jonk bestaan, is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.20 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.20 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË OM STANDPUNT IN TE NEEM

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,627	2,588	2,623
	Betrokke N	$n_1 = 327$	$n_2 = 34$	$n\bar{I} = 361$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,526	2,410	2,507
	Nie-betrokke N	$n_3 = 209$	$n_4 = 39$	$n\bar{I} = 248$
	\bar{x}	2,587	2,492	2,575
	N	$n\bar{I} = 536$	$n\bar{I} = 73$	$n\bar{I} = 609$

Volgens tabel 5.20 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,623; \bar{x} nie-betrokke = 2,507). Hierdie verskil is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,0698$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,587; \bar{x} oud = 2,492; $p = 0,3135$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,6142$). Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

Die proefpersone voel dus eenders oor die L.O.-onderwyser se vermoë om standpunt in te neem en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser goed kan standpunt inneem.

5.3.1.5 Aanknoping by ouers

Met hierdie vraag is daar beoog om die mening van persone betrokke en nie-betrokke by L.O. jeens L.O.-onderwysers te peil.

TABEL 5.21 L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË IN VERGELYKING MET DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS OM AANKNOPING MET OUERS TE VIND SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	14	42	44	100		
	Biokinetikagimnasiumlede	5	7	15	27		
	L.O.-dosente	3	10	23	36		
	L.O.-studente	29	69	103	201	364	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	5	9	11	25		
	Nie-L.O.-dosente	3	17	19	39		
	Nie-L.O.-studente	36	66	82	184	248	
	Totaal	95	220	297	612		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					79	11

Van die proefpersone wat betrokke is by L.O. het 364 hierdie vraag beantwoord. Van hierdie proefpersone het 51 (14%) gemeen L.O.-onderwysers kan beter aanknoping by ouers vind, 128 (35%) het gemeen L.O. onderwysers se aanknoping by ouers is gemiddeld en 185 (51%) het gemeen dat L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers goeie aanknoping by die ouers vind.

Van die 248 proefpersone wat nie-betrokke is by L.O. het 44 (17%) gemeen dat L.O.-onderwysers nie goeie aanknoping by ouers vind nie, 92 (37%) het gemeen L.O.-onderwysers se aanknoping by ouers is gemiddeld en 112 (45%) het gemeen L.O.-onderwysers se aanknoping by ouers is goed.

Vir die doel van die studie is dit belangrik om vas te stel of ouer volwassenes 'n ander mening huldig as jonger persone jeens L.O.-onderwysers.

TABEL 5.22 L.O.-ONDERWYSERS SE VERMOË IN VERGELYKING MET DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS OM AANKNOPING MET OUERS TE VIND SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	21	74	80	175	
	20-25	58	101	144	303	
	26-30	4	6	7	17	
	31-40	3	14	20	37	
OUD	41-50	7	11	22	40	
	51 +	2	12	19	33	
	Totaal	95	218	292	605	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				86	12

'n Redelike persentasie van die proefpersone is self ouers en kan dus 'n baie besliste mening huldig oor die vermoë van L.O.-onderwysers om aanknoping met ouers te vind.

Van die 532 jonger proefpersone wat vraelyste teruggestuur het, het 86 (16%) gemeen L.O.-onderwysers vind nie goeie aanknoping by ouers nie, 195 (37%) het gerapporteer dat L.O.-onderwysers gemiddeld vaar ten opsigte van aanknoping by ouers en 251 jonger proefpersone (47%) van die jonger proefpersone het gemeen dat L.O.-onderwysers goeie aanknoping by ouers vind.

Van die 73 ouer proefpersone wat hierdie vraag beantwoord het, het 9 (12%) gemeen dat L.O.-onderwysers nie so goed vaar wat aanknoping met ouers betref nie. Van die proefpersone het 23 (32%) gemeen dat L.O.-onderwysers se aanknoping by ouers gemiddeld is en 41 (56%) ouer proefpersone het gemeen dat L.O.-onderwysers se aanknoping by ouers goed is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.23 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.23 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKEHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE VERMOË VAN L.O.-ONDERWYSERS OM AANKNOPING BY OUERS TE VIND

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,349	2,486	2,362
	Betrokke N	$n_1 = 324$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 359$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,250	2,395	2,272
	Nie-betrokke N	$n_3 = 208$	$n_4 = 38$	$n\bar{I} = 246$
	\bar{x}	2,310	2,438	2,325
	N	$n\bar{I} = 532$	$n\bar{I} = 73$	$n\bar{I} = 605$

Tabel 5.23 dui aan dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,362; \bar{x} nie-betrokke = 2,272). Hierdie verskil is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,3001$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,310; \bar{x} oud = 2,438; $p = 0,1242$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,9675$). Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

Die proefpersone voel dus eenders oor die vermoë van die L.O.- onderwyser om aanknopning by die ouers te vind en is van mening dat L.O.-onderwysers goed daarin slaag om aanknopning by ouers te vind.

5.3.1.6 Bydrae tot die gemeenskap

Hierdie vraag het ten doel om te peil wat persone buite die onderwys betrokke of nie-betrokke by L.O. se menings jeens L.O.-onderwysers is; in hierdie geval in die besonder of die L.O.- onderwysers 'n bydrae tot die gemeenskap maak.

**TABEL 5.24 DIE BYDRAE WAT L.O.-ONDERWYSERS TOT DIE GEMEENSAP MAAK IN
VERGELYKING MET DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR
BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE**

		Kan beter	Gemid- deld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	11	43	47	101		
	Biokinetikagimnasiumlede	3	11	13	27		
	L.O.-dosente	3	7	26	36		
	L.O.-studente	21	70	111	202	366	
NIE-BE- TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	2	8	16	26		
	Nie-L.O.-dosente	2	16	21	39		
	Nie-L.O.-studente	30	69	87	186	251	
	Totaal	72	224	321	617		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					74	10

Van 366 betrokkenes by L.O. wat voltooide vraelyste terugversend het, het 38 (10%) gemeen L.O.-onderwysers se bydrae tot die gemeenskap kan beter wees. Van die betrokkenes by L.O. het 131 (36%) gemeen dat L.O.-onderwysers in vergelyking met ander onderwysers se diens aan die gemeenskap gemiddeld is. Van die betrokke persone het 197 (54%) gemeen dat L.O.-onderwysers goeie diens aan die gemeenskap lewer.

Van die 251 proefpersone nie-betrokke by L.O. wat voltooide vraelyste terugversend het, het 34 (14%) gemeen dat L.O.-onderwysers se bydrae tot die gemeenskap beter kon wees. Van nie-betrokke persone by L.O. het 93 (37%) gemeen dat L.O.-onderwysers se bydrae tot die gemeenskap gemiddeld is en 124 persone nie-betrokke by L.O. (41%) het gemeen dat L.O.-onderwysers se bydrae tot die gemeenskap goed is.

Om 'n peiling te probeer maak of persone van verskillende ouderdomsgroepe verskillende menings het aangaande 'n saak is hierdie vraag ook aan jonger en ouer volwassenes gevra.

TABEL 5.25 DIE BYDRAE WAT L.O.-ONDERWYSERS TOT DIE GEMEENSAP MAAK IN VERGELYKING MET DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
JONK	17-19	16	73	88	177		
	20-25	46	109	150	305		
	26-30	1	5	11	17		
	31-40	3	10	24	37	536	
OUD	41-50	5	13	22	40		
	51+	0	13	20	33	73	
	Totaal	71	223	315	609		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					82	12

Die inligting bekom uit die ontleding van die terugversende vraelyste is opgesom in tabel 5.25.

Altesaam 536 persone van die jong volwasse groep het voltooide vraelyste terugversend. Van hierdie groep jong volwassenes het 66 (12%) gemeen dat L.O.-onderwysers 'n beter bydrae tot die gemeenskap kon lewer, 197 (37%) het gesê dat L.O.-onderwysers se bydrae tot die gemeenskap gemiddeld is en 273 (51%) was van mening dat L.O.-onderwysers 'n goeie bydrae tot die gemeenskap lewer.

Van die 73 proefpersone wat tot die ouer volwasse groep behoort het 5 (7%) gerapporteer dat L.O.-onderwysers 'n groter bydrae tot die gemeenskap kan maak, 26 (36%) het genoteer dat L.O.-onderwysers se bydrae middelmatig is en 42 (57%) was van mening dat L.O.-onderwysers 'n goeie bydrae tot die gemeenskap maak.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen oud en jonk. Tabel 5.26 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.26 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BYDRAE WAT L.O.-ONDERWYSERS TOT DIE GEMEENSAP MAAK

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,5417	2,543	2,429
	Betrokke N	$n_1 = 326$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 361$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,338	2,474	2,358
	Nie-betrokke N	$n_3 = 210$	$n_4 = 38$	$n\bar{I} = 248$
	\bar{x}	2,386	2,507	2,400
	N	$n\bar{I} = 536$	$n\bar{I} = 73$	$n\bar{I} = 609$

Volgens tabel 5.26 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,429; \bar{x} nie-betrokke = 2,358; $p = 0,3899$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,386; \bar{x} oud = 2,400; $p = 0,1300$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,9546$). Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

Die proefpersone voel dus eenders oor die bydrae wat die L.O.- onderwyser tot die gemeenskap maak en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser wel 'n bydrae lewer tot die gemeenskap.

5.3.1.7 Skoolambassadeurskap

Met hierdie vraag wil 'n peiling gemaak word van persone betrokke en nie-betrokke by L.O. buite skoolverband se mening oor die L.O.- onderwyser as ambassadeur in vergelyking met ander onderwysers.

TABEL 5.27 DIE SKOOLAMBASSADEURSKAP VAN L.O.-ONDERWYSERS TEENOR DIE VAN ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	10	31	60	101		
	Biokinetikagimnasiumlede	4	7	14	25		
	L.O.-dosente	1	10	25	36		
	L.O.-studente	15	72	115	202	364	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	3	6	17	26		
	Nie-L.O.-dosente	2	13	24	39		
	Nie-L.O.-studente	13	82	91	186	251	
	Totaal	48	221	346	615		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				76		11

364 proefpersone wat betrokke is by L.O. het voltooid vraelyste terugversend. Van die genoemde totaal was 30 (8%) proefpersone van mening dat L.O.-onderwysers se ambassadeurskap kón beter, 120 (33%) betrokke proefpersone was van mening dat L.O.-onderwysers gemiddelde ambassadeurs vir hulle skole was en 214 (59%) was van mening dat L.O.-onderwysers goeie ambassadeurs vir hulle skole was.

Altesaam 251 proefpersone wat nie by L.O. betrokke is nie het vraelyste terugversend. Van hierdie groep proefpersone was die mening van 18 (7%) dat L.O.-onderwysers nie sulke goeie skoolambassadeurs is nie. Van die proefpersone was 29 (12%) van mening dat L.O.-onderwysers se skoolambassadeurskap gemiddeld is en 132 (52%) was van mening dat L.O.-onderwysers goeie skoolambassadeurs is.

Met hierdie vraag is 'n meningspeiling van persone wat verskil in ouderdom gedoen jeens L.O.-onderwysers oor die algemeen en in die besonder as skoolambassadeurs.

TABEL 5.28 DIE SKOOLAMBASSADEURSKAP VAN L.O.-ONDERWYSERS TEENOR DIÉ VAN ANDER ONDERWYSERS SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal	%
JONK	17-19	14	65	98	177	
	20-25	23	118	164	305	
	26-30	3	5	9	17	
	31-40	0	12	25	37	536
OUD	41-50	4	10	25	39	
	51+	3	9	20	32	71
	Totaal	47	219	341	607	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					84	12

Van die 536 persone wat tot die jonger volwasse groep behoort het 40 (7%) gemeen dat L.O.-onderwysers se skoolambassadeurskap kàn verbeter, 200 (37%) was van mening dat L.O.-onderwysers se skoolambassadeurskap gemiddeld is en 296 (55%) was van mening dat L.O.-onderwysers se skoolambassadeurskap goed is.

Van die 71 ouer volwassenes wat hierdie vrag beantwoord het, het 7 (10%) gemeen L.O.-onderwysers kón beter skoolambassadeurs gewees het, 19 (27%) het aangedui dat hulle dink L.O.-onderwysers se skoolambassadeurskap is gemiddeld en 45 (63%) het gemeen L.O.- onderwysers se skoolambassadeurskap is goed.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen jonk en oud, betrokkenes en nie-betrokkenes. Tabel 5.29 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.29 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOLAMBASSADEURSKAP VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,497	2,545	2,501
	Betrokke N	$n_1 = 326$	$n_2 = 33$	$n\bar{I} = 359$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,448	2,526	2,459
	Nie-betrokke N	$n_3 = 210$	$n_4 = 38$	$n\bar{I} = 248$
	\bar{x}	2,477	2,534	2,483
	N	$n\bar{I} = 536$	$n\bar{I} = 71$	$n\bar{I} = 607$

Tabel 5.29 dui aan dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,501; \bar{x} nie-betrokke = 2,459; $p = 0,6726$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,477; \bar{x} oud = 2,534; $p = 0,4322$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8524$).

Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind kon word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie.

Die proefpersone voel dus eenders oor die L.O.-onderwyser se skoolambassadeurskap en is die mening toegedaan dat L.O.-onderwysers goeie ambassadeurs vir hulle skole is.

5.3.1.8 Kundigheid op eie vakgebied

Die vraag kan gevra word: hoeveel van die wetenskaplike agtergrond van die L.O.-onderwyser se opleiding vind vergestaltung in die vakinhoud en onderrigmetodes in L.O.-klasse?

Anders gestel: watter indruk maak L.O.-onderwysers op leerlinge en ander persone met betrekking tot hul vakkundigheid? Skep L.O.-onderwysers die indruk dat hulle deskundiges op hulle gebied is?

TABEL 5.30 L.O.-ONDERWYSERS IN VERGELYKING MET ANDER ONDERWYSERS TEN OPSIGTE VAN KUNDIGHEID OP EIE VAKGEBIED SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	3	19	80	102		
	Biokinetikagimnasiumlede	3	6	18	27		
	L.O.-dosente	2	12	22	36		
	L.O.-studente	8	44	150	202	367	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	5	20	26		
	Nie-L.O.-dosente	2	12	26	40		
	Nie-L.O.-studente	14	38	135	187	253	
	Totaal	33	136	451	620		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					71	10

'n Meningspeiling in hierdie verband is met hierdie vraag beoog. Tabel 5.30 gee 'n opsomming van die verkreeë inligting uit terugversende vraelyste.

'n Totaal van 367 persone betrokke by L.O. het op hierdie vraag gereageer. 'n Totaal van 16 (4%) persone was van mening dat L.O.-onderwysers meer na vore kàn kom as vakkundiges, 81 (22%) het gerapporteer dat die L.O.-onderwyser as gemiddelde vakkundiges voorkom en 270 (73%) was van mening dat die L.O.-onderwyser as 'n goeie vakkundige op sy gebied beïndruk.

Uit die totaal van 253 persone wat nie by L.O. betrokke is nie was 17 (7%) van mening dat L.O.-onderwysers nie goed vergelyk met ander onderwysers as vakkundiges op hulle gebied nie. Van hierdie groep was 45 (18%) van mening dat L.O.-onderwysers gemiddeld vergelyk met ander onderwysers as vakkundiges en 181 (72%) was van mening dat L.O.-onderwysers goed beïndruk as vakkundiges op hulle gebied.

Met hierdie vraag word beoog om deur middel van 'n meningspeiling 'n beeld te vorm van hoe resente L.O.-onderwysers teenoor hulle voorgangers hulle leerlinge beïndruk het met hulle vakkundigheid.

TABEL 5.31 L.O.-ONDERWYSERS IN VERGELYKING MET ANDER ONDERWYSERS TEN OPSIGTE VAN KUNDIGHEID OP EIE VAKGEBIED SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Kan beter	Gemiddeld	Goed	Totaal		%
JONK	17-19	11	29	139	179		
	20-25	12	72	221	305		
	26-30	2	4	11	17		
	31-40	0	14	23	37	538	
OUD	41-50	5	7	28	40		
	51+	2	9	23	34	74	
	Totaal	32	135	445	612		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					79	11

Die groep jonger proefpersone van wie daar reaksie ontvang is, is 538 sterk. Hiervan verklaar 25 (7%) dat L.O.-onderwysers beter kón beïndruk as vakdeskundiges. Van hierdie groep was 119 (22%) van mening dat L.O.-onderwysers gemiddeld beïndruk as vakdeskundiges en 394 (73%) van hierdie groep was van mening dat L.O.-onderwysers goeie deskundiges op hulle vakgebied is.

Die ouer volwassegroep bestaan uit 74 proefpersone. Van hierdie groep was 7 (9%) persone van mening dat L.O.-onderwysers beter kán vaar as vakdeskundiges, 16 (21%) was van mening dat L.O.-onderwysers gemiddelde vakdeskundiges is en 51 (61%) was van mening dat L.O.-onderwysers goeie deskundiges op hulle eie vakgebied is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.32 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.32 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE KUNDIGHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	2,706	2,514	2,687
	Betrokke N	$n_1 = 327$	$n_2 = 35$	$n\bar{I} = 362$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,654	2,667	2,656
	Nie-betrokke N	$n_3 = 211$	$n_4 = 39$	$n\bar{I} = 250$
	\bar{x}	2,685	2,594	2,674
	N	$n\bar{I} = 538$	$n\bar{I} = 74$	$n\bar{I} = 612$

Volgens tabel 5.32 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 2,687; \bar{x} nie-betrokke = 2,636; $p = 0,4809$). Die verskil tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 2,685; \bar{x} oud = 2,594; $p = 0,2059$). Aangesien geen betekenisvolle resultate vir hoofeffekte of interaksie gevind word nie, word geen grafiese voorstelling aangebied nie ($p = 0,1491$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die L.O.-onderwyser se vakkundigheid en is die mening toegedaan dat die L.O.-onderwyser 'n kundige op sy vakgebied is.

5.3.2 Die houding van proefpersone teenoor die L.O.-onderwyser

5.3.2.1 L.O.-onderwysers: slordig of netjies

Proefpersone is gevra om terug te dink aan hulle skooldae en die L.O.-onderwysers wat vir hulle op skool klas gegee het. Volwassenes buite skoolverband wat verskil in die mate waarin hulle by L.O. betrokke is, is versoek om hulle mening jeens L.O.-onderwysers te gee. Proefpersone moes by hierdie afdeling van die vraag aandui of hulle meen L.O.-onderwysers kom slordig of netjies voor.

Tabel 5.33 gee 'n opsomming van die gegewens wat na verwerking van die vraelyste verkry is.

**TABEL 5.33 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUIE SKOOLVERBAND
WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O. IS TEN OPSIGTE
VAN DIE L.O.-ONDERWYSER SE SLORDIGHEID OF NETHEID**

		Slordig	1	2	3	4	5	6	7	Netjies	
										Totaal	%
BETROK- KE	Dienspligtiges	0	1	4	3	15	38	53	114		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	1	4	2	2	6	10	26		
	L.O.-dosente	1	1	3	5	6	11	10	37		
	L.O.-studente	2	1	10	25	33	57	76	204	381	
NIE-BE- TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	1	3	4	7	4	6	25		
	Nie-L.O.-dosente	1	1	7	6	11	19	2	47		
	Nie-L.O.-studente	1	4	10	20	39	58	58	190	262	
	Totaal	6	10	41	65	113	193	215	643		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									48	7

Van die 381 volwassenes betrokke by L.O. wat die vraag beantwoord het, het 8 (2%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers kom slordig voor, 261 (69%) het aangedui dat hulle meen L.O.- onderwysers is netjies in hulle voorkoms en 112 (29%) het neutraal gerespondeer.

Van 262 volwassenes nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag voltooi het, het 3 (8%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers kom slordig voor. Van die proefpersone het 147 (56%) aangedui dat L.O.- onderwysers netjies voorkom en 107 (41%) het neutraal gerespondeer.

By betrokkenes het daar 'n kleiner persentasie proefpersone as by nie-betrokkenes (2% teenoor 8%) gemeen dat L.O.-onderwysers onnet voorkom. 'n Kleiner persentasie (56%) nie-betrokkenes het gemeen dat L.O.-onderwysers netjies voorkom teenoor 69 persent betrokkenes by L.O. wat dieselfde mening toegedaan was. Dit wil voorkom asof die nie-betrokkenes 'n minder gunstige mening jeens L.O.- onderwysers huldig as persone wat by L.O. betrokke is.

Volwassenes buite skoolverband wat van mekaar verskil in ouderdom is gevra om hulle mening jeens die slordige of netjiese voorkoms van L.O.-onderwysers te gee.

Tabel 5.34 gee 'n opsomming van die gegewens wat ontvang is na verwerking van die vraelyste.

TABEL 5.34 DIE MENING VAN VOLWASSENES BUIE SKOOLVERBAND EN WAT VERSKIL IN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.- ONDERWYSER SE SLORDIGHEID OF NETHEID

	Slordig	1	2	3	4	5	6	7	Netjies	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	2	0	7	13	35	60	72	189	
	20-25	1	6	17	33	50	93	111	311	
	26-30	1	0	4	0	4	3	6	18	
	31-40	0	0	5	5	5	15	10	40	558
OUD	41-50	1	2	4	7	11	7	7	39	
	51+	1	2	3	5	7	14	7	39	78
	Totaal	6	10	40	63	112	192	213	636	100
Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie									55	8

Van die 558 jong volwassenes wat hierdie vraag voltooi het, het 10 (2%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is slordig en 370 (66%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is netjies.

Van 78 ouer volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 6 (12%) aangedui dat hulle dink L.O.-onderwysers is slordig en 35 (45%) het aangedui dat hulle dink L.O.-onderwysers is netjies terwyl 37 (47%) neutraal gerespondeer het.

Dit wil voorkom asof die jong volwassenes ten opsigte van die netheid van die L.O.-onderwyser positiewer ingestel is as die ouer volwassenes.


Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.35 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.35 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR DIE NETHEID OF SLORDIGHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,859	5,333	5,808
	Betrokke N	$n_1 = 340$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 376$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,578	4,786	5,450
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 42$	$n\bar{I} = 260$
	\bar{x}	5,749	5,038	5,661
	N	$n\bar{I} = 558$	$n\bar{I} = 78$	$n\bar{I} = 636$

Volgens tabel 5.35 is dit duidelik dat daar betekenisvolle verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone bestaan (\bar{x} betrokke = 5,808; \bar{x} nie-betrokke = 5,450; $p = 0,0266$). Die verskil tussen jong en ouer proefpersone is ook betekenisvol (\bar{x} jonk = 5,749; \bar{x} oud = 5,038; $p = 0,1934$). Volgens grafiek 5.2 is dit duidelik dat daar nie 'n betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdoms-groepe is nie ($p = 0,4829$).

GRAFIEK 5.2 INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE RAKENDE DIE NETHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS



Dit val op dat die ouer nie-betrokke groep se gemiddelde mening oor die netheid van die L.O.-onderwyser via die neutrale gebied op die skaal van 1-7 neig ($\bar{x} = 4,786$). Daarteenoor voel die ouer groep wat betrokke is, minder so ($\bar{x} = 5,333$). 'n Sweetpak is moontlik meer aanvaarbare drag vir die ouer persone wat by oefenpraktyke betrokke is as vir die nie-betrokkes.

Die bewering wat hierbo gemaak is, word gestaaf deur die betekenisvolle verskil wat jonger proefpersone se mening oor die netheid van L.O.-onderwysers toon, teenoor dié van ouer persone. Vir die jonger persone het die sweetpak alledaagse drag geword terwyl dit waarskynlik in die ouer persone se geval minder so is. Die begrip *netheid* het waarskynlik verskillende betekenis vir jonk en oud.

5.3.2.2 L.O.-onderwysers: toegewyd of nie-toegewyd

Proefpersone wat van mekaar verskil in die mate waarin hulle betrokke is by L.O. is gevra of hulle meen L.O.-onderwysers is toegewyd of nie.

Tabel 5.36 gee 'n opsomming van die inligting wat verkry is nadat die voltooide terugversende vraelyste verwerk is.

TABEL 5.36 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUTTE SKOOLVERBAND WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O. IS TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.-ONDERWYSER SE TOEGEWYDHEID

		Toegewyd	1	2	3	4	5	6	7	Nie toegewyd	
										Totaal	%
BETROK- KE	Dienspligtiges	38	16	7	17	11	10	14	113		
	Biokinetikagimnasiumlede	5	2	3	5	5	2	4	26		
	L.O.-dosente	5	3	8	10	5	4	2	37		
	L.O.-studente	60	26	21	14	35	28	19	203	379	
NIE-BE- TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	5	3	1	3	7	2	3	24		
	Nie-L.O.-dosente	0	7	7	9	15	7	2	47		
	Nie-L.O.-studente	55	28	17	20	27	25	18	190	261	
Totaal		168	85	64	78	105	78	62	640		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het										51	8

Van die 379 betrokke persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 155 (41%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is toegewyd, 83 (22%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is nie toegewyd nie en 141 (37%) het neutraal gerespondeer.

Van die 261 proefpersone wat nie-betrokke by L.O. is nie, het 98 (37%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is toegewyd en 57 (22%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is nie toegewyd nie en 106 (41%) het neutraal gerespondeer.

Dit wil voorkom asof proefpersone betrokke by L.O. sterker as proefpersone nie-betrokke by L.O. meen dat L.O.-onderwysers nie toegewyd is in hulle taak nie.

Proefpersone wat van mekaar verskil in ouderdom is gevra om aan te dui of hulle meen L.O.-onderwysers is toegewyd of nie.

Tabel 5.37 gee 'n opsomming van die inligting uit die voltooide terugversende vraelyste.

TABEL 5.37 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUTE SKOOLVERBAND WAT OOK VERSKIL IN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.-ONDERWYSER SE TOEGEWYDHEID

	Toegewyd	1	2	3	4	5	6	7	Nie toegewyd	
									Totaal	%
JONK	17-19	65	26	12	14	24	24	24	189	
	20-25	85	42	34	36	49	35	28	309	
	26-30	6	2	1	2	4	2	1	18	
	31-40	3	6	5	11	8	5	2	40	558
OUD	41-50	5	4	8	7	9	2	3	38	
	51+	3	4	3	8	10	7	4	39	77
	Totaal	167	84	63	78	104	75	62	633	100
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie								58	8

Van die 558 jong volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 235 (42%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is toegewyd en 121 (22%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is nie toegewyd nie.

Van die ouer volwassenes het 77 die vraag beantwoord. Van die ouer volwassenes het 16 (21%) aangedui dat hulle gemeen het L.O.-onderwysers is toegewyd en 15 (21%) het aangedui dat hulle van mening is dat L.O.-onderwysers nie toegewyd is nie. Van die ouer volwassenes het 45 (58%) neutraal gerespondeer.

Dit wil voorkom asof ouer en jong persone meer neig na die positiewe. Daar is dus 'n algemene gevoel dat L.O.-onderwysers toegewyd is in hulle taak.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.38 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.38 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR DIE TOEGEWYDHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	4,583	4,028	4,539
	Betrokke N	$n_1 = 338$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 374$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,468	3,805	4,363
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	4,537	3,909	4,460
	N	$n\bar{I} = 556$	$n\bar{I} = 77$	$n\bar{I} = 633$

Volgens tabel 5.38 is dit duidelik dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone bestaan nie (\bar{x} betrokke = 4,539; \bar{x} nie-betrokke = 4,363; $p = 0,4449$). Daar is 'n betekenisvolle verskil tussen die gemiddelde menings van jong en ouer proefpersone (\bar{x} jonk = 4,537; \bar{x} oud = 3,909; $p = 0,0072$). Daar is geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8128$).

Dit blyk uit tabel 5.38 dat al die groepe byna eenders, naamlik meer positief, ingestel is teenoor die toegewydheid van L.O.-onderwysers en dat almal dit eens is dat L.O.-onderwysers toegewyd is.

5.3.2.3 L.O.-onderwysers: lui of fluks

Volwasse persone buite skoolverband wat betrokke of nie-betrokke by L.O. is, is om hulle mening gevra aangaande die fluksheid of luiheid van L.O.-onderwysers.

Tabel 5.39 gee 'n opsomming van die inligting wat oor hierdie vraag uit die vraelyste verkry is.

TABEL 5.39 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUIE SKOOLVERBAND WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O. IS TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.-ONDERWYSERS OP SKOOL SE FLUKSHEID OF LUIHEID

		Lui	1	2	3	4	5	6	7	Fluks	
										Totaal	%
BETROKKE	Dienspligtiges	6	2	4	7	26	26	43	114		
	Biokinetikagimnasiumlede	0	3	1	4	6	7	5	26		
	L.O.-dosente	1	0	4	11	8	10	3	37		
	L.O.-studente	5	8	12	20	40	61	58	204	381	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	1	1	4	4	5	8	24		
	Nie-L.O.-dosente	2	1	6	10	14	13	1	47		
	Nie-L.O.-studente	8	7	12	19	30	54	60	190	261	
Totaal		23	22	40	75	128	176	178	642		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het										49	7

Van die 381 volwassenes betrokke by L.O. het 25 (7%) aangedui dat hulle van mening is dat L.O.-onderwysers lui is en 23 (56%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is fluks en 143 (37%) het neutraal gerespondeer.

Van die volwassenes het 261 wat nie-betrokke is by L.O. die vraag beantwoord en 20 (8%) het aangedui dat L.O.-onderwysers na hulle mening lui is, 141 (54%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is fluks en 100 (38%) het neutraal gerespondeer.

Volwassenes van verskillende ouderdomme is om hulle mening aangaande die L.O.-onderwyser se fluksheid of luiheid gevra.

Tabel 5.40 gee 'n opsomming van die gegewens soos verkry na verwerking van die antwoorde op die terugversende vraelyste.

TABEL 5.40 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUITE SKOOLVERBAND WAT IN OUDERDOM VERSKIL TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.- ONDERWYSER SE FLUKSHEID OF LUIHEID

	Lui	1	2	3	4	5	6	7	Fluks	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	8	3	10	11	29	56	72	189	
	20-25	12	14	16	36	63	82	88	311	
	26-30	1	2	1	3	5	1	5	18	
	31-40	0	2	6	8	12	10	2	40	558
OUD	41-50	2	1	3	6	10	12	4	38	
	51+	0	0	2	11	7	12	7	39	77
	Totaal	23	22	38	75	126	173	178	635	100
Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie									56	8

Van die 558 jonger volwassenes het 42 (8%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is lui en 316 (57%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is fluks.

Van die 77 ouer volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 3 (4%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is lui en 35 (45%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is fluks.

Dit kom voor asof die meerderheid jong en ouer volwassenes die mening toegedaan is dat L.O.-onderwysers fluks is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.41 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.41 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR DIE FLUKSHEID OF LUIHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,429	5,139	5,401
	Betrokke N	$n_1 = 340$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 376$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,303	5,073	5,266
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	5,379	5,103	5,345
	N	$n\bar{I} = 558$	$n\bar{I} = 77$	$n\bar{I} = 635$

Volgens tabel 5.41 is dit duidelik dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 5,401; \bar{x} nie-betrokke = 5,266; $p = 0,5720$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,379; \bar{x} oud = 5,103; $p = 0,1336$). Daar is geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8544$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel teenoor die fluksheid van L.O.-onderwysers en almal is dit eens dat L.O.-onderwysers fluks is.

5.3.2.4 L.O.-onderwysers: onaangenaam of aangenaam

Volwassenes buite skoolverband wat van mekaar verskil ten opsigte van hulle betrokkenheid by L.O. is gevra om hulle mening aangaande L.O.-onderwysers as aangename of onaangename persone.

Tabel 5.42 gee 'n opsomming van die gegewens uit die beantwoorde vraelyste.

TABEL 5.42 DIE MENINGS VAN PERSONE BUITE SKOOLVERBAND WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O. IS TEN OPSIGTE VAN DIE L.O.-ONDERWYSER SE AANGENAME OF ONAANGENAME HOUDING

		Onaangenaam	1	2	3	4	5	6	7	Aangenaam	
										Totaal	%
BETROKKE	Dienspligtiges		1	0	2	5	17	31	58	114	
	Biokinetikagimnasiumlede		1	1	1	3	3	5	12	26	
	L.O.-dosente		0	0	1	3	8	13	12	37	
	L.O.-studente		3	1	7	17	23	73	80	204	381
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede		0	1	0	2	6	5	10	24	
	Nie-L.O.-dosente		1	2	4	6	11	16	7	47	
	Nie-L.O.-studente		4	6	7	12	38	60	63	190	261
	Totaal		10	11	22	48	106	203	242	642	100
	Aantal persone wat vraag beantwoord gelaat het									49	7

Van die 381 persone betrokke by L.O. wat die vraag beantwoord het, het 7 (2%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers slaan 'n onaangename houding aan.

Van die betrokke volwassenes het 90 (24%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers het 'n aangename houding en 284 (74%) het neutraal gerespondeer.

Van die 261 persone nie-betrokke by L.O. wat die vraag beantwoord het, het 14 (5%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is 'n aangename persone, 161 (62%) het aangedui dat L.O.-onderwysers aangenaam is en 86 (33%) het neutraal gerespondeer.

Volwassenes buite skoolverband wat van mekaar verskil in ouderdom is om hulle mening rakende L.O.-onderwysers gevra, naamlik of L.O.-onderwysers aangenaam of onaangenaam is.

Tabel 5.43 gee 'n opsomming van die gegewens wat na verwerking van die terugversende vraelyste bevind is.

TABEL 5.43 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUIITE SKOOLVERBAND WAT VERSKIL IN OUDERDOM AANGAANDE DIE L.O.-ONDERWYSER SE HOUDING: AANGENAAM OF ONAANGENAAM

	Onaangenaam	1	2	3	4	5	6	7	Aangenaam		
	Jaar								Totaal	%	
JONK	17-19	5	3	6	9	23	59	84	189		
	20-25	3	4	10	23	54	99	118	311		
	26-30	0	1	0	2	4	6	5	18		
	31-40	0	2	3	5	10	10	10	40	558	
OUD	41-50	1	0	2	2	9	12	12	38		
	51+	1	1	1	5	6	14	11	39	77	
	Totaal	10	11	22	46	106	200	240	635	100	
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie									56	8

Van die 558 jong volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 18 (3%) aangedui dat hulle L.O.-onderwysers onaangenaam vind en 391 (70%) jong volwassenes het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is aangenaam.

Van die 77 ouer volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 3 (4%) aangedui dat hulle van mening is dat L.O.-onderwysers onaangenaam is en 49 (64%) het aangedui dat hulle gemeen het L.O.- onderwysers is aangenaam.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.44 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.44 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR DIE AANGENAME OF ONAANGENAME HOUDING VAN DIE L.O.-ONDERWYSER

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,982	5,861	5,970
	Betrokke N	$n_1 = 340$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 376$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,619	5,415	5,586
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	5,840	5,623	5,813
	N	$n\bar{I} = 558$	$n\bar{I} = 77$	$n\bar{I} = 635$

Volgens tabel 5.44 is dit duidelik dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 5,970; \bar{x} nie-betrokke = 5,586). Die verskil is betekenisvol ($p = 0,0126$). Die verskil in gemiddelde mening van jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,840; \bar{x} oud = 5,623; $p = 0,3145$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,7969$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die aangenaamheid van L.O.-onderwysers en is die mening toegedaan dat L.O.-onderwysers aangename persone is.

5.3.2.5 L.O.-onderwysers: onbetroubaar of betroubaar

Aan volwassenes wat van mekaar verskil ten opsigte van die mate waarin hulle betrokke is by L.O. is gevra of hulle meen L.O.-onderwysers is betroubaar of nie.

Tabel 5.45 gee 'n opsomming van die reaksie wat op die vraag ontvang is.

TABEL 5.45 DIE MENINGS VAN VOLWASSENES BUIITE SKOOLVERBAND WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O. IS RAKENDE DIE L.O.-ONDERWYSERS SE BETROUBAARHEID OF ONBETROUBAARHEID

Onbetroubaar		1	2	3	4	5	6	7	Betroubaar	
									Totaal	%
BETROKKE	Dienspligtiges	1	0	4	3	18	29	59	114	
	Biokinetikagimnasiumlede	0	0	1	5	2	6	12	26	
	L.O.-dosente	0	0	0	6	13	8	10	37	
	L.O.-studente	1	1	5	14	25	66	92	204	381
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	0	1	4	4	6	9	24	
	Nie-L.O.-dosente	1	2	1	6	15	17	5	47	
	Nie-L.O.-studente	1	2	6	17	38	56	70	190	261
Totaal		4	5	18	55	115	188	257	642	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									46	7

Van die 381 volwassenes betrokke by L.O. het 3 (1%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is onbetroubaar, 282 (74%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is betroubaar en 96 (25%) het neutraal gerespondeer.

Van die 261 volwassenes wat nie-betrokke by L.O. is, het 6 (2%) aangedui dat hulle van mening is dat L.O.-onderwysers onbetroubaar is, 163 (63%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is betroubaar en 92 (35%) het neutraal gerespondeer.

Aan persone wat van mekaar verskil ten opsigte van ouderdom is gevra om hulle mening aangaande die betroubaarheid aldan nie van L.O.-onderwysers te gee.

Tabel 5.46 gee 'n opsomming van die gegewens wat verkry is.

TABEL 5.46 DIE MENINGS VAN PERSONE BUITE SKOOLVERBAND EN WAT IN OUDERDOM VERSKIL RAKENDE DIE L.O.-ONDERWYSER SE BETROUBAARHEID OF ONBETROUBAARHEID

	Onbetroubaar	1	2	3	4	5	6	7	Betroubaar	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	1	1	4	14	26	56	87	189	
	20-25	2	2	11	19	53	92	132	311	
	26-30	0	0	0	2	6	4	6	18	
	31-40	0	1	2	8	12	10	7	40	558
OUD	41-50	1	1	0	5	10	11	10	38	
	51 +	0	0	1	6	8	12	12	39	77
	Totaal	4	5	18	54	115	185	254	635	100
Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie									56	8

Van 558 jong volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 7 (1%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is onbetroubaar en 394 (71%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is betroubaar.

Van die 77 ouer volwassenes wat die vraag beantwoord het, het 2 (3%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is onbetroubaar en 45 (58%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is betroubaar.

Op grond van die gegewens van tabel 5.46 is dit duidelik dat die meerderheid jong en ouer persone van mening is dat L.O.-onderwysers betroubaar is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes, oud en jonk, is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.47 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.47 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM MET BETREKING TOT DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE RAKENDE DIE BETROUBAARHEID OF ONBETROUBAARHEID VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	6,065	5,750	6,034
	Betrokke N	$n_1 = 340$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 376$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,748	5,488	5,706
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	5,941	5,610	5,900
	N	$n\bar{I} = 558$	$n\bar{I} = 77$	$n\bar{I} = 635$

Volgens tabel 5.47 is dit duidelik dat daar verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is (\bar{x} betrokke = 6,034; \bar{x} nie-betrokke = 5,706). Hierdie verskil is nie betekenisvol nie ($p = 0,0587$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,941; \bar{x} oud = 5,610; $p = 0,0632$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8410$).

Die jong persone wat betrokke is by L.O. is blykbaar meer positief ingestel teenoor die ander groepe en almal is dit eens dat L.O.- onderwysers betroubaar is.

5.3.2.6 L.O.-onderwysers: slim of dom

Volwassenes wat betrokke is by L.O. en volwassenes wat nie-betrokke is by L.O. is gevra of hulle meen L.O.-onderwysers is slim of dom.

Van die volwassenes wat betrokke is by L.O. het 381 die vraag beantwoord. Van hierdie proefpersone het 6 (2%) aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is dom, 238 (62%) het aangedui dat hulle meen L.O.-onderwysers is slim en 137 (36%) proefpersone het neutraal gerespondeer.

TABEL 5.48 DIE MENINGS VAN PERSONE BUITE SKOOLVERBAND WAT BETROKKE OF NIE-BETROKKE IS BY L.O. RAKENDE DIE INTELLIGENSIE VAN DIE L.O.-ONDERWYSER

		Dom	1	2	3	4	5	6	7	Slim	
										Totaal	%
BETROKKE	Dienspligtiges	3	0	5	11	14	36	45	114		
	Biokinetikagimnasiumlede	0	0	0	5	6	11	4	26		
	L.O.-dosente	2	0	0	8	14	11	2	37		
	L.O.-studente	1	0	1	26	47	82	47	204	381	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	0	1	5	8	3	7	24		
	Nie-L.O.-dosente	2	1	5	15	14	9	1	47		
	Nie-L.O.-studente	1	1	2	31	45	61	49	190	261	
	Totaal	9	2	14	101	148	213	155	642		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									49	7

Van die 261 nie-betrokke volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 5 (2%) aangedui dat hulle van mening is dat L.O.- onderwysers dom is, 130 (50%) is van mening dat L.O.-onderwysers slim is en 126 (48%) het neutraal gerespondeer.

Die persone nie-betrokke by L.O. het minder positief gerespondeer as die persone wat by L.O. betrokke is.

Persone wat verskil in ouderdom is gevra om hulle mening jeens die intelligensie van die L.O.-onderwyser uit te spreek.

TABEL 5.49 DIE MENINGS VAN PERSONE BUTTE SKOOLVERBAND EN WAT VERSKIL IN OUDERDOM RAKENDE DIE INTELLIGENSIE VAN DIE L.O.-ONDERWYSER

	Dom	1	2	3	4	5	6	7	Slim		
	Jaar								Totaal	%	
JONK	17-19	3	0	4	12	41	68	61	189		
	20-25	2	1	4	54	63	109	78	311		
	26-30	1	0	0	5	3	7	2	18		
	31-40	0	1	5	10	13	7	4	40	558	
OUD	41-50	2	0	0	9	13	10	4	38		
	51+	1	0	1	10	13	10	4	39	77	
	Totaal	9	2	14	100	146	211	153	635		100
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie									56	8

Van die 558 jong volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 8 (1%) aangedui dat hulle van mening is dat L.O.-onderwysers dom is en 336 (60%) jong volwassenes was van mening dat L.O.-onderwysers slim is.

Van die 77 ouer volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 3 (4%) gemeen L.O.-onderwysers is dom en 28 (36%) ouer volwassenes het gemeen L.O.-onderwysers is slim.

'n Hoër persentasie jong volwassenes as ouer volwassenes meen blykbaar dat L.O.-onderwysers slim is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen oud en jonk is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.50 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.50 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM MET BETREKKING TOT DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE RAKENDE DIE INTELLIGENSIE VAN L.O.-ONDERWYSERS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,694	5,306	5,656
	Betrokke N	$n_1 = 340$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 376$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,495	4,805	5,385
	Nie-betrokke N	$n_3 = 218$	$n_4 = 41$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	5,616	5,039	5,546
	N	$n\bar{I} = 558$	$n\bar{I} = 77$	$n\bar{I} = 635$

Rakende die intelligensie van die L.O.-onderwyser is daar volgens die gegewens vervat in tabel 5.50 nie groot verskille nie, alhoewel die ouer, nie-betrokke persone blykbaar 'n minder positiewe gemiddelde mening toon.

Daar bestaan 'n betekenisvolle verskil by betrokke en nie-betrokke proefpersoongroepe, alhoewel daar nie groot verskille in die gemiddelde mening is nie (\bar{x} betrokke = 5,656; \bar{x} nie-betrokke = 5,385; $p = 0,0223$). Die gemiddelde menings van die ouer en jong volwasse proefpersone verskil min, maar die verskil is betekenisvol (\bar{x} jonk = 5,616; \bar{x} oud = 5,039; $p = 0,0006$).

Daar is geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,3289$).

Alhoewel die ouer, nie-betrokke persone minder positief as die ander groepe ingestel is dat L.O.-onderwysers nie dom is nie, het alle groepe neutraal tot positief op hierdie saak gereageer.

5.3.3 Die mening van proefpersone oor L.O. as langtermynberoep

Sal proefpersone na tien jaar nog L.O. wil doseer? Hierdie vraag is gevra om 'n beeld te verkry van hoe persone buite die onderwys L.O. as 'n beroep sien, of persone buite die onderwys maar betrokke by L.O. anders dink as persone buite die onderwys maar nie-

betrokke by L.O. nie. Daar wil vasgestel word of persone wat nie L.O. op skool doseer nie dit nogtans as 'n aangename beroep sien.

TABEL 5.51 MEEN PERSONE BETROKKE BY L.O. DAT IEMAND WAT REEDS TIEN JAAR L.O. DOSEER NOG L.O. SAL WIL DOSEER

		Ja	Nee	NvT	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	21	9	54	84		
	Biokinetikagimnasiumlede	4	3	20	27		
	L.O.-dosente	30	3	5	38		
	L.O.-studente	139	18	43	200	349	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	5	1	18	24		
	Nie-L.O.-dosente	9	5	23	37		
	Nie-L.O.-studente	58	29	89	176	237	
Totaal		266	68	252	586		
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het					105	15	

Van die 349 persone betrokke by L.O. wat hierdie vraag voltooi het, het 194 (56%) gemeen dat hulle na tien jaar nog L.O. sou wou doseer en 33 (9%) het gemeen dat hulle nie nog L.O. sou wou doseer nie. Die vraag is deur 122 (35%) proefpersone met *nie van toepassing* beantwoord.

Wanneer 'n betrokke-by-L.O.-persoon hier 'n *nie van toepassing* aandui, beteken dit dat die persoon met L.O. te doen het, maar dit nie as beroep beoefen nie.

Van 237 persone nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 72 (30%) gemeen dat hulle na tien jaar steeds L.O. sou wou doseer en 35 (15%) het gemeen dat hulle nie na tien jaar nog L.O. sou wou doseer nie. Van die proefpersone het 130 (55%) *nie van toepassing* geantwoord.

Dit kom dus voor asof daar heelwat persone is wat nie-betrokke by L.O. is, of L.O. as 'n beroep gekies het wat meen dat dit 'n aangename beroep is.

Hierdie vraag is gevra om te poog om vas te stel hoe persone buite skoolverband en van verskillende ouderdomsgroepe voel oor L.O. as 'n beroep; of persone van verskillende ouderdomme verskillend reageer op L.O. as 'n beroep of moontlike beroep.

TABEL 5.52 MEEN PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM DAT IEMAND NA TIEN JAAR NOG L.O. SOU WOU DOSEER

	Jaar	Ja	Nee	NvT	Totaal		%
JONK	17-19	72	13	79	164		
	20-25	143	42	104	289		
	26-30	8	1	8	17		
	31-40	18	2	16	36	506	
OUD	41-50	16	5	19	40		
	51+	7	4	23	34	74	
	Totaal	264	67	249	580		100
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie					111	16

Van die 506 jong persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 241 (48%) gemeen dat hulle wel na tien jaar nog L.O. sou wou doseer en 58 (11%) het gemeen dat hulle nie na tien jaar nog L.O. sou wou doseer nie.

Van 74 ouer persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 23 (31%) gemeen dat hulle na tien jaar nog L.O. sou wou doseer en 9 (12%) het gemeen dat hulle nie na tien jaar nog L.O. sou wou doseer nie.

Dit kom voor asof ouer persone meer positief oor hierdie saak voel as jonger persone.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille tussen die menings van betrokkenes, nie-betrokkenes, jonk en oud bestaan, is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.53 toon die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.53 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM MET BETREKKING TOT DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR L.O. AS 'N LANGTERMYNBEROEP

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	1,767	2,000	1,7913
	Betrokke N	$n_1 = 309$	$n_2 = 36$	$n\bar{I} = 345$
	Nie-betrokke \bar{x}	2,193	2,500	2,242
	Nie-betrokke N	$n_3 = 197$	$n_4 = 38$	$n\bar{I} = 235$
	\bar{x}	1,932	2,256	1,973
	N	$n\bar{I} = 506$	$n\bar{I} = 74$	$n\bar{I} = 580$

Volgens tabel 5.53 kan gesien word dat daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die gemiddelde menings van betrokke en nie-betrokke groepe (\bar{x} betrokke = 1,7913; \bar{x} nie-betrokke = 2,242; $p = 0,0001$). Daar is ook betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde menings van jong en ouer proefpersone (\bar{x} jonk = 1,932; \bar{x} oud = 2,256; $p = 0,0165$). Geen betekenisvolle interaksie bestaan tussen die betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,7733$).

Dit wil dus voorkom asof alle groepe oorwegend meen dat L.O.-onderwys 'n aangename beroep is.

5.3.4 Liggaamlike Opvoeding as universiteitstoelatingsvak

Die mening van persone buite die onderwys oor die belangrikheid van L.O. as vak in die skoolleerplan word in tabel 5.54 saamgevat.

Uit die ontleding van die vraelyste wat terugversend is, blyk dit dat uit die 398 betrokkenes by L.O. wat aan die studie deelgeneem het, 65 gemeen het dat L.O. heeltemal onbelangrik is as 'n universiteitstoelatingsvak. Dit verteenwoordig 9 persent van alle persone betrokke en nie-betrokke by L.O. wat die vraelys voltooi het en 16 persent van al die betrokke persone wat die vraelys voltooi het.

TABEL 5.54 L.O. AS UNIVERSITEITSTOELATINGSVAK SOOS BEOORDEEL DEUR
PERSONE BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.

		1	2	3	4	5	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	14	18	29	30	30	121		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	2	7	9	9	28		
	L.O.-dosente	3	2	8	9	16	38		
	L.O.-studente	7	17	48	64	75	211	398	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	2	6	5	7	5	25		
	Nie-L.O.-dosente	7	12	14	9	6	48		
	Nie-L.O.-studente	19	23	66	58	39	205	278	
	Totaal	53	80	177	186	180	676		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het							15	22

Van die 398 betrokkenes by L.O. wat die vraelyste voltooi het, het 242 gevoel dat L.O. 'n baie belangrike vak in die skoolleerplan vir universiteitstoelating is. Dit verteenwoordig 36 persent van die steekproef en 60 persent van alle betrokkenes in die steekproef.

Volgens die gegewens van tabel 5.54 het 69 uit 278 persone wat nie by L.O. betrokke is nie L.O. as onbelangrik vir universiteitstoelating beskou. Hierdie 69 verteenwoordig tien persent van die totale aantal persone wat vraelyste terugversend het en 25 persent van die nie-betrokke persone.

Van die 278 nie-betrokkenes by L.O. het 124 gemeen dat L.O. 'n belangrike vak is vir universiteitstoelating. Dit verteenwoordig 18 persent van die steekproef en 45 persent van die nie-betrokkenes in die steekproef.

Van die proefpersone het 92 betrokkenes en 85 nie-betrokkenes, dit wil sê 'n totaal van 177 persone het neutraal gebly en 5 persone het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Volgens tabel 5.54 het daar uit die totale steekproef van 691 persone wat vraelyste terugversend het, 133 (20%) persone gevoel dat L.O. nie belangrik is as 'n universiteitstoelatingsvak nie en 366 persone het gevoel dat dit 'n baie belangrike vak vir universiteitstoelating is. Hierdie aantal proefpersone verteenwoordig 54 persent van die hele steekproef.

Oor die afgelope eeu van L.O. se bestaan as deel van die skoolleerplan het die wetenskaplike agtergrond van L.O. soos dit op universiteite nagevors en uitgebou word, eintlik die grootste ontwikkelings, veranderings en uitbreidings ondergaan.

Vir diegene wat in L.O. belangstel en hulle bemoei met die vak is dit 'n ideaal dat L.O. tot sy reg sal kom op skole en sy plek sal inneem langs ander teoreties-praktiese vakke as keusevak vir universiteitstoelating.

**TABEL 5.55 L.O. AS UNIVERSITEITSTOELATINGSVAK SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE
WAT VERSKIL IN OUDERDOM**

	Jaar	1	2	3	4	5	Totaal		%
JONK	17-19	19	30	51	40	58	198		
	20-25	21	26	92	110	82	331		
	26-30	0	5	2	5	7	19		
	31-40	5	2	10	12	13	42	590	
OUD	41-50	3	7	9	13	10	42		
	51 +	5	9	11	5	8	38	80	
	Totaal	53	79	175	185	178	670		100
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie							21	3

Met vraag 1 onder die *menings*-afdeling van die vraelys wou die navorser in hierdie geval die menings peil van persone van verskillende ouderdomme jeens L.O. teenoor ander vakke as universiteitstoelatingsvak.

In tabel 5.55 word 'n opsomming gegee van die bevindinge uit die terugversende vraelyste.

Uit tabel 5.55 blyk dit dat uit die 17- tot 19-jarige groep, 49 persone L.O. as onbelangrik (1 en 2 op die vyfpuntskaal) en 98 persone L.O. as belangrik beskou het (4 en 5 op die vyfpuntskaal) en 51 persone neutraal gebly het (3 op die skaal) uit 'n totaal van 198 in hierdie groep.

Tabel 5.55 dui aan dat uit die 20- tot 25-jarige groep 47 persone L.O. as onbelangrik, 192 persone L.O. as belangrik en 92 persone neutraal gerespondeer het uit 'n totaal van 331 persone in hierdie groep.

Uit 'n totaal van 19 persone in die 26- tot 30-jarige groep het, volgens tabel 5.55, 5 persone L.O. as onbelangrik en 12 persone L.O. as belangrik beskou terwyl 2 persone neutraal gerespondeer het.

Volgens tabel 5.55 het uit 'n totaal van 42 persone van die 31- tot 40-jarige ouderdomsgroep 7 proefpersone L.O. as onbelangrik, 25 proefpersone L.O. as belangrik beskou terwyl 10 proefpersone neutraal gerespondeer het.

Uit die totaal van 590 jong volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 108 (18%) aan L.O. 'n 1 of 2 op 'n vyfpuntskaal van belangrikheid toegeken en 327 (55%) persone het aan L.O. 'n 4 of 5 vir belangrikheid toegeken op 'n vyfpuntskaal. Van die jonger volwassenes het 155 (26%) neutraal gerespondeer.

Tabel 5.55 dui aan dat uit die 41- tot 50-jarige groep 10 persone L.O. as onbelangrik en 23 persone L.O. as belangrik beskou het terwyl 9 persone neutraal gerespondeer het.

Uit 'n totaal van 38 persone in die 51-jarige en ouer ouderdomsgroep het 14 proefpersone L.O. as onbelangrik, 13 proefpersone L.O. as belangrik beskou terwyl 11 proefpersone neutraal gerespondeer het. Dit is die enigste groep waar daar meer persone is wat dink L.O. is onbelangrik as wat daar persone is wat dink dat L.O. belangrik is vir universiteitstoelating.

Uit 'n totaal van 80 ouer volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 17 (21%) aan L.O. 'n 1 of 2 toegeken vir onbelangrik as 'n universiteitstoelatingsvak op 'n vyfpuntskaal terwyl 36 (45%) 'n 4 of 5 toegeken het vir L.O. as belangrik vir universiteitstoelating. Van die ouer volwassenes het 19 (23%) neutraal gerespondeer.

Uit die totaal van 670 persone wat op hierdie vraag geantwoord het, het 132 (20%) persone gemeen L.O. is nie belangrik vir universiteitstoelating nie, teenoor 363 (54%) wat gedink het dat L.O. wel 'n belangrike universiteitstoelatingsvak is. Van hierdie proefpersone het 175 neutraal gerespondeer.

In tabel 5.56 word 'n opsomming gegee van die gegewens verkry na verwerking van die inligting van beantwoorde, terugversende vraelyste.

In tabel 5.56 word ook 'n opsomming gegee van die gemiddelde menings van jong en ouer, betrokke persone en persone nie-betrokke by L.O. vergelyk met betrekking tot al die vakke in die vraag gegee teenoor L.O.

TABEL 5.56 DIE MENING VAN PROEFPERSONE AANGAANDE L.O. AS UNIVERSITEITSTOELATINGSVAK IN VERGELYKING MET ANDER VAKKE SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM EN WAT ÓF BETROKKE ÓF NIE-BETROKKE BY L.O. IS

	Biof		Rek. WeL		Afr.		Wskk.		Handels rek.		L.O.		Eng.		Bedryfs.		Skel-Nat		Swart taal		Musiek		Gesk		Bybel		Kuns		Arnd.		Ilulsh	
	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O	J	O		
Be- trmk- ke	3,9	4,0	3,5	3,6	4,0	4,1	4,0	4,3	2,8	3,0	3,7	3,6	4,1	2,4	2,4	3,9	4,0	3,0	3,6	2,3	2,6	2,7	2,9	3,0	3,2	2,3	2,3	2,8	3,0	2,5	2,4	
Nie- Be- trmk- ke	4,0	3,8	3,6	3,9	3,9	4,3	4,2	4,4	3,0	3,1	3,3	2,9	4,6	2,5	2,4	3,8	4,1	3,2	3,6	2,4	2,7	2,9	3,1	3,1	3,1	2,6	2,7	3,1	2,7	2,7		
Al- maal	4,0		3,6		4,0		4,1		2,9		3,5		4,1	2,5		3,9		3,1		2,4		2,8		3,1		2,4		3,0		2,6		

Uit die gegewens van tabel 5.56 is dit duidelik dat L.O. deur persone betrokke by L.O. sowel as diegene nie-betrokke by L.O. 'n hoë punt toegeken word. L.O. word as 'n belangrike vak gereken deur sowel ouer as jong persone.

L.O. word deur oud, jonk, betrokke en nie-betrokke persone selfs belangriker geag as vakke met 'n praktiese komponent wat reeds vakke vir universiteitstoelating is soos musiek, huishoudkunde en kuns.

Ten einde te bepaal of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.57 toon die gemiddelde menings van die groepe.

TABEL 5.57 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM MET BETREKKING TOT DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR L.O. AS 'N MOONTLIKE UNIVERSITEITSTOELATINGSVAK

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	3,725	3,632	3,716
	Betrokke N	$n_1 = 356$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 394$
	Nie-betrokke \bar{x}	3,325	2,952	3,268
	Nie-betrokke N	$n_3 = 234$	$n_4 = 42$	$n\bar{I} = 276$
	\bar{x}	3,566	3,275	3,531
	N	$n\bar{I} = 590$	$n\bar{I} = 80$	$n\bar{I} = 670$

Volgens tabel 5.57 is daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone nie (\bar{x} betrokke = 3,716; \bar{x} nie-betrokke = 3,268). Die verskil by hierdie groepe is egter betekenisvol ($p = 0,0002$). Daar is egter nie betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde mening van die jong en ouer proefpersone nie (\bar{x} betrokke = 3,716; \bar{x} nie-betrokke = 3,268; $p = 0,1056$). Geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak vind plaas tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,3314$).

Alhoewel die ouer persone wat nie-betrokke by L.O. is 'n minder positiewe gemiddelde mening huldig aangaande L.O. as moontlike matriekvak is alle groepe dit eens dat L.O. tog 'n matriekvak behoort te wees.

5.3.5 L.O. en ander vakke ten opsigte van opleiding op tersiêre vlak gelykstaande

Deur middel van hierdie vraag is gepoog om vas te stel of persone wat ondervinding het van L.O. op tersiêre vlak, dit met ander woorde op tersiêre vlak bestudeer het, 'n ander mening oor die vak huldig as persone wat nie ondervinding daarvan het nie.

Uit die ontleding van die terugversende data het dit geblyk dat 250 (83%) uit die 300 proefpersone wat betrokke is by L.O. gemeen het dat L.O. wel tersiêr op dieselfde akademiese vlak as ander vakke is en 50 (1%) persone uit hierdie groep het gemeen dat L.O. nie op dieselfde vlak is nie.

TABEL 5.58 L.O. TERSIÊR GELYKSTAANDE AAN ANDER VAKKE SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE

		Ja	Nee	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	44	22	66		
	Biokinetikagimnasiumlede	12	8	20		
	L.O.-dosente	27	4	31		
	L.O.-studente	167	16	183	300	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	7	1	8		
	Nie-L.O.-dosente	17	7	24		
	Nie-L.O.-studente	89	45	134	166	
Totaal		363	103	466		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het				225		33

Van die L.O.-dosente en -studente teenoor ander dosente en studente is die volgende inligting ontvang. Van die 241 L.O.-studente en -dosente het 194 (80.4%) gemeen dat L.O. op dieselfde vlak as ander vakke is en 20 (8%) het gemeen dat dit nie op dieselfde vlak is nie. Hierteenoor het uit die 198 ander dosente en studente 106 (53%) gemeen dat L.O. wel op dieselfde vlak is en 52 (26%) het gemeen dat L.O. nie op dieselfde vlak is nie.

Met die vorige vraag moes die proefpersoon daaroor besin of L.O. as 'n matriekvak vir universiteitstoelating gewens sou wees.

Met die volgende vraag word daar van die proefpersoon verwag om 'n mening uit te spreek aangaande L.O. as tersiêre vak op universiteit. Daar wil bepaal word of daar 'n verskil in mening is tussen jong en ouer volwassenes.

TABEL 5.59 L.O. TERSIÊR GELYKSTAANDE AAN ANDER VAKKE SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	Ja	Nee	Onseker	Totaal		%
JONK	17-19	104	28	41	173		
	20-25	139	54	37	284		
	26-30	8	2	4	14		
	31-40	20	5	6	31	502	
OUD	41-50	21	6	11	38		
	51+	11	8	12	31	69	
	Totaal	357	103	111	571		100
	Aantal persone wat nie die vraag voltooi het nie					120	21

Van die jong proefpersone het 271 (54%) gesê dat L.O. wel op dieselfde vlak as ander vakke op universiteit is terwyl 89 (17%) geantwoord het dat L.O. nie op dieselfde vlak as ander vakke is nie. Daarteenoor het 88 (18%) proefpersone uit 'n totaal van 502 jong proefpersone gesê dat hulle nie seker was nie.

Van die ouer proefpersone het 32 (46%) gemeen dat L.O. op dieselfde vlak as ander tersiêre vakke is, 14 (20%) ouer proefpersone het gesê dat L.O. nie op dieselfde vlak is nie en 22 (32%) ouer proefpersone het gesê dat hulle nie seker was nie.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes en tussen ouer en jong proefpersone is, is 'n variansieontleding met die gegewens gedoen.

Tabel 5.60 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

**TABEL 5.60 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN DIE MENINGS VAN PROEFPERSONE OOR L.O. OP
TERSIËRE VLAK GELYKSTAANDE AAN ANDER TERSIËRE VAKKE**

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	1,159	1,269	1,169
	Betrokke N	$n_1 = 270$	$n_2 = 26$	$n\bar{I} = 296$
	Nie-betrokke \bar{x}	1,319	1,350	1,323
	Nie-betrokke N	$n_3 = 144$	$n_4 = 20$	$n\bar{I} = 164$
	\bar{x}	1,215	1,304	1,226
	N	$n\bar{I} = 414$	$n\bar{I} = 46$	$n\bar{I} = 460$

Volgens tabel 5.60 is daar nie groot verskille in die gemiddelde menings van betrokke en nie-betrokke proefpersone nie (\bar{x} betrokke = 1,169; \bar{x} nie-betrokke = 1,323). Hierdie verskil is nie betekenisvol nie ($p = 0,1024$). Tussen die gemiddelde menings van ouer en jong proefpersone is daar geen betekenisvolle verskille nie (\bar{x} jonk = 1,215; \bar{x} oud = 1,304; $p = 0,3468$). Daar is ook nie 'n betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheid en ouderdom oor hierdie saak nie ($p = 0,5633$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel ten opsigte daarvan dat L.O. op tersiëre vlak gelykstaande is aan ander vakke.

5.3.6 Die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding in volgorde van belangrikheid volgens die menings van proefpersone

5.3.6.1 Sosialisering

Met hierdie studie word daar gepoog om vas te stel of persone wat by L.O. betrokke is moontlik anders voel as persone wat nie-betrokke is by L.O., oor watter van die doelstellings van L.O. die belangrikste en watter die minder belangrike doelstellings van L.O. is.

**TABEL 5.61 DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALISERING IN DIE L.O.-PROGRAM
SOOS BEOORDEEL DEUR BETROKKE EN NIE-BETROKKE PERSONE**

		1	2	3	4	5	6	Totaal		%
BETROK- KE	Dienspligtiges	2	15	15	26	25	21	104		
	Biokinetikagimnasiumlede	0	1	4	8	9	7	29		
	L.O.-dosente	4	4	5	13	6	6	38		
	L.O.-studente	17	43	37	36	27	44	204	375	
NIE-BE- TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	5	0	9	9	3	3	29		
	Nie-L.O.-dosente	4	9	11	13	6	3	46		
	Nie-L.O.-studente	21	39	32	31	19	44	186	261	
	Totaal	53	111	113	136	95	128	636		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								55	7

Die L.O.-program strew na die bereiking van sekere doelstellings. Met hierdie vraag is aan die proefpersone gevra om ses doelstellings in volgorde van belangrikheid te rangskik, daarom beskryf die tabel net ses punte.

Sosialisering in L.O. is die informele aanleer van sekere fasette in menseverhoudings in 'n spelsituasie. Fasette soos samewerking, samehorigheid, groepsgevoel, geduld en aanvaarding van ander soos hulle is, is hier ter sprake.

Wat hier opval is dat 4 (10%) uit die 38 L.O.-dosente en 17 (8%) uit 204 L.O.-studente sosialisering eerste op die lys van belangrikheid geplaas het, so ook hul eweknieë, die nie-betrokke studente en dosente.

Daar is 'n algemene neiging by betrokkenes sowel as nie-betrokkenes om vir die veilige gemiddelde te stem en sosialisering as gemiddeld belangrik te plaas. Van 375 proefpersone betrokke by L.O. het 211 (56%) 'n neutrale houding aangedui. Van die proefpersone het 86 (23%) sosialisering bo-aan die lys van doelstellings geplaas en 71 (19%) het sosialisering onder aan die lys van doelstellings geplaas.

Die doel met hierdie vraag is om te poog om vas te stel of ouer persone dalk anders dink oor die doelstellings van L.O. as jonger persone.

**TABEL 5.62 DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALISERING IN DIE L.O.-PROGRAM
SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM**

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal		%
JONK	17-19	13	31	31	35	31	39	180		
	20-25	27	65	52	57	37	69	307		
	26-30	0	1	4	4	5	4	18		
	31-40	3	7	9	14	5	3	41	546	
OUD	41-50	6	2	9	12	7	7	42		
	51+	3	3	7	12	9	6	40	83	
	Totaal	52	109	112	134	94	128	629		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								62	9

Van die jonger proefpersone het 43 (8%) sosialisering as die belangrikste doelstelling in L.O. aangedui.

Van die ouer proefpersone het 9 (10%) sosialisering as L.O. se belangrikste doelstelling eerste aangedui.

Van die jonger proefpersone het 115 (21%) sosialisering as die onbelangrikste doelstelling van die 6 doelstellings aangedui.

Van die ouer proefpersone het 13 (15%) sosialisering as die onbelangrikste van die 6 gegewe doelstellings aangedui.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jong en ouer proefpersone. Tabel 5.63 toon die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.63 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALISERING AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.


		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	3,877	4,263	3,916
	Betrokke N	$n_1 = 333$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 371$
	Nie-betrokke \bar{x}	3,606	3,533	3,593
	Nie-betrokke N	$n_3 = 213$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 258$
	\bar{x}	3,771	3,867	3,783
	N	$n\bar{I} = 546$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 629$

Oor die plek wat sosialisering moet inneem tussen die ander doelstellings van L.O. was die betrokke groep betekenisvol meer positief ingestel wanneer hulle ouer was as enige van die ander groepe.

Volgens tabel 5.63 kan gesien word dat daar betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde menings van betrokke en nie-betrokke groepe bestaan (\bar{x} betrokke = 2,591; \bar{x} nie-betrokke = 2,558; $p = 0,0051$). Tussen die jong en ouer groepe is die verskil nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 3,771; \bar{x} oud = 3,867; $p = 0,3752$).

In grafiek 5.3 kan gesien word dat daar 'n interaksie oor hierdie saak tussen ouderdomsgroepe en betrokkenheidsgroepe bestaan ($p = 0,2009$).

GRAFIEK 5.3 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALISERING



Die meerderheid proefpersone is dus eenders ingestel oor die plek wat sosialisering tussen die doelstellings van L.O. moet inneem. Ouer proefpersone wat betrokke is by L.O. is sterker van mening dat sosialisering 'n belangrike doelstelling van L.O. is.

5.3.6.2 Fiksheid

Met hierdie vraag is aan proefpersone gevra om aan te dui hoe belangrik fiksheid na hulle mening as doelstelling is.

Tabel 5.64 gee 'n opsomming van die gegewens wat verkry is ná verwerking van die terugontvangde vraelyste.

Wat opval van die reaksie op hierdie vraag is dat betrokkenes by L.O. en nie-betrokkenes by L.O. blykbaar ewe neutraal ingestel is teenoor fiksheid as 'n doelstelling. Die beoefenaars van biokinetika staan egter uit as 'n groep wat aan fiksheid hoë prioriteit verleen.

TABEL 5.64 DIE BELANGRIKHEID VAN FIKSHEID IN DIE L.O.-PROGRAM SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O.

		1	2	3	4	5	6	Totaal			
BETROKKE	Dienspligtiges	71	15	3	7	4	5	105			
	Biokinetikagimnasiumlede	23	5	1	0	0	0	29			
	L.O.-dosente	15	10	4	1	3	5	38			
	L.O.-studente	109	34	27	15	12	7	204	376		
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	18	5	3	1	0	2	29			
	Nie-L.O.-dosente	30	7	1	0	5	3	46			
	Nie-L.O.-studente	99	39	24	10	5	8	185	260		
Totaal		365	115	63	34	29	30	636		100	
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									55	9	

Van die dienspligtiges het 71 uit die 105 (68%) fiksheid as die belangrikste doelstelling in L.O. aangedui teenoor 23 uit die 29 (79%) persone wat by biokinetikasentra oefen.

Slegs 15 uit die 38 (39%) L.O.-dosente het fiksheid eerste geplaas en 109 uit die 204 (53%) L.O.-studente het fiksheid eerste geplaas.

Van die persone nie-betrokke by L.O. het 147 uit 260 (57%) fiksheid eerste geplaas.

Van die steekproef van 636 het 30 persone (4,7%) fiksheid as die onbelangrikste doelstelling aangedui en 17 van hierdie 30 persone was persone betrokke by L.O.

Tabel 5.65 gee 'n opsomming van die reaksie van ouer persone teenoor die reaksie van jonger persone op die vraag na die belangrikheid van fiksheid as 'n doelstelling van L.O.

TABEL 5.65 DIE BELANGRIKHEID VAN FIKSHEID IN DIE L.O.-PROGRAM SOOS BEOORDEEL DEUR PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal	%	
JONK	17-19	102	31	21	13	6	7	180		
	20-25	173	57	30	19	14	14	307		
	26-30	11	3	2	0	1	1	18		
	31-40	22	11	1	0	5	2	41	546	
OUD	41-50	27	6	3	1	0	6	43		
	51+	27	6	3	1	3	0	40	83	
	Totaal	362	114	60	34	29	30	629	100	
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								62	9

Van die 536 jonger persone het 308 (57%) fiksheid bo aan die lys van belangrikheid geplaas en 24 (4%) het fiksheid onder aan die lys geplaas.

Van die 83 ouer persone in die steekproef het 54 (65%) fiksheid bo aan die lys geplaas en 6 (7%) het fiksheid heel onder geplaas.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille is tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud. Tabel 5.66 toon die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.66 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN FIKSHEID AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	1,976	1,895	1,967
	Betrokke N	$n_1 = 334$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 372$
	Nie-betrokke \bar{x}	1,962	1,844	1,941
	Nie-betrokke N	$n_3 = 212$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 257$
	\bar{x}	1,970	1,867	1,956
	N	$n\bar{I} = 546$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 629$

Tabel 5.66 dui daarop dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 1,976; \bar{x} nie-betrokke = 1,941; $p = 0,8514$). Daar bestaan ook nie betekenisvolle verskille tussen jong en ouer proefpersone nie (\bar{x} jonk = 1,970; \bar{x} oud = 1,867; $p = 0,5602$). Geen betekenisvolle interaksie tussen betrokkenheids- en ouderdomgroepe vind plaas nie ($p = 0,9151$).

Die proefpersone is almal ewe positief ingestel en is dit eens dat fiksheid 'n baie belangrike doelstelling van L.O. is.

5.3.6.3 Kreatiwiteit

Tabel 5.67 gee 'n opsomming van die reaksie op die vraag na die belangrikheid van kreatiwiteit as 'n doelstelling van L.O. soos gesien deur persone betrokke by L.O. teenoor persone nie-betrokke by L.O.

**TABEL 5.67 DIE BELANGRIKHEID VAN KREATIWITEIT IN DIE L.O.-PROGRAM
VIR PERSONE BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.**

		1	2	3	4	5	6	Totaal		%
BETROK- KE	Dienspligtiges	8	10	16	22	28	19	103		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	3	2	7	8	8	29		
	L.O.-dosente	3	6	7	5	9	8	38		
	L.O.-studente	9	23	31	54	59	28	204	374	
NIE-BE- TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	3	2	10	8	6	29		
	Nie-L.O.-dosente	3	4	4	10	16	9	46		
	Nie-L.O.-studente	9	19	31	52	49	26	186	261	
	Totaal	33	68	93	160	177	104	635		
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								56	8

Kreatiwiteit word volgens tabel 5.67 deur 21 (7%) uit die 274 persone betrokke by L.O. as die belangrikste doelstelling van L.O. gesien en deur 117 (42%) uit die 274 persone betrokke by L.O. as die onbelangrikste doelstelling van L.O.

Van die 261 nie-betrokke-by-L.O.-persone het 12 (5%) persone kreatiwiteit gestel as die belangrikste doelstelling van L.O. en 41 (16%) persone nie-betrokke by L.O. het kreatiwiteit as die onbelangrikste doelstelling van L.O. gestel.

In die onderstaande tabel word 'n opsomming gegee van hoe ouer persone teenoor jonger persone gereageer het op die vraag na die belangrikheid van kreatiwiteit as 'n doelstelling van L.O.

**TABEL 5.68 DIE BELANGRIKHEID VAN KREATIWITEIT IN DIE L.O.-PROGRAM
VIR PERSONE VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME**

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal		%
JONK	17-19	7	22	29	46	47	29	180		
	20-25	20	29	47	78	90	42	306		
	26-30	0	2	1	9	3	3	18		
	31-40	3	1	10	6	12	9	41	545	
OUD	41-50	2	9	3	10	14	5	43		
	51+	1	4	2	9	10	14	40	83	
	Totaal	33	67	92	158	176	102	628		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								63	9

Van die 518 jonger persone het 30 (6%) jong persone 'n 1 aan kreatiwiteit as die belangrikste doelstelling en 83 (16%) ouer persone 'n 6 aan kreatiwiteit as die onbelangrikste doelstelling van L.O. toegeken.

Van die 83 ouer persone het slegs 3 (4%) kreatiwiteit as die belangrikste doelstelling van L.O. en 19 (23%) kreatiwiteit as die onbelangrikste doelstelling van L.O. gestel.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud bestaan. Tabel 5.69 toon die gemiddeldes van die groepe.

TABEL 5.69 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN KREATIWITEIT AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	4,078	4,053	4,075
	Betrokke N	$n_1 = 332$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 370$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,033	4,444	4,104
	Nie-betrokke N	$n_3 = 213$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 258$
	\bar{x}	4,060	4,264	4,086
	N	$n\bar{I} = 545$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 628$

In tabel 5.69 kan gesien word dat daar geen betekenisvolle verskille aangaande hierdie saak in die gemiddelde mening van betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 4,075; \bar{x} nie-betrokke = 4,104; $p = 0,3290$). Die verskil in mening tussen jong en ou respondente is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 4,060; \bar{x} oud = 4,264; $p = 0,2744$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen die betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,2169$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel teenoor kreatiwiteit as 'n doelstelling van L.O. en het dit almal as 'n gemiddeld belangrike doelstelling van L.O. beskou.

5.3.6.4 Emosionele ontlasting

In tabel 5.70 volg 'n opsomming van hoe persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O. gereageer het op die vraag na hoe belangrik emosionele ontlasting as 'n doelstelling van L.O. is.

TABEL 5.70 DIE BELANGRIKHEID VAN EMOSIONELE ONTLADING AS 'N DOELSTELLING VAN L.O. VIR PERSONE BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.

		1	2	3	4	5	6	Totaal		%
BETROKKE	Dienspligtiges	7	22	25	23	7	20	104		
	Biokinetikagimnasiumlede	2	6	8	5	3	5	29		
	L.O.-dosente	2	4	11	3	6	12	38		
	L.O.-studente	11	28	35	46	42	42	204	374	
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	2	13	5	2	4	3	29		
	Nie-L.O.-dosente	3	7	13	6	8	9	46		
	Nie-L.O.-studente	21	32	32	26	41	34	186	261	
	Totaal	48	112	129	111	111	125	636		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								55	8

Volgens tabel 5.70 het 22 (6%) van die 375 persone betrokke by L.O. emosionele ontlading as die belangrikste doelstelling van L.O. gestel.

Tabel 5.70 dui verder aan dat 26 (10%) van die 261 persone nie-betrokke by L.O. emosionele ontlading as die belangrikste doelstelling van L.O. stel.

Van die 375 persone betrokke by L.O. het 79 (21%) emosionele ontlading as die onbelangrikste doelstelling aangedui en 46 (17%) van die 261 persone nie-betrokke by L.O. het emosionele ontlading as die onbelangrikste doelstelling van L.O. aangedui.

In tabel 5.71 word 'n opsomming gegee van die reaksie van ouer en jonger persone op die vraag na die belangrikheid van emosionele ontlading as 'n doelstelling van L.O. op skool.

TABEL 5.71 DIE BELANGRIKHEID VAN EMOSIONELE ONTLADING AS 'N DOELSTELLING VAN L.O. VIR PERSONE VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal		%
JONK	17-19	17	29	31	38	23	43	181		
	20-25	20	52	59	59	64	52	306		
	26-30	2	5	2	1	3	5	18		
	31-40	2	9	7	6	7	10	41	546	
OUD	41-50	4	6	17	3	6	7	43		
	51+	1	10	11	4	7	7	40	83	
	Totaal	46	111	127	111	110	124	629		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								62	9

Van die 546 jonger persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 41 (8%) aangedui dat emosionele ontlading vir hulle die belangrikste doelstelling van L.O. is en 110 (20%) het aangedui dat emosionele ontlading vir hulle die onbelangrikste doelstelling is van L.O. op skool.

Van 83 ouer persone wat die vraag beantwoord het, het 5 (6%) aangedui dat emosionele ontlading die belangrikste doelstelling van L.O. op skool is en 14 (16%) het aangedui dat emosionele ontlading die onbelangrikste doelstelling van L.O. is.

Die verkreeë data is aan 'n variansieontleding onderwerp om vas te stel of daar betekenisvolle verskille in die menings van proefpersone aangaande hierdie saak voorkom.

TABEL 5.72 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN EMOSIONELE ONTLADING AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	3,913	3,553	3,876
	Betrokke N	$n_1 = 333$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 371$
	Nie-betrokke \bar{x}	3,690	3,622	3,678
	Nie-betrokke N	$n_3 = 213$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 258$
	\bar{x}	3,826	3,590	3,794
	N	$n\bar{I} = 546$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 629$

Volgens tabel 5.72 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 3,876; \bar{x} nie-betrokke = 3,678; $p = 0,6822$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone (\bar{x} jonk = 3,826; \bar{x} oud = 3,590; $p = 0,2526$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,4346$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor emosionele ontlading as 'n doelstelling van L.O. en almal ken 'n minder belangrike plek toe aan emosionaliteit op die rangorde van doelstellings.

5.3.6.5 Motoriese vaardighede

Tabel 5.73 gee 'n opsomming van die gegewens verkry uit die terugversende vraelyste op die vraag na hoe belangrik motoriese vaardigheid as doelstelling van die L.O.-program op skool is.

TABEL 5.73 DIE BELANGRIKHEID VAN MOTORIESE VAARDIGHEDE AS 'N DOELSTELLING VAN L.O. VIR PERSONE BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.

		1	2	3	4	5	6	Totaal	%
BETROKKE	Dienspligtiges	7	20	24	19	20	14	104	
	Biokinetikagimnasiumlede	1	8	6	6	5	3	29	
	L.O.-dosente	11	10	9	3	5	0	38	
	L.O.-studente	27	59	49	25	29	15	204	374
NIE-BETROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	2	4	8	5	6	4	29	
	Nie-L.O.-dosente	1	13	11	11	6	4	46	
	Nie-L.O.-studente	25	26	44	42	26	24	187	262
Totaal		74	140	151	111	97	64	637	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								54	8

Van die 375 persone betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 46 (12%) persone aangedui dat motoriese vaardigheid die belangrikste doelstelling van L.O. is en 32 (9%) persone het aangedui dat motoriese vaardigheid die onbelangrikste doelstelling van L.O. is.

Van die 262 persone wat die vraag beantwoord het, het 28 (6%) gemeen dat motoriese vaardigheid die belangrikste doelstelling van L.O. op skool is en 32 (12%) persone het gemeen dat motoriese vaardigheid die onbelangrikste doelstelling van L.O. op skool is.

Tabel 5.74 gee 'n opsomming van die verwerkte inligting uit die terugontvangde vraelyste op die vraag na die belangrikheid van motoriese vaardighede as 'n doelstelling van L.O. op skool ten opsigte van die siening van ouer persone teenoor jonger persone.

TABEL 5.74 DIE BELANGRIKHEID VAN MOTORIESE VAARDIGHEDE AS 'N DOELSTELLING VAN L.O. VIR PERSONE VAN VERSKILLEND OUDERDOMME

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal		%
JONK	17-19	18	29	45	35	25	28	180		
	20-25	40	74	71	49	50	24	308		
	26-30	1	6	7	1	2	1	18		
	31-40	8	8	9	8	4	4	41	547	
OUD	41-50	2	15	6	8	9	3	43		
	51+	4	7	11	9	6	3	40	83	
	Totaal	73	139	149	110	96	63	630		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								61	9

Van die 547 jonger persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 67 (12%) aangedui dat motoriese vaardighede die belangrikste doelstelling van L.O. op skool is en 57 (10%) het aangedui dat dit die onbelangrikste doelstelling van L.O. op skool is.

Van die 83 ouer persone wat hierdie vraag voltooi het, het 6 (7%) gemeen dat motoriese vaardighede die belangrikste doelstelling is en 6 (7%) het gemeen dat dit die onbelangrikste doelstelling van L.O. op skool is.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille is tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen oud en jonk, is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.75 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.75 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN MOTORIESE VAARDIGHEDE AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	3,204	3,237	3,207
	Betrokke N	$n_1 = 333$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 371$
	Nie-betrokke \bar{x}	3,500	3,489	3,498
	Nie-betrokke N	$n_3 = 214$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 259$
	\bar{x}	3,319	3,373	3,326
	N	$n\bar{I} = 547$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 630$

Volgens tabel 5.75 is dit duidelik dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 3,207; \bar{x} nie-betrokke = 3,498; $p = 0,1244$). Die verskil in mening tussen ouer en jong proefpersone is ook nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 3,319; \bar{x} oud = 3,373; $p = 0,9528$). Daar is ook geen betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,9027$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel oor die belangrikheid van motoriese vaardighede as 'n doelstelling van L.O.

5.3.6.6 Kennis en insig

In tabel 5.76 word 'n opsomming gegee van die verkreeë verwerkte inligting uit die vraelyste oor die vraag na die belangrikheid van kennis en insig as 'n doelstelling van L.O. op skool.

Die grootste persentasie proefpersone het hierdie as 'n neutrale, gemiddelde doelstelling gestel.

TABEL 5.76 DIE BELANGRIKHEID VAN KENNIS EN INSIG AS 'N DOELSTELLING VAN L.O. OP SKOOL VIR PERSONE BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.

		1	2	3	4	5	6	Totaal	%	
BETROK-KE	Dienspligtiges	6	18	24	14	18	23	103		
	Biokinetikagimnasiumlede	3	5	8	4	3	6	29		
	L.O.-dosente	8	4	2	11	6	7	38		
	L.O.-studente	35	21	30	27	31	60	204	373	
NIE-BE-TROKKE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	5	4	2	1	8	9	29		
	Nie-L.O.-dosente	5	6	6	6	5	18	46		
	Nie-L.O.-studente	21	25	22	27	39	51	185	260	
Totaal		83	83	94	90	110	174	634		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								57	8	

Uit die totaal van 374 betrokkenes by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 52 (14%) kennis en insig as die belangrikste doelstelling van L.O. eerste geplaas en 96 (26%) het kennis en insig as die onbelangrikste doelstelling sesde geplaas.

Van 'n totale 127 persone wat nie-betrokke by L.O. is wat die vraelyste voltooi het, het 31 (24%) kennis en insig as die belangrikste doelstelling van L.O. eerste geplaas en 78 (61%) het kennis en insig as die onbelangrikste doelstelling sesde geplaas.

Die vraag na die belangrikheid van kennis en insig as doelstelling van L.O. op skool is ook aan persone wat verskil in ouderdom gevra om te probeer peil of daar 'n verskil in die antwoorde van jonger en ouer persone oor hierdie saak sal wees.

'n Opsomming van die verkreeë en verwerkte inligting word in tabel 5.77 verskaf.

TABEL 5.77 DIE BELANGRIKHEID VAN KENNIS EN INSIG AS DOELSTELLING VAN L.O. OP SKOOL VIR PERSONE VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME

	Jaar	1	2	3	4	5	6	Totaal		%
JONK	17-19	24	32	29	19	43	32	179		
	20-25	37	32	46	47	44	100	306		
	26-30	4	1	2	3	4	4	18		
	31-40	3	5	5	6	8	14	41	544	
OUD	41-50	9	4	4	8	5	13	43		
	51+	6	9	7	5	4	9	40	83	
	Totaal	83	83	93	88	108	172	627		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								64	7

Van die 544 jonger persone wat hierdie vraag voltooi het, het 68 (12,5%) gemeen dat kennis en insig die belangrikste doelstelling van L.O. op skool is en 150 jonger persone (27,5%) het gemeen dat kennis en insig die onbelangrikste doelstelling van L.O. op skool is.

Van 83 ouer persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 15 (18%) gemeen dat kennis en insig L.O. op skool se belangrikste doelstelling is en 22 (26,5%) het gemeen dat kennis en insig L.O. op skool se onbelangrikste doelstelling is.

'n Variansieontleding is met die data gedoen ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jong en ouer proefpersone.

Tabel 5.78 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.78 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN KENNIS EN INSIG AS 'N DOELSTELLING VAN L.O.

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	3,855	3,500	3,818
	Betrokke N	$n_1 = 332$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 370$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,099	3,778	4,042
	Nie-betrokke N	$n_3 = 212$	$n_4 = 45$	$n\bar{I} = 257$
	\bar{x}	3,950	3,650	3,910
	N	$n\bar{I} = 544$	$n\bar{I} = 83$	$n\bar{I} = 627$

Oor die plek wat kennis en insig moet inneem tussen die ander doelstellings van L.O. was daar effense verskille in die gemiddelde menings van proefpersone.

Van die 269 persone nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 47 (17%) gemeen dat L.O. onsistematies is, 79 (29%) het gemeen dat L.O. sistematies is en 146 (54%) het neutraal geantwoord.

Met die volgende vraag is beoog om vas te stel of die menings van jonger en ouer persone verskil ten opsigte van die sistematiek van L.O.

**TABEL 5.145 L.O.: ONSISTEMATIËS OF SISTEMATIËS
VOLGENS PERSONE WAT VERSKIL IN OUDERDOM**

	Onsistematies	1	2	3	4	5	6	7	Sistematies		
	Jaar								Totaal	%	
JONK	17-19	12	11	23	27	47	52	20	192		
	20-25	17	33	40	60	70	56	36	312		
	26-30	0	2	3	2	6	4	1	18		
	31-40	3	4	8	9	7	7	4	42	564	
OUD	41-50	4	4	3	5	11	11	5	43		
	51+	5	4	5	5	7	8	5	39	82	
	Totaal	41	58	82	108	148	138	71	646	100	
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									45	6

Van die 564 jonger persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 82 (14%) gemeen dat L.O. onsistematies is en 180 (32%) het gemeen dat L.O. sistematies is. Daarteenoor het 309 (55%) van die persone neutraal gereageer.

Hierdie vraag is deur 82 ouer persone beantwoord en daarvan het 17 (21%) gemeen dat L.O. onsistematies is terwyl 29 (35%) gemeen het dat L.O. sistematies is. Van die steekproef het 44 persent neutraal gereageer.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.146 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.146 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN L.O. AS SKOOLVAK: SISTEMATIES OF ONSISTEMATIES

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	4,532	4,789	4,557
	Betrokke N	$n_1 = 342$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 380$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,446	4,114	4,391
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n\bar{I} = 266$
	\bar{x}	4,498	4,426	4,488
	N	$n\bar{I} = 564$	$n\bar{I} = 82$	$n\bar{I} = 646$

Volgens tabel 5.146 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 4,557; \bar{x} nie-betrokke = 4,391). Die verskille is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,0872$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 4,498; \bar{x} oud = 4,426; $p = 0,8631$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,1868$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel teenoor L.O. en meen dat die vak gemiddeld is wat sistematiek betref.

5.3.12.3 L.O.: swak of goed

Die volgende vraag is aan die persone in die steekproef gestel met die doel om vas te stel of persone betrokke by L.O. 'n ander mening huldig as persone nie-betrokke by L.O. aangaande die standaard van L.O., naamlik of die standaard van L.O. swak of goed is.

Tabel 5.147 gee 'n opsomming van die gegewens ontvang uit die beantwoorde, terugverrende vraelyste.

TABEL 5.147 DIE MENINGS VAN PERSONE BETROKKE OF NIE-BETROKKE
BY L.O. JEENS L.O. OP SKOOL: GOED OF SWAK

		Swak	1	2	3	4	5	6	7	Goed	
										Totaal	%
BE- TROKKE	Dienspligtiges		2	3	3	12	24	37	34	115	
	Biokinetikagimnasiumlede		2	3	3	0	5	11	4	28	
	L.O.-dosente		1	3	3	0	14	11	6	38	
	L.O.-studente		12	8	22	32	37	54	38	203	384
NIE- BETROK- KE	Biokinetikagimnasiumnie-lede		0	1	5	5	5	3	8	27	
	Nie-L.O.-dosente		5	3	6	6	18	9	2	49	
	Nie-L.O.-studente		6	12	24	29	35	57	30	193	269
	Totaal		28	33	66	84	138	182	122	653	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									38	5

Hierdie vraag is deur 384 persone betrokke by L.O. beantwoord en 34 (9%) van hierdie groep het die mening gehuldig dat die standaard van L.O. as skoolvak swak is en 195 (51%) het gemeen dat die standaard van L.O. as skoolvak goed is. Hierop het 155 (40%) persone neutraal gereageer.

Van die 269 persone nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 27 (10%) aangedui dat hulle van mening is dat die standaard van L.O. swak is en 109 (41%) was van mening dat die standaard goed is. Op hierdie vraag het 133 (49%) persone neutraal geantwoord.

Die proefpersone is dus eenders ingestel teenoor die standaard van L.O. en meen dat die standaard gemiddeld tot goed is.

Met die doel om te bepaal of persone van verskillende ouderdomme verskillende menings huldig aangaande die standaard van L.O. is aan persone van verskillende ouderdomme gevra of hulle meen L.O. se standaard is swak of goed.

Tabel 5.148 gee 'n opsomming van die gegewens wat ontvang is.

**TABEL 5.148 DIE MENINGS VAN PERSONE VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME
MET BETREKKING TOT L.O. AS SKOOLVAK: GOED OF SWAK**

	Swak	1	2	3	4	5	6	7	Goed		
	Jaar								Totaal	%	
JONK	17-19	4	8	10	25	34	66	45	192		
	20-25	14	12	39	48	62	81	55	311		
	26-30	0	3	2	3	5	4	1	18		
	31-40	1	4	8	3	8	10	8	42	563	
OUD	41-50	4	3	2	3	15	12	6	43		
	51+	5	1	5	2	13	9	4	39	82	
	Totaal	26	31	66	84	137	182	119	645	100	
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									46	7

Van die 563 jonger persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 46 (8%) gemeen dat die standaard van L.O. swak is en 234 (42%) het gemeen dat die standaard goed is. Van die jonger persone het 35 persent neutraal gereageer.

Van die 82 ouer persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 11 (13%) gemeen dat die standaard van L.O. swak is en 31 (38%) het gemeen dat die standaard goed is, 40 (49%) ouer persone het neutraal geantwoord.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.149 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

**TABEL 5.149 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN L.O. AS SKOOLVAK: SWAK OF GOED**

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,144	5,132	5,657
	Betrokke N	$n_1 = 341$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 379$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,892	4,477	4,823
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n\bar{I} = 266$
	\bar{x}	5,044	4,780	5,011
	N	$n\bar{I} = 563$	$n\bar{I} = 82$	$n\bar{I} = 645$

Volgens tabel 5.149 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie alhoewel die verskille betekenisvol is (\bar{x} betrokke = 5,657; \bar{x} nie-betrokke = 4,823; $p = 0,0247$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,044; \bar{x} oud = 4,780; $p = 0,2859$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,3229$).

Die proefpersone is dit dus eens dat die standaard van L.O. goed is.

5.3.12.4 L.O.: nutteloos of waardevol

Die vraag of L.O. nutteloos of waardevol is, is aan persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O. gestel.

Tabel 5.150 gee 'n opsomming van die gegewens verkry uit die terugversende vraelyste.

**TABEL 5.150 DIE MENINGS VAN PERSONE BETROKKE OF NIE-BETROKKE
BY L.O. TEN OPSIGTE VAN L.O.: NUTTELOOS OF WAARDEVOL**

		Nutteloos	1	2	3	4	5	6	7	Waardevol	
										Totaal	%
BE- TROKKE	Dienspligtiges	3	2	1	8	18	35	48	115		
	Biokinetikagimnasiumlede	1	1	3	1	2	6	14	28		
	L.O.-dosente	1	2	2	1	9	14	9	38		
	L.O.-studente	9	7	19	23	33	54	59	204	385	
NIE- BETROK- KE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	1	2	4	6	3	10	27		
	Nie-L.O.-dosente	3	3	7	6	11	14	5	49		
	Nie-L.O.-studente	7	10	18	25	37	45	51	193	269	
	Totaal	25	26	52	68	116	171	196	654		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									37	5

Van die 385 persone betrokke by L.O. wat die vraag beantwoord het, het 26 (7%) die mening gehuldig dat L.O. nutteloos is en 239 (62%) het aangedui dat L.O. waardevol is. Hierop het 120 (31%) 'n neutrale houding aangedui.

Van die 269 persone nie-betrokke by L.O. het 25 (9%) aangedui dat L.O. nutteloos is en 128 (48%) het aangedui dat L.O. waardevol is terwyl 116 (43%) 'n neutrale mening gehuldig het.

Tabel 5.151 gee 'n opsomming van die gegewens wat uit die terugversende vraelyste ontvang is.

**TABEL 5.151 L.O.: NUTTELOOS OF WAARDEVOL VIR PERSONE
VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME**

	Nutteloos	1	2	3	4	5	6	7	Waardevol	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	5	6	11	12	35	53	70	192	
	20-25	13	12	27	43	52	79	81	312	
	26-30	0	2	1	1	3	7	4	18	
	31-40	0	4	7	3	5	11	12	42	564
OUD	41-50	2	1	3	2	10	15	10	43	
	51+	3	0	3	5	10	6	12	39	82
	Totaal	23	25	52	66	115	171	194	646	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									45	6

Van die 564 jonger persone wat die vraelys voltooi het, het 42 (7%) aangedui dat L.O. nutteloos is en 317 (56%) het aangedui dat L.O. waardevol is. Hierop het 200 (35%) neutraal geantwoord.

Van 82 ouer persone nie-betrokke by L.O. wat die vraelys ingevul het, het 6 (7%) aangedui dat L.O. nutteloos is en 43 (52%) het aangedui dat L.O. waardevol is. Op hierdie vraag het 33 (40%) neutraal geantwoord.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.152 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.152 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN DIE NUT VAN L.O. AS SKOOLVAK: WAARDEVOL OF NUTTELOOS

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,503	5,579	5,510
	Betrokke N	$n_1 = 342$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 380$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,122	5,023	5,105
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n\bar{I} = 266$
	\bar{x}	5,353	5,280	5,343
	N	$n\bar{I} = 564$	$n\bar{I} = 82$	$n\bar{I} = 646$

Volgens tabel 5.152 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 5,510; \bar{x} nie-betrokke = 5,105). Die verskil is egter betekenisvol ($p = 0,0172$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,353; \bar{x} oud = 5,280; $p = 0,9507$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,6701$).

Die proefpersone is dit dus eens dat L.O. waardevol is.

5.3.12.5 L.O.: belangrik of onbelangrik

Die volgende vraag is aan proefpersone gestel met die doel om vas te stel of persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O. verskillende menings huldig jeens die belangrikheid van L.O.

Tabel 5.153 gee 'n opsomming van die inligting verkry van die terugversende vraelyste.

*TABEL 5.153 L.O.: BELANGRIK OF ONBELANGRIK
VIR PERSONE BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O.*

		Belangrik	1	2	3	4	5	6	7	Onbelangrik	
										Totaal	%
BE- TROKKE	Dienspligtiges		2	2	5	5	11	32	58	115	
	Blokinetikagimnasiumlede		3	2	0	1	3	9	10	28	
	L.O.-dosente		1	3	1	4	5	15	9	38	
	L.O.-studente		8	11	17	17	22	50	79	204	385
NIE- BETROK- KE	Biokinetikagimnasiumnie-lede		1	2	4	1	6	3	10	27	
	Nie-L.O.-dosente		4	5	5	4	12	13	6	49	
	Nie-L.O.-studente		7	9	17	14	36	58	52	193	269
	Totaal		26	34	49	46	95	180	224	654	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									37	5

Van die 385 persone betrokke by L.O. wat hierdie vraag voltooi het, het 32 (8%) aangedui dat L.O. na hulle mening onbelangrik is en 262 (68%) het aangedui dat L.O. na hulle mening belangrik is. Daarteenoor het 91 (24%) persone neutraal gereageer.

Van die 269 persone nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 28 (10%) aangedui dat L.O. na hulle mening onbelangrik is en 142 (53%) het aangedui dat L.O. na hulle mening belangrik is. Hierop het 99 (37%) persone neutraal geantwoord.

Aan die persone van die steekproef is gevra om terug te dink aan L.O. soos dit op skool aan hulle gebied is en om dan 'n mening te lug rakende die belangrikheid of onbelangrikheid van die vak.

Die doel van die vraag was in hierdie geval om vas te stel of persone van verskillende ouderdomme verskillende menings sou huldig.

Tabel 5.154 gee 'n opsomming van die inligting wat uit die terugversende vraelyste verkry is.

**TABEL 5.154 L.O.: ONBELANGRIK OF BELANGRIK
VIR PERSONE VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME**

	Onbelangrik	1	2	3	4	5	6	7	Belangrik		
	Jaar								Totaal	%	
JONK	17-19	3	6	16	6	23	59	79	192		
	20-25	13	14	23	30	45	79	108	312		
	26-30	1	2	0	2	5	4	4	18		
	31-40	1	4	4	3	7	13	10	42	564	
OUD	41-50	4	3	1	2	4	18	11	43		
	51 +	2	3	5	2	10	7	10	39	82	
	Totaal	24	32	49	45	94	180	222	646		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									45	6	

Van die 564 jonger persone wat hierdie vraag voltooi het, het 39 (7%) aangedui dat L.O. onbelangrik is, 356 (63%) was van mening dat L.O. belangrik is en 164 (29%) het neutraal op hierdie vraag geantwoord.

Van die 82 ouer persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 12 (15%) gemeen dat L.O. onbelangrik is en 46 (56%) het aangedui dat hulle meen L.O. is belangrik terwyl 24 (29%) neutraal op die vraag gereageer het.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.155 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.155 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM TEN OPSIGTE VAN L.O. AS SKOOLVAK: BELANGRIK OF ONBELANGRIK

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,643	5,474	5,626
	Betrokke N	$n_1 = 342$	$n_2 = 38$	$n_I = 380$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,270	4,795	5,191
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n_I = 266$
	\bar{x}	5,496	5,109	5,447
	N	$n_I = 564$	$n_I = 82$	$n_I = 646$

Volgens tabel 5.155 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 5,626; \bar{x} nie-betrokke = 5,191). Hierdie verskil is egter betekenisvol ($p = 0,0168$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie ($p = 0,1407$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,4962$).

Die proefpersone is dit dus eens dat L.O. belangrik is.

5.3.12.6 L.O.: gevaarlik of nie gevaarlik

Hierdie vraag is gestel met die doel om vas te stel of persone betrokke by L.O. 'n ander mening huldig as persone nie-betrokke by L.O. met betrekking tot die veiligheids- of gevaarlikheidsaspek van L.O.

Tabel 5.156 gee 'n opsomming van die gegewens verkry uit die terugversende vraelyste.

TABEL 5.156 L.O.: GEVAARLIK OF NIE GEVAARLIK VIR PERSONE
BETROKKE OF NIE-BETROKKE BY L.O.

		Gevaarlik	1	2	3	4	5	6	7	Nie Gevaarlik	
										Totaal	%
BE- TROKKE	Dienspligtiges	1	2	2	11	17	36	47	116		
	Biokinetikagimnasiumlede	0	0	2	3	5	6	12	28		
	L.O.-dosente	1	1	0	3	14	11	8	38		
	L.O.-studente	6	7	10	23	50	56	51	203	385	
NIE- BETROK- KE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	0	0	3	4	4	6	10	27		
	Nie-L.O.-dosente	0	3	3	8	8	19	8	49		
	Nie-L.O.-studente	4	5	9	22	40	60	53	193	269	
Totaal		12	18	29	74	138	194	189	654		100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het										37	5

Van die 385 persone betrokke by L.O. het 18 (5%) aangedui dat hulle meen L.O. is gevaarlik, 227 (59%) het aangedui dat hulle van mening is dat L.O. nie gevaarlik is nie. Hierop het 140 (36%) persone 'n neutrale standpunt ingeneem.

Van die 269 persone nie-betrokke by L.O. wat hierdie vraag beantwoord het, het 12 (4%) aangedui dat hulle meen L.O. is gevaarlik en 101 (38%) was van mening dat L.O. nie gevaarlik is nie. Hierop het 156 (58%) persone 'n neutrale standpunt ingeneem.

Die volgende vraag is gestel met die oog daarop om te probeer vasstel of persone van verskillende ouderdomme verskillende menings huldig jeens die gevaarlikheidsaspek van L.O.

Tabel 5.157 gee 'n opsomming van die gegewens verkry uit die terugversende vraelyste.

**TABEL 5.157 L.O.: GEVAARLIK OF NIE GEVAARLIK VIR PERSONE
VAN VERSKILLENDE OUDERDOMME**

	Gevaarlik	1	2	3	4	5	6	7	Nie Gevaarlik	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	4	4	4	14	42	52	73	193	
	20-25	7	9	15	39	63	101	77	311	
	26-30	0	0	2	4	3	3	6	18	
	31-40	0	3	0	4	15	10	10	42	564
OUD	41-50	0	0	3	6	8	15	11	43	
	51+	1	1	4	4	6	12	11	39	82
	Totaal	12	17	28	71	137	193	188	646	100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het								45	7

Van die 564 jong persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 27 (5%) gemeen L.O. is gevaarlik en 332 (58%) het gemeen L.O. is nie gevaarlik nie terwyl 205 (36%) neutraal gereageer het op die vraag.

Van die 82 ouer persone wat hierdie vraag beantwoord het, het slegs 2 (2%) persone gemeen L.O. is gevaarlik en 49 (59%) het gemeen L.O. is nie gevaarlik nie terwyl 31 (38%) neutraal gereageer het.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.158 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.158 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN L.O. AS SKOOLVAK: GEVAARLIK OF OF NIE-GEVAARLIK

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,556	5,658	5,566
	Betrokke N	$n_1 = 342$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 380$
	Nie-betrokke \bar{x}	5,509	5,341	5,481
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n\bar{I} = 266$
	\bar{x}	5,5375	5,487	5,531
	N	$n\bar{I} = 564$	$n\bar{I} = 82$	$n\bar{I} = 646$

Volgens tabel 5.158 kan gesien word dat daar nie groot verskille in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone is nie (\bar{x} betrokke = 5,566; \bar{x} nie-betrokke = 5,481). Hierdie verskil is ook nie betekenisvol nie ($p = 0,2765$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,5375; \bar{x} oud = 5,487; $p = 0,8421$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,4206$).

Die proefpersone is dit dus eens dat L.O. nie gevaarlik is nie.

5.3.12.7 L.O.: vervelig of opwindend

Die volgende vraag is aan die persone betrokke en nie-betrokke by L.O. gestel met die doel om vas te stel of daar 'n verskil in die twee groepe se mening sal wees ten opsigte van die verveligheid of opwinding van L.O.

Tabel 5.159 gee 'n opsomming van die gegewens verkry na verwerking van die beantwoorde, terugversende vraelyste.

TABEL 5.159 L.O.: VERVELIG OF OPWINDEND VIR PERSONE
BETROKKE EN NIE-BETROKKE BY L.O.

		Vervelig	1	2	3	4	5	6	7	Opwindend	
										Totaal	%
BE- TROKKE	Dienspligtiges	4	0	6	15	20	35	36	116		
	Biokinetikagimnasiumlede	2	3	2	0	5	9	7	28		
	L.O.-dosente	2	1	0	7	9	11	8	38		
	L.O.-studente¹⁵	4	20	32	31	50	52	204	386		
NIE- BETROK- KE	Biokinetikagimnasiumnie-lede	1	2	2	3	10	5	4	27		
	Nie-L.O.-dosente	3	4	5	6	14	12	5	49		
	Nie-L.O.-studente	10	12	19	26	41	50	35	193	269	
	Totaal	37	26	54	89	130	172	147	655		100
	Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									36	5

Van die 386 persone betrokke by L.O. het 31 (8%) aangedui dat L.O. vir hulle vervelig was en 208 (54%) het aangedui dat L.O. vir hulle opwindend was. Hierteenoor het 147 (38%) persone betrokke by L.O. 'n neutrale houding ingeneem.

Daar was 269 persone wat nie-betrokke by L.O. is wat hierdie vraag beantwoord het. Van hierdie 269 persone het 32 (12%) aangedui dat L.O. vir hulle vervelig was en 111 (41%) het aangedui dat L.O. vir hulle opwindend was. Op die vraag het 126 (47%) persone neutraal gereageer.

Proefpersone van verskillende ouderdomme is gevra om terug te dink aan die aanbieding van L.O. soos hulle dit op skool ondervind het, naamlik of hulle dit opwindend of vervelig gevind het.

Tabel 5.160 gee 'n opsomming van die inligting wat na verwerking van die vraelyste verkry is.

**TABEL 5.160 L.O.: VERVELIG OF OPWINDEND VIR PERSONE
VAN VERSKILLEND OUDERDOMME**

	Vervelig	1	2	3	4	5	6	7	Opwindend	
	Jaar								Totaal	%
JONK	17-19	8	4	15	26	40	52	48	193	
	20-25	21	11	28	46	52	82	72	312	
	26-30	0	3	1	4	3	6	1	18	
	31-40	1	6	2	2	12	10	9	42	565
OUD	41-50	1	0	4	5	11	14	8	43	
	51+	5	1	2	5	12	7	7	39	82
	Totaal	36	25	52	88	130	171	145	647	100
Aantal persone wat vraag onbeantwoord gelaat het									44	6

Van die 565 jonger persone wat hierdie vraag beantwoord het, het 54 (10%) aangedui dat L.O. vir hulle vervelig was en 280 (49%) jong volwassenes het aangedui dat L.O. vir hulle opwindend was terwyl 231 (41%) neutraal geantwoord het.

Van die 82 ouer volwassenes wat hierdie vraag beantwoord het, het 7 (8%) aangedui dat L.O. vir hulle vervelig was en 36 (44%) het aangedui dat L.O. vir hulle opwindend was. Hierop het 39 (48%) neutraal geantwoord.

Ten einde vas te stel of daar betekenisvolle verskille bestaan tussen die menings van betrokkenes en nie-betrokkenes of tussen jonk en oud is 'n variansieontleding met die data gedoen. Tabel 5.161 dui die gemiddelde menings van die groepe aan.

TABEL 5.161 DIE INTERAKSIE TUSSEN BETROKKENHEID EN OUDERDOM
TEN OPSIGTE VAN L.O.: VERVELIG OF OPWINDEND

		Ouderdom		
		Jonk	Oud	
Betrokkenheid	Betrokke \bar{x}	5,222	5,263	5,226
	Betrokke N	$n_1 = 343$	$n_2 = 38$	$n\bar{I} = 381$
	Nie-betrokke \bar{x}	4,874	4,818	4,864
	Nie-betrokke N	$n_3 = 222$	$n_4 = 44$	$n\bar{I} = 266$
	\bar{x}	5,085	5,024	5,077
	N	$n\bar{I} = 565$	$n\bar{I} = 82$	$n\bar{I} = 647$

Volgens tabel 5.161 kan gesien word dat daar klein verskille bestaan in die gemiddelde mening van die betrokke en nie-betrokke proefpersone (\bar{x} betrokke = 5,226; \bar{x} nie-betrokke = 4,864). Hierdie verskille is ook betekenisvol ($p = 0,0462$). Die verskil in mening tussen jong en ouer proefpersone is nie betekenisvol nie (\bar{x} jonk = 5,085; \bar{x} oud = 5,024; $p = 0,9695$). Daar is ook nie betekenisvolle interaksie oor hierdie saak tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe nie ($p = 0,8209$).

Die proefpersone is dus eenders ingestel teenoor L.O. en is van mening dat L.O. 'n opwindende vak is.

5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is deur middel van 62 vrae ondersoek ingestel na die houding teenoor L.O. op skool van persone buite skoolverband. Daar is bepaal wat die houding van persone is wat in verskillende mates by L.O. betrokke is en in ouderdom verskil. Daar is ook bepaal of daar 'n interaksie is tussen betrokkenheids- en ouderdomsgroepe ten opsigte van die verskillende aspekte waaroor menings gevra is.

Daar is gevind dat die groepe proefpersone oorwegend positief ingestel is teenoor L.O. en teenoor die sake wat op L.O. betrekking het. In geen geval is 'n gemiddelde respons aan die negatiewe kant van die skale gevind nie. (Slegs vyf persent van alle individuele response was geheel negatief - dit wil sê *nee* by 'n *ja-nee-vraag*, *1* vir *onbelangrik* op 'n vyfpuntskaal en *1* vir *swak* op 'n sewepunt semantiese differensiaalskaal.)

Aangesien die vrae deurgaans afsonderlik bespreek is, is die samevattende tendense tot hier toe nie weergegee nie. Verskeie belangrike aspekte verdien vermeld te word wanneer oorsigtelik aan die response aandag gegee word.

5.4.1 'n Oorsig oor die vrae

Die groep vrae wat oor die L.O.-onderwyser gehandel het en wat op 'n driepuntskaal beoordeel is, word in grafiek 5.7 teenoormekaar gestel. Die gemiddelde respons van al die proefpersone is op die grafiek aangebring.


Die gemiddelde gesamentlike respons van al die proefpersone op al die vrae oor die L.O.-onderwyser in hierdie afdeling is bereken en as 'n aaneenlopende vertikale lyn op die grafiek aangebring.

Dit is duidelik dat al die aspekte 'n *beter as gemiddelde*-respons (2 verteenwoordig 'n gemiddelde respons, kyk grafiek 5.7) ontlok het. Die genoemde kwaliteite van die onderwyser word dus hoog aangeslaan, met die onderwyser se kundigheid as die aspek wat die gunstigste beoordeling ontvang het.


Die vermoë van die L.O.-onderwyser om aanknoping by die ouers te vind, is na die proefpersone se mening die naaste aan gemiddeld (naaste aan 2). 'n Rede hiervoor kan die feit wees dat die vak nie 'n bydrae lewer tot die akademiese prestasie van die leerlinge nie en dat die L.O.-onderwyser en ouers nie op hierdie vlak met mekaar kommunikeer nie. In 'n opvolgstudie sou dit sinvol wees om die waarde van kommunikasie tussen die L.O.-onderwyser en ouers na te vors. Die wyse waarop die vak tans op skool hanteer word en die afwesigheid van sigbare bewyse van die bydrae en noodsaaklikheid van L.O., veroorsaak dalk dat die belang van kommunikasie tussen die L.O.-onderwyser en ouers nie besef word nie.

Die 32 aspekte wat deur middel van die semantiese differensiaalskaal ondersoek is, word gesamentlik in grafiek 5.8 aangebied. Die gemiddelde respons van al die proefpersone is grafies voorgestel ten einde 'n oorsig van die orde van die menings te verkry. Weer eens val die gemiddelde respons deurgaans aan die positiewe kant van die skaal. Dit is trouens die oorwegende gevoel by alle vrae van die vraelys. Daarom is 'n gemiddelde gesamentlike respons op al 32 vrae bereken en as aaneenlopende vertikale lyn op die grafiek aangebring.

GRAFIEK 5.7 OPSOMMING VAN DIE DRIE-KEUSEVRAE



GRAFIEK 5.8 SAMEVATTING VAN DIE RESPONSE OP DIE SEMANTIESE DIFFERENSLAALSKAAL



LEGENDE: A = Aktiwiteit
E = Evaluasie
P = Krag

Van die aspekte wat oor die onderwyser handel, is die onderwyser se toegewydheid die saak wat die ongunstigste respons ontlok het. Daarteenoor is dit die onderwyser se betroubaarheid wat die hoogste aangeslaan word. Die verskil in belading tussen die twee menings weerspreek mekaar oënskynlik. Albei aangeleenthede word positief aangeslaan, maar dit mag wees dat die betekenis van eerlik/oneerlik ook deur respondente aan die betroubaarheidsaspek gekoppel is. By vyf van die ses vrae wat gehandel het oor die beoordeling van die L.O.-onderwyser het die negatiewe byvoeglike naamwoord telkens by 1 en die positiewe byvoeglike naamwoord by 7 op die semantiese differensiaalskaal gestaan. *Toegewyd* staan egter by 1 en *nie-toegewyd* by 7 op die skaal - dus andersom. Dit is gedoen om te probeer voorkom dat respondente die vrae sonder nadenke beantwoord.

Daar is egter nie 'n manier waarop bepaal kon word of proefpersone 'n fout begaan het met die meer negatiewe respons by *toegewyd* nie (kyk hoofstuk 3). Dit is een van die probleme met houdingsmetingskale (Baumgartner & Jackson, 1975:254; Best, 1977:160).

'n Stel van nege vrae wat oor die beoordeling van die doelstellings van L.O. gehandel het, is ook op die sewepunt semantiese differensiaalskaal gevra. Die doelstellings van L.O. is aan die hand van hierdie nege aspekte baie gunstig deur die proefpersone beoordeel en slegs twee aspekte, naamlik die helderheid en die diepsinnigheid van die doelstellings van L.O. is *meer gemiddeld* beoordeel soos op grafiek 5.8 gesien kan word (Baumgartner & Jackson, 1975:254; Best, 1977:160).

Benewens die laasgenoemde nege vrae is daar 'n verdere vraag in die vraelys oor die doelstellings van L.O. gevra. Proefpersone moes gegewe doelstellings in die volgorde, waarin dit vir hulle belangrik was, rangskik. Tabel 5.162 bied 'n globale oorsig oor die rangorde van die doelstellings van L.O., soos deur al die proefpersone gesamentlik aangedui is. Fiksheid word deur al die proefpersone as die belangrikste doelstelling eerste geplaas. Dit is egter by hierdie vraag verrassend dat aan kennis en insig 'n algehele tweede plek in die rangorde toegeken is. Wanneer die twee stelle vrae oor die doelstellings van L.O. in relasie tot mekaar gesien word, wil dit voorkom of die proefpersone meen dat kennis en insig as 'n doelstelling van L.O. belangrik is, maar dat die vakinhoud nie tred hou met hierdie doelstelling nie en daarom is die doelstellings minder helder en minder diepsinnig. Dit wil voorkom asof te min wetenskaplike agtergrond toegevoeg word tot die praktiese aktiwiteite van L.O. soos dit tans op skool aangebied word. Omdat die wetenskaplike, teoretiese feitekennis nie in praktyk deel word van die leerplan nie, word die vak dus nie deur leerlinge as belangrik beskou nie.

TABEL 5.162 ORDENING VAN DIE DOELSTELLINGS VAN L.O.

Belangrikste	1	2	3	4	5	6	Onbelangrikste
Betrokke	Fiks	Kennis	Motories	Sosialisering	Emosionele ontlading	Kreatiwiteit	
Nie-betrokke	Fiks	Kennis	Sosialisering	Motories	Emosionele ontlading	Kreatiwiteit	
Jonk	Fiks	Kennis	Motories	Sosialisering	Emosionele ontlading	Kreatiwiteit	
Oud	Fiks	Kennis	Sosialisering	Motories	Emosionele ontlading	Kreatiwiteit	

Fiksheid is deur al die groepe as die belangrikste doelstelling van L.O. aangewys en kreatiwiteit as die onbelangrikste.

Die respons op die groep vrae wat oor die L.O.-sillabus gehandel het en op 'n sewepunt semantiese differensiaalskaal beoordeel is, was ook oorwegend positief. Die gemiddelde respons van al die respondente is op grafiek 5.8 teenoormekaar gestel. Dat die sillabus haalbaar (moontlik) is, het die hoogste gemiddelde punt verkry en of die sillabus *wonderlik* is, is meer gemiddeld as enige van die vrae in die groep beoordeel. Dit versterk die gedagte dat respondente van mening is dat daar tekorte bestaan in die inhoudelike van die vak soos dit tans op skool aangebied word.

Die groep vrae wat L.O. as vak op die sewepunt semantiese differensiaalskaal beoordeel het, toon op grafiek 5.8 ook hoofsaaklik 'n positiewe respons. Die sistematiese aanpak van die vak word egter heelwat laer aangeslaan. Daar is trouens net een aspek wat minder punte behaal het, naamlik die toegewytheid van die L.O.-onderwyser.

Wanneer die beoordeling van die doelstellings van L.O., die sillabus van L.O. en die vak self op die sewepunt semantiese differensiaalskaal in relasie tot mekaar gesien word, kom dit na vore dat die duidelikheid (helderheid) en diepsinnigheid (teoretiese begronding) van die doelstellings, wonderlikheid (bevredigend in alle opsigte) van die sillabus en die sistematiek van die vak, die minder positiewe beoordelings ontlok het. Hierdie stand van sake kan dalk verklaar word deur die feit dat die proefpersone fiksheid en kennis en insig

as die twee belangrikste doelstellings sien, dog feit is dat fiksheid as hoofdoelstelling nie werklik binne die tydsbestek vir L.O. op skool bereik kan word met die sillabus soos dit tans daaruit sien nie. Alhoewel kennis en insig deur die gemiddelde respons as die tweede belangrikste doelstelling gestel word, bevat die sillabus nie veel wat voorsien aan die diepsinnigheid as doelstelling van L.O. nie. Dit veroorsaak dat die L.O.-periodes gevul word met aktiwiteite wat oënskynlik nie veel met die twee hoofdoelstellings, fiksheid en kennis en insig te make het nie. Vandaar die indruk dat die vakaanbieding minder positief met betrekking tot die sistematiese, duidelike, diepte en wonderlike aspekte beoordeel word.

Wanneer die gemiddelde oordeel oor die waarde van fisieke aktiwiteit teen die ander fasette wat in grafiek 5.8 voorkom, geweeg word, is dit duidelik dat dit die saak is wat die hoogste beoordelingspunt verkry. Die proefpersone staan dus positief teenoor fisieke aktiwiteite. Die ideaal sou wees dat die evaluering van die persone betrokke asook die mikpunte van die vak, die inhoud van die vak, die aanbieding van die vak en gebeure binne die vak net so hoog aangeslaan moet word as die waarde van fisieke aktiwiteite. Op hierdie wyse beoordeel, moet daar tot die gevolgtrekking geraak word, dat daar heelwat werk en regstelling vir die vakbeoefenaars van L.O. is.

Dit kom dus voor asof daar nie twyfel by die proefpersone oor die kundigheid van die L.O.-onderwyser bestaan nie, maar dat die mening oor toegewydheid, die sistematiese werkwyse in die aanbieding van die vak en die mate waarin die sillabus as wonderlik ervaar word, hoewel positief aangeslaan, minder gunstig as die ander aspekte is.

5.4.2 Betrokkenheid as verdeler

Betrokkenheid was die hoofonderwerp van die ondersoek en die verwagting was dat persone 'n meer positiewe ingesteldheid teenoor L.O. sal hê omdat dit hulle beroep is of hulle toekomstige beroep gaan wees of omdat hulle die waarde van oefening fisies ervaar.

Die gemiddelde respons op die houdingsvrae van persone betrokke by L.O. en persone nie-betrokke by L.O. was in die geval van al die vrae positief. Die respons op die houdingsvrae deur persone betrokke by L.O. was, behalwe in die geval van een vraag, deurgaans meer positief as die gemiddelde respons van nie-betrokke persone en in 50 persent van die gevalle was hierdie verskil wat na vore gekom het, betekenisvol. By 'n enkele vraag was die gemiddelde respons van persone nie-betrokke by L.O. meer positief as by betrokke persone, naamlik by die vraag oor die belangrikheid van fisieke aktiwiteite.

Uit die groep vrae wat die eienskappe van L.O.-onderwysers beoordeel het, was daar by vier aspekte betekenisvolle verskille tussen betrokke en nie-betrokke proefpersone. Proefpersone betrokke by L.O. het die netheid, betroubaarheid, aangenaamheid en intelligensie van die L.O.-onderwyser betekenisvol hoër aangeslaan as die nie-betrokke proefpersone.

Proefpersone betrokke by L.O. het L.O. as moontlike matriekvak positief hoër beoordeel en, soos te wagte kan wees, aangedui dat hulle van die beroep as L.O.-dosent sou hou en dit langer as tien jaar sou wou beoefen.

Sosialisering is deur persone betrokke by L.O. gemiddeld as belangriker beoordeel as nie-betrokke persone. Die rede hiervoor is moontlik die feit dat persone betrokke by L.O. beter verstaan wat sosialisering in L.O. behels en die rol wat hierdie doelstelling by die beplanning van aktiwiteite speel.

Op die sewepunt semantiese differensiaalskaal is nege uit die nege aspekte van die doelstellings van L.O. betekenisvol gunstiger beoordeel deur die proefpersone betrokke by L.O. Dit blyk dat die doelstellings vir persone betrokke by L.O. aanvaarbaar en duidelik is en dat betrokkenes hulle daarmee vereenselwig. Die betrokkenes en nie-betrokkenes toon ook afsonderlike aan dat die diepsinnigheid van die doelstellings die laagste beoordeling ontvang.

By die beoordeling van die sillabus het dit uit die data na vore gekom dat, alhoewel die beoordeling gemiddeld baie gunstig was deur albei groepe, persone betrokke by L.O. die waarde, gesistematiseerdheid, haalbaarheid (moontlikheid) en bevrediging van die L.O.-sillabus hoër aangeslaan het as persone nie-betrokke by L.O. Dit is interessant dat die gemiddelde respons van persone betrokke by L.O. *meer gemiddeld* en minder gunstig is as dié van persone nie-betrokke by L.O. ten opsigte van die graad van *goedheid*, die sukses van die sillabus en hoe prakties die sillabus is. Dit kom dus voor dat, alhoewel proefpersone betrokke by L.O. meen dat die sillabus vir L.O. waardevol, sistematies, bevredigend en moontlik is, is dit nog nie werklik goed, suksesvol en prakties nie. Volgens die data bestaan daar steeds tekorte ten opsigte van die inhoud van die vak. Die sillabus is nog nie werklik suksesvol nie, omdat daar nie 'n teoretiese faset of formele evaluasie in die vak bestaan nie. Hoewel dit wat tans in die sillabus bestaan, waardevol en sistematies is, is dit nie werklik prakties nie, omdat dit eensydig, teorieloos en nie afgestem is op die beskikbare tyd nie. Formele evaluasie is deur proefpersone gemiddeld gunstig beoordeel, maar proefpersone betrokke by L.O. het 'n hoër gemiddelde punt vir *uiters noodsaaklik* toegeken.

Uit die groep vrae wat oor die beoordeling van L.O. as vak gehandel het, het na vore gekom dat alle proefpersone gemiddeld baie gunstig teenoor die vak ingestel is. Die proefpersone betrokke by L.O. slaan die vak deurgaans meer gunstig aan die nie-betrokke proefpersone. As daar in aanmerking geneem word dat die nie-betrokke persone hul houding op ervaring en herinnering baseer, is dit nodig om daarop te let dat daar oor vyf aspekte van beoordeling van die vak betekenisvolle verskille bestaan tussen betrokke en nie-betrokke persone. Persone nie-betrokke by L.O. het gemiddeld minder gunstig gerespondeer oor die aangenaamheid van L.O. en of L.O. goed, waardevol, belangrik en opwindend is.

Die gemiddelde respons ten opsigte van die beoordeling van die waarde van fisieke aktiwiteite was deurgaans positief. Dit is interessant om daarop te let dat die gemiddelde terugvoer van die persone nie-betrokke by L.O. meer positief was as die terugvoer van persone betrokke by L.O. Hierdie resultaat bevestig die stellings gemaak deur Kiesler (1971:11) en Elms *et al.* (1979:52), soos in hoofstukke 1 en 3 uiteengesit met betrekking tot die feit dat mense nie volgens hulle houding optree nie, maar dat hulle optrede soms afwesig of teenstrydig met hulle houding kan wees.

Op die vraag oor die belangrikheid van fisieke aktiwiteit word daar 'n positiewe respons van betrokkenes, wat daagliks met fisieke aktiwiteite, die wetenskap daaragter en die belangrikheid daarvan te doen het, ontlok, maar van persone wat nie aan sport, oefenprogramme (dit wil sê fisieke aktiwiteite) deelneem nie, word 'n nog meer positiewe houding gemeet.

5.4.3 Ouderdom as verdeler

Ouderdom het nie as 'n belangrike verdeler uit die data na vore gekom nie. Ouer en jong proefpersone, hoewel in albei gevalle gemiddeld positief, het oor slegs een enkele aspek betekenisvol verskil.

Die ouer proefpersone het die intelligensie van L.O.-onderwysers meer gemiddeld aangeslaan as jonger persone wat gunstiger geoordeel het, en so ook die tydperk wat persone met die aanbieding van die vak sal wil voortgaan, die noodsaaklikheid van evaluering in die vak en hoe prakties suksesvol en goed die vak se sillabus is. Hierdie sake wat laer aangeslaan word deur die ouer groep, wentel rondom gehalte-aspekte. Om hieruit 'n gevolgtrekking te maak, is egter moeilik, aangesien ander gehalte-aspekte wat beoordeel moet word net so positief aangeslaan is as wat die jonger groep dit beoordeel het.

Met hierdie studie is 'n poging aangewend om te bepaal of die houding van diegene wat oor die jare as leerlinge Liggaamlike Opvoeding op skool ervaar het, korreleer met die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding as vak oor dieselfde aantal jare. Daar is van die standpunt uitgegaan dat, indien mense van verskillende ouderdomme ondervra word, 'n aanduiding verkry sal word van die mate waartoe navorsing, tyd en geld wat in Liggaamlike Opvoeding oor die jare heen belê is, figureer in die klaskamer om L.O. tot 'n volwaardige vak te laat ontwikkel.

Min noemenswaardige verskille het tussen die menings van ouer en jonger proefpersone na vore gekom, wat moontlik daarop dui dat die vak soos persone dit in die klas ervaar het, oor vyftig jaar nie noemenswaardig verander het nie. Daar word steeds vir slegs twee periodes per week voorsiening gemaak op die skoolprogram van die laer klasse en soms net een periode per week vir die senior klasse. Sou leerlinge 'n ekstra periode benodig vir 'n ander vak, word die L.O.-periode daarvoor gebruik.

Die sillabus bestaan steeds uit praktiese *liggaamlik doen*-aktiwiteite. Daar bestaan nie werklik in die praktyk goeie formele evaluasie in die vak nie en die twee belangrikste doelstellings kan as gevolg van 'n tekort aan tyd en vakinhoud nie bereik word nie. Dit wil sê die hoeveelheid tyd wat tans tot die beskikking van L.O. is, word moontlik nie produktief genoeg aangewend nie. Die gevoel ontstaan dat daar eers beter gebruik gemaak moet word van dit wat tans tot die beskikking van L.O. is, dat die beeld van die vak, soos dit tans aangebied word, eers verbeter moet word voordat aan die uitbreiding van die vak na matriekkeusevak gewerk kan word. As fiksheid as doelstelling nie binne die beskikbare tyd bereik kan word nie, kan kennis en insig moontlik bydra tot die bereiking van fiksheid as doelstelling omdat persone oor die nodige kennis en insig sal beskik om in eie vrye tyd aan dié doelstelling te werk.

Ouderdom as verdeler was nie 'n belangrike veranderlike in die ondersoek nie en is nie in die navorsingsontwerp as belangrike veranderlike beskou nie. Die jonger groep proefpersone was meer as die ouer persone. Om hierdie rede behoort die data versigtig geïnterpreteer te word. Hier wil volstaan word deur die resultate bloot as rigtingwysers vir verdere navorsing te beskou. Dit is interessant dat die ouer persone 'n hoër gemiddelde waarde aan die toegewydheid van die L.O.-onderwyser toegeken het as die jonger proefpersone.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN VERDERE NAVORSING

6.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Wat Liggaamlike Opvoeding betref, bestaan daar verskillende groepe volwassenes, naamlik diegene wat betrokke is by Liggaamlike Opvoeding en dié wat in geen opsig met die vak of fisieke aktiwiteit rakende die vak te make het nie.

Die houding van volwassenes teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool is deur hierdie studie ondersoek. Liggaamlike Opvoeding bestaan reeds vir meer as 50 jaar as verpligte vak in die skoolleerplan, dog daar kan nie as vanselfsprekend aanvaar word dat persone positief teenoor Liggaamlike Opvoeding ingestel is nie.

Die oogmerke van die ondersoek was op die volgende aspekte afgestem:

- om vas te stel of die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool van volwassenes betrokke by Liggaamlike Opvoeding verskil van volwassenes nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding;
- om vas te stel of die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool van volwassenes van verskillende ouderdomme, verskil;
- om vas te stel of daar 'n interaksie bestaan tussen betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding en ouderdom ten opsigte van houding teenoor Liggaamlike Opvoeding.

6.2 METODE VAN ONDERSOEK

As uitgangspunt vir die ondersoek is die volgende nulhipoteses gestel:

- dat betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding nie houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool bepaal nie;
- dat ouderdom nie houding teenoor Liggaamlike Opvoeding op skool bepaal nie;

- dat daar nie 'n interaksie bestaan tussen betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding en ouderdom nie.

By die aanvang van die studie is daar eers gekyk na moontlike faktore wat die houding van persone jeens Liggaamlike Opvoeding kan beïnvloed. Die volgende het duidelik geblyk:

- 'n Dualistiese *liggaam-siel* mensbeskouing bestaan.
- Daar is steeds 'n toename in meganisasie en veral 'n gebrek aan bereidwilligheid by mense tot fisieke inspanning.
- Daar bestaan 'n tekort aan eenvormige formele evaluering in Liggaamlike Opvoeding wat lei tot gebrek aan status in die vak.
- Daar is onvoldoende tyd om Liggaamlike Opvoeding- doelstellings te verwesenlik.
- Daar is 'n tekort aan teoretiese, wetenskaplike onderbou in leerstofinhoud en gedrag stem nie noodwendig ooreen met houding nie.

Daar is ook aandag gegee aan kundiges se teorieë oor houdingvorming. Om huidige tendense en rigtings in Liggaamlike Opvoeding in perspektief te sien ter beligting van die invloed wat dit moontlik op die houding van leerlinge oor die jare heen kon hê, is 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die vak verkry.

Verder is nagevors hoe die houding van persone gemeet word. In 'n literatuurstudie is gelet op die verskillende metodes wat deur die verskillende vakkundiges aangewend is om houding te meet. 'n Gepaste houdingskaal is vir die doel van die studie saamgestel en gebruik in 'n vraelys.

Altesaam 125 vrae is in die vraelys gestel. Hierdie vrae is verdeel in 10 persoonlik-demografiese vrae, 9 vrae oor die organisasie in Liggaamlike Opvoeding en 107 vrae wat inligting oor die houding van proefpersone onttrek het.

'n Vraelys is by die proefpersone in die studie aangepas en gestandaardiseer vir die onderhawige groepe volwassenes wat verskil het in hulle hoedanigheid van betrokkenheid by Liggaamlike Opvoeding en ouderdom. Die vraelyste is versprei, deur proefpersone voltooi en terugversend waarna die data verwerk is. Die betroubaarheid van die data en verskille tussen groepe (betrokke, nie-betrokke, oud en jonk) is vasgestel en geïnterpreteer deur 'n tweerigting variansie-ontleding.

6.3 BEVINDINGS

Die bovermelde werkwyse toon resultate wat daarop dui dat jongmense, ouer persone, persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding en persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding hoofsaaklik 'n positiewe houding teenoor Liggaamlike Opvoeding huldig.

Daar is met die studie bevind dat daar wel betekenisvolle verskille voorkom in die houding van verskillende persone en groepe. Betekenisvolle verskille het na vore gekom in die houding van persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding en persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding en in enkele gevalle ook tussen ouer en jonger persone.

Uit die data kom dit na vore dat persone betrokke en persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding almal geen twyfel het oor die kundigheid van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser nie. Die aanknoping van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser met ouers is egter deur die bogenoemde proefpersone die laagste aangeslaan. Sou 'n nasionale gestandaardiseerde evalueringsprogram vir skole verpligtend gemaak word, sal Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en ouers moontlik meer kontak met mekaar hê wanneer punte en fisieke probleme met ouers bespreek word op oueraande of Liggaamlike Opvoeding-aande.

Betrokke persone sowel as persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding het die betroubaarheid van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser die hoogste aangeslaan. Sou die inligting verkry oor die toegewydheid van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser ter syde gestel word oor die redes soos in hoofstuk 5 uiteengesit, verkry die fluksheid van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser die laagste beoordeling. As definitiewe mikpunte gestel word wat leerlinge per standerd met betrekking tot sekere aktiwiteite, kennis, insig en standarde van fiksheid moet bereik, sal Liggaamlike Opvoeding meer doelgerig aangebied moet word op skool.

Persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding het minder positief gereageer teenoor Liggaamlike Opvoeding as beroep as persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding - wat iets weergee van 'n ontnugterdheid by Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. 'n Terugkeer na, en konsentrasie op die belangrikste doelstellings en evaluering van die bereiking van hierdie doelstellings sou iets kon beteken vir die status van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser op skool.

Dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers graag 'n verandering aan die doodloopstraat-situasie van Liggaamlike Opvoeding sou wou sien, spreek uit die sterker positiewe reaksie

op Liggaamlike Opvoeding as moontlike matriekvak by persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding teenoor diegene nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding.

Teenoor Liggaamlike Opvoeding as tersiër gelykstaande met ander vakke het proefpersone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding gunstiger respondeer as betrokke persone.

By die onderrig van die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding is fiksheid as die belangrikste doelstelling en kreatiwiteit as die onbelangrikste doelstelling deur betrokke sowel as nie-betrokke respondente aangewys. Soos sake tans op skool staan, word soms meer tyd en aandag aan kreatiwiteit bestee as aan fiksheid. Dit is nog 'n rede waarom persone minder positief reageer op die sistematiek van Liggaamlike Opvoeding.

Persone betrokke en persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding het in hulle beoordeling van Liggaamlike Opvoeding-doelstellings die hoogste waarde aan die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding-doelstellings toegeken en die laagste waarde in hul beoordeling aan die diepsinnigheid van die doelstellings toegeken. Dit dui daarop dat persone op grond van eerstehandse kennis sowel as op grond van herinneringe tot dieselfde slotsom raak, naamlik dat daar 'n gebrek aan wetenskaplike, teoretiese begroning in Liggaamlike Opvoeding op skool bestaan.

Proefpersone betrokke by Liggaamlike Opvoeding sowel as nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding was dit eens dat die Liggaamlike Opvoeding-sillabus moontlik, dit wil sê haalbaar is, maar aan die wonderlikheid van die sillabus is die laagste punt toegeken. Sonder om die beskikbare tyd in berekening te bring, is die sillabus moontlik, maar almal is dit eens dat daar steeds gebreke in die sillabus bestaan.

Dat Liggaamlike Opvoeding 'n bydrae lewer tot die voorbereiding van jongmanne vir die weermag is hoër positief beoordeel deur persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding.

Persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding het ook sterker positief gereageer ten opsigte van die belang van evaluering in Liggaamlike Opvoeding op skool.

Die belang van fisieke aktiwiteit is deur persone nie-betrokke by Liggaamlike Opvoeding hoër positief aangeslaan as persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding wat 'n tipiese voorbeeld is van gedrag en houding wat nie ooreenstem nie. Dit is egter nodig om daarop te wys dat die persone betrokke by Liggaamlike Opvoeding ook positief op hierdie vraag gerespondeer het.

Dat die vak goed is, het by betrokke persone die hoogste beoordeling ontlok. Die veiligheid van Liggaamlike Opvoeding het by nie-betrokke persone die hoogste beoordeling verkry. Alle proefpersone het aan die sistematiese aanbieding van Liggaamlike Opvoeding die laagste punt toegeken wat dui op 'n gebrek aan korrelasie tussen doelstellings en klasaktiwiteite.

Met ouderdom as verdeler het die inligting soos volg na vore gekom:

- Jong proefpersone het die *kundigheid* van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en ouer proefpersone die *verhouding met ander onderwysers* die hoogste positief beoordeel. Albei groepe het die aanknoping met ouers die laagste beoordeel.
- Op 'n verdere vraag na die beoordeling van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser het die jong proefpersone *betroubaarheid* en die ouer proefpersone die *aangenaamheid* van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser die hoogste beoordeel. Sou *toegewytheid* uitgelaat word oor redes in hoofstuk 5 uiteengesit, ken jong proefpersone die laagste punt toe aan die *fluksheid* van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser en ouer proefpersone dieselfde laagste punt aan die *intelligensie en netheid* van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser. Ouer proefpersone baseer hulle houding moontlik op ervarings met Liggaamlike Opvoeding-onderwysers of hulle mening is die gevolg van die aard van die leerinhoud wat baie selde teoretiese stof insluit.
- Ouer proefpersone ken 'n hoër positiewe punt toe aan Liggaamlike Opvoeding as beroep as jonger proefpersone.
- Liggaamlike Opvoeding as matriekvak is deur jong proefpersone hoër positief beoordeel as deur oueres.
- Fiksheid is deur ouer en jonger proefpersone as die belangrikste doelstelling en kreatiwiteit as die onbelangrikste doelstelling aangedui.
- Jong en ouer proefpersone het aan die *belangrikheid* van die doelstelling die hoogste punt toegeken en aan die *diepte* van die doelstellings die laagste punt.
- Jong en ouer proefpersone ken aan die *moontlikheid* (haalbaarheid) van die sillabus die hoogste punt toe. Jong proefpersone ken die laagste punt aan die wonderlikheid van die sillabus toe en ouer proefpersone ken die laagste punt aan die suksesvolheid van die sillabus toe.
- Jonger proefpersone het sterker positief as ouer proefpersone aangedui dat Liggaamlike Opvoeding 'n bydrae lewer tot die voorbereiding van jongmanne vir die weermag.
- Jonger proefpersone het sterker positief aangedui dat evaluering in Liggaamlike Opvoeding noodsaaklik is en dat fisieke aktiwiteit uiters noodsaaklik is.

- Dat Liggaamlike Opvoeding veilig is, is deur die ouer en die jonger proefpersone as die hoogste positief beoordeel en die sistematiek in Liggaamlike Opvoeding is deur altwee groepe as die laagste positief beoordeel. Die onderrig in Liggaamlike Opvoeding op skool en die inhoud van die vak behoort daarop gemik te wees om leerlinge die nodige kennis en insig tot die vestiging van houdings te gee sodat hulle in staat sal wees tot besluitneming aangaande hulle eie gesondheidsvraagstukke en fiksheidsprobleme. Om te verseker dat die vak doelgerig ontplooi, behoort gestandaardiseerde, universele evaluasie streng toegepas te word.

Min betekenisvolle verskille het uit die data tussen jong en ouer volwassenes na vore gekom. Die feit dat 40 jaar as die afsnypunt gestel is, bring mee dat die ouderdomme wat vergelyk word, na aanmekaar lê en 'n moontlike rede is vir die min en klein verskille wat uit die verkreeë inligting na vore gekom het.

Die veranderinge aan die Liggaamlike Opvoeding-sillabus oor die jare, soos uiteengesit in hoofstuk 2, is nie in berekening gebring by die besluit op watter ouderdomme vir die studie van toepassing sou wees nie, wat 'n moontlike rede vir die min en klein verskille in die menings van ouer en jonger volwassenes is.

'n Verdere rede vir die min verskille tussen oud en jonk kan wees dat die ervaring van Liggaamlike Opvoeding van jong en ouer persone nie werklik verskil nie, omdat min van die ontwikkeling ten opsigte van die Liggaamlike Opvoeding-sillabus en Liggaamlike Opvoeding-program oor die jare heen, vergestaltung vind in die stof en metodes in die Liggaamlike Opvoeding-klas.

Tans is die situasie op skool sodanig dat baie persone wat Liggaamlike Opvoeding doseer, geen Liggaamlike Opvoeding-opleiding gehad het nie. Daar bestaan ook nie fasiliteite vir onopgeleide onderwysers om indiensopleiding in Liggaamlike Opvoeding te ontvang nie. Omdat die houding van mense bepaal word deur ervaring, speel die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser 'n baie belangrike rol in die vorming van ingesteldhede teenoor Liggaamlike Opvoeding.

Onopgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is 'n struikelblok in die weg na ontplooiing van Liggaamlike Opvoeding as matriekvak. Alleen 'n deeglik opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwyser sal reg kan laat geskied aan die oordra van die wetenskaplike feitekennis agter die fisieke aktiwiteite en fiksheid.

Fiksheid is deur al die groepe as die belangrikste doelstelling van Liggaamlike Opvoeding uitgesonder. As gevolg van gebrek aan tyd is dit nie werklik moontlik om die hoofdoelstelling van Liggaamlike Opvoeding, naamlik fiksheid te bereik nie. Daar is ten minste drie 20-minuutoefensessies per week nodig om kardiorespiratoriese fiksheid te verbeter. In die Liggaamlike Opvoeding-sillabus of program word ook nie afdwingend en voorskriftelik voorsiening gemaak vir teoretiese kennis oor inoefening vir fiksheid nie. Leerlinge beskik dus nie oor die nodige kennis om 'n eie veilige, gebalanseerde fiksheidsprogram saam te stel nie. Wanneer sport en fisieke aktiwiteite vir matrikulante in September gestaak word met die oog op voorbereiding vir die matriekeksamen beskik hulle waarskynlik nog nie oor die regte gesindheid om te wil oefen nie en ook nie oor die nodige kennis om te weet hóé om na hulle eie fiksheid om te sien nie. Die gevolg is die probleme wat ontstaan wanneer jong mense na vyf onaktiewe maande aanmeld vir diensplig waar 'n hoë graad van fisieke weerbaarheid verwag word.

Uit grafiek 5.8 kom dit na vore dat persone minder positief ingestel is jeens die helderheid (duidelikheid) en diepte van die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding. Dit is nie vir mense duidelik waarheen daar gemik word met Liggaamlike Opvoeding nie en dit is duidelik dat Liggaamlike Opvoeding net te min tyd het.

Uit die data kom dit na vore dat 22 proefpersone betrokke by Liggaamlike Opvoeding dit duidelik gestel het dat die sillabus vir hulle treurig is. Twee honderd en veertig het neutraal op hierdie vraag geantwoord. Dit wil sê hierdie persone het veilig geantwoord en slegs 116 uit 378 betrokke proefpersone was oortuig dat die sillabus wonderlik is. Feit bly, die sillabus is nie afgestem op die hoofdoelstellings nie en onderwysers het te make met 'n sillabus met 'n nagenoeg vrye keuse uit aktiwiteite wat in uiters beperkte tyd baasgeraak moet word.

Dit het uit die data na vore gekom dat die respondente betrokke by Liggaamlike Opvoeding oor die algemeen meer positief teenoor Liggaamlike Opvoeding ingestel is. Daar kan moontlik die afleiding gemaak word dat persone in besluitnemende posisies meer aktief positief teenoor die vak sal staan, indien hulle aan 'n oefenprogram deelneem. Waar Liggaamlike Opvoeding se saak gestel word vir bedinging om matriekstatus sal dit moontlik beter gehoor word deur mense wat daarby betrokke is.

Vanuit die standpunt dat houding bepaal word deur ervaring, kan óók aangevoer word dat dit belangrik is vir die bevordering van Liggaamlike Opvoeding dat leiersfigure of besluitnemers vir Liggaamlike Opvoeding by oefenprogramme ingeskakel word sodat hulle eerstehands die noodsaaklikheid en heilsaamheid van wetenskaplik rehabiliterende oefenmetodes kan ervaar

om sodoende op grond van eerstehandse kennis en ervaring 'n realisties-positiewe houding of standpunt oor Liggaamlike Opvoeding te kan inneem.

6.4 VERDERE NAVORSING

Die sillabusse van Liggaamlike Opvoeding vir dogters en vir seuns verskil wat die vakinhoud betref. Die twee sillabusse het ook nie dieselfde ontwikkeling deur die jare ondergaan nie. Daar behoort nagegaan te word of die houding teenoor Liggaamlike Opvoeding by die twee geslagte verskil en of daar verskuiwings in hierdie houdings plaasgevind het. Daar behoort nagegaan te word of hierdie verskuiwings verband hou met wysigings of veranderinge wat die sillabus ondergaan het.

Die invloed van goeie meting en evaluering van vaardighede, vermoëns en kennis saam met formele, beplande teoretiese inhoud by die praktiese lesse op die bereiking van die doelstelling behoort eksperimenteel in skole ondersoek te word. Dit moet ook gepaard gaan met die meting van houdings teenoor die vak by kinders en die verskuiwing daarvan deur die onderrig in vakteoretiese leerstof en meting en evaluering van vaardighede, vermoëns en kennis.

Daar behoort ondersoek ingestel te word na die moontlikheid om minimum vereistes te stel met betrekking tot die leerinhoud wat in betrokke standers bemeester moet word. Dit sal eenvormigheid in die vak meebring. Die keusevryheid wat onderwysers binne die sillabusinhoud het, dra by tot die laer waarde wat die respondente toeken aan die gesistematiseerdheid van die vak.

Die aanknoping tussen ouer en Liggaamlike Opvoeding-onderwyser hou, soos aangetoon, waarskynlik ook verband met die sigbare bydrae wat deur middel van 'n rapport gemaak word. Die mate waarin so 'n rapport as produk van goeie evaluering in die Liggaamlike Opvoeding-lesse die gesindheid van ouers teenoor die vak beïnvloed, is 'n verdere aspek wat nagevors behoort te word.

Die meningsopname wat in hierdie ondersoek gedoen is, behoort van tyd tot tyd herhaal te word om verskuiwings in houding te monitor. Deur betyds van verskuiwings kennis te neem, kan tydigte stappe beplan word, indien tendense negatief is.

In die bepaling van die ouderdom van jonger volwassenes en ouer volwassenes vir die doel van die studie is 40 jaar as die afsnypunt gebruik, soos in hoofstuk 5 van hierdie studie

uiteengesit. Die afsnypunt bring mee dat die ouderdomme wat vergelyk is naby mekaar lê wat moontlik 'n rede is vir die min en klein verskille wat uit die verkreë inligting na vore gekom het. Voorts is die verandering aan die Liggaamlike Opvoeding-sillabus oor die jare, soos uiteengesit in hoofstuk 2, nie in berekening gebring by die besluit op watter ouderdomme vir die studie van toepassing sou wees nie, wat moontlik 'n verdere rede vir die min en klein verskille in die menings van ouer en jonger volwassenes is.

BYLAE

Die vraelys

LIGGAAMLIKE OPVOEDING

**SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR
SPORTWETENSKAP
LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE
EN REKREASIEKUNDE**

VRAELYS

SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR
SPORTWETENSKAP
LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE
EN REKREASIEKUNDE
PROJEK NR. SN 2.22

Geagte Prof./Dr./Mnr./Mev./Mej.

Op versoek van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde (SAVSLOR) word 'n ondersoek na die stand van Liggaamlike Opvoeding op skool gelooft.

Die vraelvste is 'n uitvloeisel van onder andere die RGN-SPORTONDERSOEK (1980-1982) waarin die rol wat Liggaamlike Opvoeding in 'n volk se fisieke weerbaarheid en in sport in die algemeen speel, uitgewys word.

Die vraelvste is met groot sorg saamgestel en daar word besef dat die invul daarvan vir u ekstra werk meebring. U bydrae in hierdie verband is egter so belangrik dat dit nodig is om u te vra om die vraelvste noukeurig te beantwoord.

Alle inligting wat verskaf word, word as vertroulik gehanteer.

Met dank vir u waardevolle bydrae.

PROF J L BOTHA
PRESIDENT

PROF T S P VD WALT
PROJEKLEIER
nms. PROJEKKOMITEE

ALGEMENE INLIGTING

*U HOEF NIE U NAAM OP DIE VRAELYS TE SKRYF NIE.

*Die ingevulde vraelys moet asseblief aan die onderstaande adres gestuur word.

INSTRUKSIES VIR VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS

*Moenie heen en weer deur die vrae werk nie. Begin voor by die eerste vraag en werk redelik vinnig tot by die laaste vraag. Moenie by enige van die items sit en talm en diep daaroor nadink nie. Dit is u eerste indruk waarin ons belangstel.

*Moenie probeer onthou waar u die kruisie by 'n vorige skaal geplaas het nie.

*Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie of skryf die antwoord uit wanneer nodig.

*BEANTWOORD ASSEBLIEF ALLE VRAE.

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.

Rig navrae aan:

Die Navorsers
Departement Menslike Bewegingskunde
PU vir CHO
2520

Telefoon: (011) 975-6433
(01481) 22112 X 1800

VRAELYS AAN NASIONALE DIENSPLIGTIGES

KANTOORGEBRUIK

					6
		1	8		

Naam van u basis.....

DEMOGRAFIESE INLIGTING

1. Dui aan in watter provinsie u inrigting geleë is.

KP	1
NATAL	2
OVS	3
TVL	4
ANDER	5

9

KANTOORGEBRUIK

					6
		2	8		

ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN L.O.

1. Behoort L.O.-onderwysers in oefendrag te verklee voor elke praktiese periode wat hulle waarneem?

ALTYD	SOM-TYDS	NOOIT
1	2	3

20

2. Behoort leerlinge in oefendrag te verklee voor elke praktiese periode?

ALTYD	SOM-TYDS	NOOIT
1	2	3

21

3. Behoort leerlinge op skool formeel in Liggaamlike Opvoeding geëvalueer te word?

	TEORIE	PRAKTIES
MEER AS 1 KEER PER JAAR	1	1
EEN KEER PER JAAR	2	2
NOOIT	3	3
WEET NIE	4	4

26

4. Aan wie behoort die toetsuitslae bekend gestel te word?

	JA	NEE
AAN DIE KINDERS	1	2
AAN DIE OUERS	1	2
AAN DIE SKOOLHOOF	1	2

27

28

29

PERSOONLIKE INLIGTING

1. Wat is u geslag?

MANLIK	1
VROULIK	2

 30

2. Wat is u ouderdom tot die naaste jaar?

 32

3. Hoeveel jaar skoolonderwysondervinding het u voor hierdie jaar gehad?

 34

4. Wat is u hoogste akademiese kwalifikasie? (bv. st.8, st.8, st.10, BA met HOD of M.Sc. of B.Ed.)

35-37

5. Waar het u u opleiding vir die skoolonderrig van Liggaamlike Opvoeding geniet? (Indien geen opleiding, dui aan N.V.T. Indien meer as een inrigting, die laaste).

38-40

6. Dui aan wat die hoogste kategorie van opleiding is wat u in Liggaamlike Opvoeding/-kunde het (of nie het nie indien van toepassing).

GEEN OPLEIDING GEHAD NIE	01
SPES. VIR LAER ONDERWYSDIPLOMA	02
SPES. VIR HOER ONDERWYSDIPLOMA	03
ALG. KURSUS VIR LAER ONDERWYSDIPL.	04
ALG. KURSUS VIR HOER ONDERWYSDIPL.	05
EERSTEJAARSVLAK VIR HOD-sek	06
TWEDEJAARSVLAK VIR HOD-sek	07
HOOFVAK VIR HOD-sek	08
AS KURSUS VIR B.PRIM.ED.	09
HOOFVAK VIR B.PRIM.ED.	10
AS EERSTEJAARSVAK VIR B.A. OF B.Sc.	11
TWEDEJAARSVAK VIR B.A./B.Sc.	12
HOOFVAK VIR B.A. / B.Sc.	13
HONNEURS(L.O.) OF B.Ed.(L.O.) OF B.Ped.	14
MEESTERSGRAAD IN L.O.	15
DOKTORSGRAAD IN L.O.	16

 42

KANTOORGEBRUIK

3. **SLEGS MANSDOSENTE:** Gee asseblief u oordeel oor die OPLEIDING wat u ontvang het om u toe te rus om leerlinge te onderrig in

STRUKTURELE OEFENINGE	goed	5	4	3	2	1	swak
GIMNASTIESE VAARDIGHEDE	goed	5	4	3	2	1	swak
KLEIN SPELE	goed	5	4	3	2	1	swak
WATERAKTIWITEITE	goed	5	4	3	2	1	swak
PRAKTIESE OEFENSTOF	goed	5	4	3	2	1	swak
REKREASIE-AKTIWITEITE	goed	5	4	3	2	1	swak
SPORTAKTIWITEITE	goed	5	4	3	2	1	swak
TEORETIESE ASPEKTE	goed	5	4	3	2	1	swak

16
 17
 18
 19
 20
 21
 22
 23

4. Meen u dat LO-studente voldoende toegerus word om die volgende pligte uit te voer:

	JA	NEE	WEET NIE
BEPLANNING VAN LESEENHEDE	1	2	3
AANBIEDING VAN LESSE	1	2	3
METODIEK	1	2	3
ADMINISTRASIE VAN VAK	1	2	3
ORGANISASIE VAN VAK	1	2	3
EVALUERING	1	2	3

24
 25
 26
 27
 28
 29

5. Meen u dat opleiding in Liggaamlike Opvoeding akademies minstens gelykstaande is met ander vakke wat op kollege/universiteit bestudeer word?

JA	NEE	ONSEKER
1	2	3

30

6. Hoe belangrik ag u elkeen van die volgende "maatstawwe" om die bydrae van die L.O.-onderwyser te peil?

	ONBE-LANGRK	MINDER BELANGRK	BELANGRK
BUITEMUURSE SPORTPRESTASIES	1	2	3
WERKSKEMAS EN VERSLAG	1	2	3
VERSLAG VAN PRAKTIESE TOETSE	1	2	3
UITSLAE VAN TEORIE TOETSE	1	2	3
GESINDHEID VAN LEERLINGE	1	2	3
GESINDHEID VAN MEDEPERSONEEL	1	2	3
ALGEMENE SKOOLDISCIPLINE	1	2	3
ORGANISASIE VERMOE	1	2	3

31
 32
 34
 35
 36
 37
 38
 39

7. Hoe onthou u die LO.-onderwyser as personeelid in vergelyking met ander personeelide in die volgende sake?

	KAN		
	VERBETER	GEMIDDELD	GOED
VERHOUDING MET MEDEPERSONEEL	1	2	3
INPAS BY WERKPROGRAM	1	2	3
HANTERING VAN KRITIEK	1	2	3
KAN STANDPUNT INNEEM	1	2	3
AANKNOPING MET OUERS	1	2	3
BYDRAE TOT GEMEENSAP	1	2	3
SKOOLAMBASSADEURSKAP	1	2	3
KUNDIGHEID OP EIE VAKGEBIED	1	2	3

40

41

43

44

45

46

47

48

8. Die Liggaamlike Opvoedingprogram strew na die bereiking van sekere doelstellings. Rangskik die volgende doelstellings in volgorde van belangrikheid van EEN tot SES. "1" word as die belangrikste en "6" as die minste belangrike beskou.

I	SOSIALISERING	
II	FIKSHEID/GESONDE LEWENSWYSE	
III	KREATIWITEIT	
IV	EMOSIONELE ONTLADING	
V	MOTORIESE VAARDIGHEID	
VI	KENNIS EN INSIG	

49

50

51

52

53

54

9. Hoe belangrik ag u dit dat kinders se vordering in LO. getoets word?

ONNODIG	NOOD- SAAKLIK	UITERS NOODSKL
1	2	3

56

10. Hoe gereeld behoort die vakbesoek deur die vaksuperintendent aan skole te geskied?

	ONVOLDOENDE	VOLDOENDE
EEN KEER PER JAAR	1	2
EEN KEER IN 2 JAAR	1	2
EEN KEER IN 3 JAAR	1	2
SLEGS OP VERSOEK	1	2

57

58

59

60

11. Hoe gereeld behoort klasbesoek deur die skoolhoof te geskied?

	ONVOLDOENDE	VOLDOENDE
TWEE KEER PER JAAR	1	2
EEN KEER PER JAAR	1	2
EEN KEER IN 2 JAAR	1	2
SLEGS OP VERSOEK	1	2

- 81
- 82
- 83
- 84

12. Hoe noodsaaklik ag u 'n vakblad vir Liggaamlike Opvoeding?

ONNODIG	NOOD- SAAKLIK	UITERS NOODSLK
1	2	3

- 85

13. Sou u na tien jaar nog 'n Liggaamlike Opvoedingdosent wou wees?

JA	NEE	N.V.T.
1	2	3

- 88

Indien NEE, noem die belangrikste rede.

.....

.....

.....

.....

AANWYSINGS VIR DIE VERDERE VRAE

Maak seker dat u al die aanwysings verstaan voordat u die volgende vrae beantwoord.

Die doel van die vrae is om u mening oor sekere sake te bepaal. U moet deurgaans in gedagte hou dat ons wil weet van watter betekenis hierdie sake vir U is en nie hoe dit ander mense raak nie.

Vervolgens sal as voorbeelde woorde in **HOOFLETTERS** aangegee word wat u met behulp van skale net onder die hoofletterwoord(e) moet beoordeel.

Neem as voorbeeld die woord **ONDERWYSER** met twee skale daarby.

Dit sal so lyk: **ONDERWYSER**



As u meen dat die woord bo-aan die skaal (**ONDERWYSER**) baie nou verwant is aan die een punt van die skaal, dan sal u u kruisie by daardie punt van die skaal maak.

As u heelhartig saamstem dat die woord "mooi" by **ONDERWYSER** pas, sal u die kruisie soos volg maak:



Indien die woord bo-aan (bv. **ONDERWYSER**) egter volgens u mening net soveel van toepassing is op byvoorbeeld "mooi" as op "lelik" dan sal u die kruisie in die middel maak by nr. 4.




As u van mening is dat die woord bo-aan absoluut niks te doen het met die woorde op die punte van die skaal nie, sal u ook die kruisie in die middel plaas. Dit is egter glad nie te sê dat almal dit by nommer 4 sal plaas nie.

Probeer om so min as moontlik u kruisie in die neutrale blokkie (nommer 4) te maak.

GEBRUIK DIE VOLGENDE VIR OEFENING VOORDAT U DIE VRAELYS BEANTWOORD.

FISIEKE OEFENINGE/AKTIWITEITE



BAIE BELANGRIK

Moenie heen en weer deur die vroe werk nie. Begin voor by die eerste vraag en werk redelik vinnig tot by die laaste vraag. Moenie by enige van die items sit en talm en diep daaroor nadink nie. Dit is u eerste indruk waarin ons belangstel.

Moenie probeer onthou waar u die kruisie by 'n vorige skaal geplaas het nie.

Moenie uitvee nie.

Beantwoord AL die skale.

Maak slegs een kruisie op elke skaal.

Maak die kruisie in die spasie en nie op die grens tussen spasies nie.

Onder geen omstandighede sal enigiemand anders as die nevrorsier hierdie vreeelyste bestudeer nie.

DINK NOU AAN DIE AANBIEDING VAN DIE VAK LIGGAAMLIKE OPVOEDING SOOS U DIT OP SKOOL AS KIND DEUR DIE JARE ERVAAR HET EN REAGEER DAAROP DEUR 'N KRUISIE OP ELKE SKAAL TE MAAK; AS U DIT ERVAAR HET.

1. LIGGAAMLIKE OPVOEDING

NVT

onaangenaam	1	2	3	4	5	6	7	aangenaam	<input type="checkbox"/> 68
onsistematies	1	2	3	4	5	6	7	sistematies	<input type="checkbox"/> 69
swak	1	2	3	4	5	6	7	goed	<input type="checkbox"/> 70
nutteloos	1	2	3	4	5	6	7	waardevol	<input type="checkbox"/> 71
onbelangrik	1	2	3	4	5	6	7	belangrik	<input type="checkbox"/> 72
onveilig	1	2	3	4	5	6	7	veilig	<input type="checkbox"/> 73
vervelig	1	2	3	4	5	6	7	opwindend	<input type="checkbox"/> 74

ELKE VAK OP SKOOL HET 'N VASGESTELDE SILLABUS OF PROGRAM
 WAARIN DAAR GESTEL WORD WAT ALLES IN DAARDIE VAK GEDOEN
 MOET WORD IN DIE LOOP VAN DIE JAAR. BYVOORBEELD
 WISKUNDE-SILLABUS. GESKIEDENIS-SILLABUS. LIGGAAMLIKE
 OPVOEDING-SILLABUS. ENS.

3. LIGGAAMLIKE OPVOEDING-SILLABUS

swak	1 2 3 4 5 6 7	goed	<input type="checkbox"/> 13
waardeloos	1 2 3 4 5 6 7	waardevol	<input type="checkbox"/> 14
traurig	1 2 3 4 5 6 7	wonderlik	<input type="checkbox"/> 15
onsuksesvol	1 2 3 4 5 6 7	sukksesvol	<input type="checkbox"/> 16
onsistematies	1 2 3 4 5 6 7	sistematies	<input type="checkbox"/> 17
idealisties	1 2 3 4 5 6 7	prakties	<input type="checkbox"/> 18
onmoontlik	1 2 3 4 5 6 7	moontlik	<input type="checkbox"/> 19
onbevredigend	1 2 3 4 5 6 7	bevredigend	<input type="checkbox"/> 20

4. DINK AAN DIE L.O.-ONDERWYSER(ES) IN DIE ALGEMEEN

slordig	1 2 3 4 5 6 7	netjies	<input type="checkbox"/> 21
toegawyd	1 2 3 4 5 6 7	nie-toegawyd	<input type="checkbox"/> 22
lui	1 2 3 4 5 6 7	fluks	<input type="checkbox"/> 23
onaangenaam	1 2 3 4 5 6 7	aangenaam	<input type="checkbox"/> 24
onbetroubaar	1 2 3 4 5 6 7	betroubaar	<input type="checkbox"/> 25
dom	1 2 3 4 5 6 7	slim	<input type="checkbox"/> 26

5. HOEDANIG WAS U SPORTDEELNAME IN U LAASTE SKOOLJAAR?

Nie deelgeneem nie	1
Deelgeneem - Nie 1st/2de span gemaak	2
Deelgeneem - 1st/2de span gemaak	3

36

Dink nou aan u gereedheid vir die **FISIEKE EISE** WAT DIE **WEERMAG** AAN U GESTEL HET (Ignoreer indien nie van toepassing)

6. VOORBEREIDHEID VIR FISIEKE EISE

onvoorbereid 1 3 4 5 6 7 voorbereid

37

Dink nou daaraan of L.O. OP SKOOL IN U GEVAL 'N BYDRAE TOT U GEREEDHEID VIR DIE EISE VAN NASIONALE DIENSPULG SOU KON MAAK

7. DIE BYDRAE VAN L.O. SOU IN MY GEVAL

klein 2 3 4 5 6 7 groot kan wees

38

BIBLIOGRAFIE

- ADAMS, R.S. 1963. Two scales for measuring attitudes towards Physical Education. *Research quarterly*, 34:91-94, Mar.
- ALLEN, E.B. 1949. The social and biological challenge of our ageing population. New York : Columbia University Press. (Eastern States Health Education Conference.)
- ALLPORT, F.H. & HARTMAN, D.A. 1925. Measurement and motivation of antitypical opinion in a certain group. *American political science review*, xix:735-760.
- ALLPORT, G.W. 1935. Attitudes: a handbook of social psychology. Worchester : Clark University Press.
- ANTONITES, A.J. 1962. Die probleem van die liggaamlikheid in die moderne fenomenologies georiënteerde antropologie. Pretoria. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Pretoria.)
- BARNARD, C.N. 1971. Hartaanval: alle hoop op lewe. Elsie'srivier : Tafelberg.
- BARROW, H.M. & McGEE, R. 1979. A practical approach to measurement in Physical Education. 2nd ed. London : Febiger.
- BAUMGARTNER, T.A. & JACKSON, A.S. 1975. Measurement for evaluation in Physical Education. Boston : Mifflin.
- BENDING, A.E. 1960a. Age differences in the interscale factor structure of the Guilford-Zimmerman temperament survey. *Journal of clinical psychology*, 24:134-138.
- BENDING, A.E. 1960b. Personality as related to age and mental ability in female job applicants. *Journal of gerontology*, 20:105-108, Jan.

- BEST, J.W. 1977. Research in education. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.
- BIRREN, J.E. & SCHAIE, K.W., *reds.* 1977. Handbook of the psychology of aging. New York : Van Nostrand.
- BLAIR, S.N., GIBBONS, L., PAINTER, P., PATE, R. & TAYLOR, C.B. 1986. Guidelines for exercise testing and prescription. 3rd ed. Philadelphia : Lea & Febiger.
- BLAKESLEE, A. & STAMLER, J. 1963. Your heart has nine lives: nine steps to heart health. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.
- BOTHA, J.F. 1945. Die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding. (Referaat gelewer tydens die Eerste Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding vanaf 9-12 Januarie.)
- BOTHA, J.L. 1968. 'n Ondersoek na die funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil.) - Universiteit van Pretoria.)
- BOTWINICK, J. 1966. Cognitive processes in maturity and old age. New York : Springer.
- BROMLEY, D.B. 1974. The psychology of human ageing. 2nd ed. Middlesex : Penguin.
- BROWN, F.G. 1970. Principles of education and psychological testing. New York : Dryden Press.
- BRUMBACH, W.B. 1968. Effect of a special conditioning class upon students' attitudes toward physical education. *Research quarterly*, 39(1):211-213.
- BYRKIT, D.R. 1987. Statistics today: a comprehensive introduction. California : Cummings.
- CAMPBELL, D.E. 1968. Wear attitude inventory applied to junior high school boys. *Research quarterly*, 39:888-893, Dec.

CANDIDO, K. 1987. Persoonlike mededeling aan outeur. Kempton Park.

CANTRIL, H. 1932. General and specific attitudes. *Psychological monogram*, (192):134-156.

CANTRIL, H., GAUDET, H. & HERTZOG, H. 1940. The invasion from Mars. Princetown : Princetown University Press.

CHOWN, S.M. 1962. Human ageing. Middlesex : Penguin.

COETZEE, J.C., DU TOIT, P.S., VAN SCHOOR, M.C.E. & BUYS, B.R. 1963. Onderwys in Transvaal (1652-1960). 2de uitg. Pretoria : Van Schaik.

COETZEE, G. 1978. Die Liggaamlike Opvoedkunde as keusevak vir die Seniorcertifikaateksamen. Pretoria. (Verhandeling. MA.) - Universiteit van Pretoria.)

COETZEE, G. 1987. Persoonlike mededeling aan outeur. Pretoria.

COFER, C.N. & FOLEY, T.P. 1942. Mediated generalization and the interpretation of verbal behaviour. *Psychological reference*, 49:513-540.

COHEN, A.R. 1964. Attitude change and social influence. New York : Basic.

COHEN, L. & HOLLIDAY, M. 1979. Statistics for education and Physical Education. London : Harper & Row.

COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London : Croom.

COX, H. 1984. Later life: the realities of ageing. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

CUMMING, E. & HENRY, W.E. 1961. Growing old: the process of disengagement. New York : Basic.

CUMMING, E. & HENRY, W.E. 1963. Further thoughts on the theory of disengagement. *International social science journal*, (15):377-393.

DAGENAIS, J.J. 1972. Models of man: a phenomenological critique of some paradigms in the human sciences. The Hague : Nijhoff.

DAVIES, I.K. 1976. Objectives in curriculum design. London : McGraw-Hill.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban : Butterworth.

DOOB, L.W. 1947. The behaviour of attitudes. *Psychological review*, 54:135-156.

DUVENAGE, B. 1971. Christelike wetenskap. (*In Waarheid en werklikheid: wysgerige perspektiewe op die werklikheid opgedra aan professor dr. H.G. Stoker.* pp. 95-108.) Braamfontein : Boekhandel De Jong.

DYER, H.S. 1968. Basic elements of the measurement process. (*In Gronlund, N.E., red. Readings in measurement and evaluation.* New York : Macmillan. p.3-10.)

DYER, H.S. 1976. The menace of testing reconsidered. (*In Mehrens, W. A., red. Readings in measurement and evaluation in education and psychology.* New York : Holt, Rhinehart & Winston. p.26-32.)

EBEL, R.L. 1973. Measurement: educational achievement. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

EBEL, R.L. 1979. Essentials of education measurement. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

EDWARDS, A.L. 1957. Techniques of attitude scale construction. New York : Appleton-Century-Crofts.

ELLMER, H. 1973. 'n Fundamenteel-pedagogiese besinning oor Liggaamlike Opvoeding as skoolvak. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - UNISA.)

- ELMS, A.C. 1976. Attitudes. Walton-Hall : Open University Press.
- FESTINGER, L. 1962. Cognitive dissonance. *Scientific American*, 207(4):93-102.
- FESTINGER, L. 1964. Behavioral support for opinion change. *Public opinion quarterly*, 28:404-417.
- GALFO, A.J. 1975. Interpreting educational research. 3rd ed. Dubuque : Brown.
- GOOD, C.V. 1941. The methodology of educational research. New York : Appleton-Century-Crofts.
- GOOBLAD, J.I. 1979. Curriculum inquiry. New York : McGraw-Hill.
- GORDON, N.F., HUGO, E.P. & CELLIERS, J.F. 1986. The South African Defence Force physical training programme: exertion- related injuries sustained at an SADF basic training centre. *Suid-Afrikaanse mediese tydskrif*, 69(8):491-494, Apr.
- GOSLIN, A.E. 1979. Ondersoek na die stand van liggaamlike opvoeding vir dogters in die laerskole van Transvaal. Pretoria. (Verhandeling (MA, L.O.) - Universiteit van Pretoria.)
- GROEBNER, D.F. & SHANNON, P.W. 1981. Business statistics: a decision making approach. Columbus : Merrill.
- HALLORAN, J.D. 1967. Attitude formation and change. Leichester : Leichester University Press.
- HELBERG, A.N. 1969. Wat is die mens?: 'n krities wysgerige studie van die antropologie van G.A. van Peursen. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)
- HOSPERS, J. 1969. Readings in introductory philosophical analysis. London : Routledge & Paul.
- HUBBARD, A.W., *red.* 1973. Research methods in health, physical education and recreation. 3rd ed. Washington : AAHPER Research Council.

- HUITEMA, B.E. 1980. The analysis of covariance and alternatives. New York : Wiley.
- HULL, C.L. 1943. Principles of behaviour. New York : Appleton-Century-Crofts.
- JANIS, I.L. & KING, B.T. 1954. The influence of role playing on opinion change. *Journal of abnormal psychology*, 49(2):211-218, Apr.
- JERROME, D. 1983. Ageing in modern society. New York : Croom.
- JOHNSON, B.L. & NELSON, J.K. 1974. Practical measurements. London : Burgess.
- JOOSTE, M.E. 1954. A social-agogical reflection on recreation with special reference to a specific spatial survey. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Pretoria.)
- JOOSTE, M.E. 1954. Beknopte oorsig van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika (1652-1936). *Vigor*, 7(3):72, Jun.
- JOOSTE, M.E. 1954. Beknopte oorsig van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika (1652-1936). *Vigor*, 7(4):72, Jun.
- JOOSTE, M.E. 1957. Beknopte oorsig van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika (1652-1936). *Vigor*, 10(2):36, Mar.
- KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1985. Synopsis of Psychiatry: Behavioral Sciences Clinical Psychiatry. 4th ed. London : Williams & Wilkens.
- KELDER, J.C. 1945. Die historiese ontwikkeling van liggaamsoefenings in die onderwysdepartemente. (In *Suid-Afrikaanse kongres vir Liggaamlike Opvoeding* pp. 114-122.) Verslag. Stellenbosch : Pro Ecclesia.
- KENT, D.P. 1970. Research planning and action for the elderly. New York : Human Sciences Press.

KENYON, G.S. 1968. Six scales for assessing attitude towards physical activity. *Research quarterly*, 39:566-574, Oct.

KEOGH, J. 1963. Extreme attitudes toward physical education. *Research quarterly*, 34:27-33, Mar.

KERLINGER, F.N. 1975. Foundations of behavioral research. 2nd ed. London : Clowes.

KERMIS, M.D. 1984. The psychology of human ageing. Boston : Allen & Bacon.

KIESLER, C.A. 1971. The psychology of commitment: experiments linking behaviour to belief. New York : Academic Press.

KIRKENDALL, D.R., GRUBER, J.J. & JOHNSON, R.E. 1980. Measurement and evaluation for physical educators. Dubaque : Brown.

KRATWOHL, D.R. 1964. Taxonomy of educational objectives: the classification of educational goals. New York : McKay. (Handbook II: affective domain.)

KRATWOHL, D.R. 1985. Social and behavioral science research. San Francisco : Jossey-Bass.

KRATWOHL, D.R., BLOOM, B.S. & MASIA, B.B. 1978. Taxonomie von Lernzielen im affektiven Bereich. Basel : Beltz.

KRUYSKAMP, C. 1961. Groot woordenboek der Nederlandse taal. 8e uitg. s'Gravenhage : Nijhoff.

LANDMAN, M. 1972. Filosofiese antropologie. Utrecht : Spectrum.

LIEBERMAN, S. 1956. The effects of changes in roles on the attitudes of role occupants. *Human relations*, 9:385-402.

LOWENTHAL, M.F. & BOLER, D. 1965. Voluntary vs. involuntary social withdrawal. *Journal of gerontology*, 20:363-372.

MADDERS, J. 1979. Stress and relaxation. London : Martin Dunitz.

MATHEWS, D.K. 1973. Measurement in physical education. Philadelphia : Saunders.

MCCLOY, C.H. & YOUNG, N.D. 1954. Tests and measurements in health and Physical Education. New York : Appleton-Century-Crofts.

MCINERNY, R.M. 1963. From the beginnings of Philosophy to Plotinus. London : University of Notre Dame Press.

MCPHERSON, B.D. & YUHASZ, M.S. 1968. An inventory for assessing men's attitudes toward exercise and physical activity. *Research quarterly*, 39(1):218-219.

MEYERS, C.R. 1974. Measurement in physical education. 2nd ed. New York : Ronald Press.

NEUGARTEN, B.L., *red.* 1968. Middle age and ageing: a reader on Social Psychology. Chicago : University of Chicago Press.

OBERTEUFFER, D. 1977. Concepts and convictions. Washington : AAHPER Research Council.

ONDERWYSBURO. 1955. Evaluerende oorsig van Liggaamsopvoeding-onderrig (1938-1955) in Transvaal met 'n voorgestelde Liggaamlike Opvoeding rationale vir ons openbare skole. Pretoria.

OSGOOD, C.E., SUCI, G.J. & TANNEBAUM, P.H. 1957. The measurement of meaning. Urbana : University of Illinois Press.

OXFORD ENGLISH DICTIONARY. 1978. 4 ed. London.

PAPALIA, D.E. & OLDS, S.W. 1981. Psychology. New York : McGraw-Hill.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. 1988. Jaarboek. Potchefstroom.

RANDALL, J.H. & BUCHLER, J. 1942. *Philosophy: an introduction*. New York : Barnes & Noble.

ROSENBERG, G.S. 1970. *The worker grows old*. San Francisco : Jossey-Bass.

RUDD, T.N. 1967. *Human relations in old age*. London : Faber & Faber.

SAFRIT, M.J. 1973. *Evaluation in Physical Education*. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

SCHOEMAN, S.J. 1963. *Die antropologie van F.J.J. Buytendijk: 'n bydrae tot die wysgerige mensbeeld*. Pretoria. (Proefskrif (D.Phil.) - Universiteit van Pretoria.)

SIGERSETH, P.O. 1951. *Some effects of training upon young and middle-aged men*. *Research quarterly*, 22:77-83, Mar.

SMITH, D.P.J. 1944. 'n Histories-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir Liggaamplike Opvoeding op die openbare skole. Pretoria. (Proefskrif (M.Ed.) - UNISA.)

TALJAARD, J.A.L. 1976. *Polished lenses*. Potchefstroom : Pro Rege.

THOMAS, K. 1971. *Attitudes and behaviour*. Harmondsworth : Penguin.

THURSTONE, L.L. & CHAVE, E.J. 1970. *The measurement of attitude*. Chicago : University of Chicago Press.

TOD

kyk

TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1937. Departementele omsendbrief nommer 18.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1939a. Departementele omsendbrief nommer 10:9. Pretoria.

- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1939b. Departementele omsendbrief
nommer 20:2. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1939c. Departementele omsendbrief
nommer 43:22. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1939d. Departementele omsendbrief
nommer 94:22. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1939e. Departementele omsendbrief
nommer 117:22. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1944. Departementele omsendbrief
nommer 3:23. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1949. Departementele omsendbrief
nommer 2:23. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1953. Departementele omsendbrief
nommer 34:23. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1957. Departementele omsendbrief
nommer 2:25. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1958. Departementele omsendbrief
nommer 2:25. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1966. Departementele omsendbrief
nommer 5:25. Pretoria.
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Departementele omsendbrief
nommer 1:68. Pretoria.
- TRIANDIS, H.C. 1971. Attitude and attitude change. New York : Wiley.
- TUCKMAN, B.W. 1972. Conducting educational research. New York : Harcourt.

- UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT. 1939. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement. Pretoria : Staatsdrukker.
- VAN DER STOEP, F. 1975. Liggaamlikheid in opvoedingsperspektief. *Educa*, 27(3):7-9,11-13, Jun.
- VAN DER WALT, T.S.P. 1980. Meting en evaluering van blanke seuns in Liggaamlike Opvoeding in die sekondêre skool. Potchefstroom. (Proefskrif. (D. Phil.) - PU vir CHO.)
- VAN PEURSEN, C.A. 1964. Filosofiese oriëntasie. 2e uitg. Kampen : Kok.
- VOLLENHOVEN, D.H.T. 1956. Kort oorsig van die geskiedenis van die wysbegeerte vir die kursus pedagogiek M.O.A. Amsterdam : Theja.
- WARD, R.A. 1984. The ageing experience: an introduction to social gerontology. 2nd ed. New York : Harper & Row.
- WARREN, N. & JAHODA, M. 1973. Attitudes. Middelsex : Penquin Books.
- WEAR, C.L. 1951. The evaluation of attitude toward Physical Education as an activity course. *Research quarterly*, 22:114-126.
- WICKER, A.W. 1969. Attitudes vs. actions: the relationship of verbal and overt responses to attitude objects. *Journal of social issues*, 25(4):41-78, Autumn.
- WIERSMA, W. 1972. Research methods in education: an introduction. Illinois : Peacock Publishers.
- WILLEMSE, J.W. 1969. Die invloed van die Sweedes stelsel van formele oefeninge op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)